


# Senwes S

Jaarverslag 09



**ONS VIER  
100 JAAR  
VAN GROEI  
IN LANDBOU**

# SENWES: 100 JAAR VAN FINANSIËLE GROEI

Senwes se eenhonderdste bestaansjaar word vanjaar gevier met die aankondiging van 'n rekord-omset en winssyfer as deel van die winsgewendste jaar in die geskiedenis van dié agri-besigheid.

Die maatskappy het sedert 1909 ten spyte van klimaatstoestande wat wissel, baie ander ekstreme omgewingsfaktore beleef. Daar was die vryemarkte van die pioniersjare, monopolistiese praktyke deur graankopers, die depressie van die 1930's, twee wêreldoorloë, 'n lang tydperk van geregleerde landbou met sy eenkanaal bemarkingstelsel en vanaf die middel 1990's, die vryemark soos ons dit vandag ken.

Met die oog gerig op volhoubaarheid, het die maatskappy egter vele seisoene deurleef en vandag staan hy sy plek vol as 'n toonaangewende rolspeler in die Suid-Afrikaanse landbou. Gerat vir die volgende 100 jaar is Senwes se koördinate visionêr daarop ingestel om die mees geadmireerde agri-besigheid te wees.

## FINANSIËLE TYDLYN: 1909 - 2009

1909 - 1939*	1940 - 1959	1960 - 1982	1983 - 1997	1998 - 2002	2003 - 2009
<b>KOÖPERATIEWE GEGONS</b>	<b>LANDBOU GEDY IN NUWE KOÖPERATIEWE FORMAAT</b>	<b>TEGNOLOGIESE VOORUITGANG IN LANDBOU</b>	<b>SENWES VESTIG AS MARKLEIER IN LANDBOU</b>	<b>STREWE NA GROEI TEEN 'N PRYS</b>	<b>SUKSESVOL OMGEDRAAI EN FOKUS LEWER RENDEMENT</b>
					
<b>Gemiddelde wins vir die tydperk</b>	£78 904	R5,5 m	R56,6 m	(R119,4 m)	R170,9 m
<b>Hoogste wins</b>	£258 640	R21,6 m	R131,0 m	R70,0 m	R368,2 m
<b>Laagste wins</b>	£9 598	R0,05 m	R1,8 m	(R348,0 m)	R56,1 m

BOGENOEMDE SYFERS IS DIE NOMINALE SYFERS EN IS NIE AANGEPAS VIR INFLASIE NIE.

\* Finansiële rekords is nie beskikbaar vir hierdie tydperk nie.



Flitse uit Senwes se geskiedenis oor die afgelope 100 jaar word uitgebeeld in dié korporatiewe DVD.

Die ingeslote DVD bevat die vieringslied, *My Land*, as bonussnit, wat in opdrag van Senwes gekomponeer en verwerk is.

# FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

NETTO WINS (R'm)

110,3%	2009	2008
	368,0	175,0

OMSET (R'm)

46,0%	2009	2008
	11 157	7 640

WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL (sent)

123,4%	2009	2008
	190,3	85,2

KONTANTWINS (R'm)

117,4%	2009	2008
	474,0	218,0

OPBRENGS OP OPENINGSEKWITEIT (%)

21,2%	2009	2008
	43,6%	22,4%

BATE-OMSETSNEELHEID (keer)

35,3%	2009	2008
	4,6	3,4

OPBRENGS OP TOTALE BATES (%)

10,2%	2009	2008
	26,0%	15,8%

EIE KAPITAAL VERHOUDING (%)

10,0%	2009	2008
	45,0%	35,0%

NETTO BATEWAARDE PER AANDEEL (sent)

33,9%	2009	2008
	622,8	465,2

TOTALE RENTEDRAENDE LASTE (R'm)

10,6%	2009	2008
	717,0	802,0

TOTALE DIVIDEND PER AANDEEL (sent)

11,8% DIVIDEND OPBRENGS	14,8%	2009	2008		
		Totale dividend		62	54
		Gewone finale dividend voorgestel		30	14
		Gewone interim dividend betaal		15	10
		Spesiale dividend betaal		17	30

## ANDER HOOGTEPUNTE

**Somer-produksiekrediet groei weselik**

**Beduidende groei in marktaandeel van meganisasie, handelswinkels en graanontvangstes**

**Benutting van positiewe landbousiklus spesifiek ten opsigte van heelwerktuigverkope, insetmiddelle en graanvolumes**

**Ondanks beduidende groei in besigheidsbasis het die balansstaat slegs marginaal gegroei, wat dui op verhoogde effektiwiteit**

# PROFIEL EN STRATEGIE

## PROFIEL

Senwes is 'n landboubesigheid wat op die verskaffing van produksie-insette aan hoofsaaklik graanprodusente, sowel as marktoegang vir landbouproduksie, fokus. Die groep word strategies gekoppel met die verskaffing van waardetoevoegende dienste, wat onder andere finansiering, versekering en landboutegniese dienste insluit.

Sake word hoofsaaklik in die Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Noord-Kaap bedryf. Die groep is ook betrokke in internasionale handel in die SAOG-streek sowel as sekere gedeeltes van Oos-Afrika.

Senwes is 'n breë basis swart ekonomies bemagtigde maatskappy met 34,7% van sy aandele wat deur 'n bemagtigingsmaatskappy, die Bafokeng Konsortium, gehou word en is ook 'n vlak ses BBSEB-bydraer.

## VISIE

Om die mees geadmireerde agri-besigheid in Suid-Afrika te wees.

## STRATEGIE

Senwes se strategie is gefokus op landbouproduksie-insette en benodighede vir graanprodusente sowel as marktoegang vir graan en neweprodunkte na afnemers in Sub-Sahara Afrika.

Die strategie is om 'n deeglike begrip van die markte, die behoeftes van graanprodusente en graanafnemers te ontwikkel ten einde te kan reageer met toepaslike, waardetoevoegende produkte en diensoplossings om sodoende gesonde verhoudings met klante te vestig.

Die strategiese doelwit is om diens aan geselekteerde markte te verbeter deur die volgende:

- Pro-aktiewe verkryging en verskaffing van deurlopende toegang tot graan-kommoditeite deur die ontwikkeling van toepaslike verkrygingstrategieë in samewerking met graanprodusente/-verskaffers en afnemers;
- Die ontwikkeling van produkte, metodologieë en meganismes om risiko by wyse van innoverende navorsing en ontwikkeling te bestuur;
- Die ontwikkeling van finansieringsprodukte en metodologieë, geselekteerde versekeringsprodukte en tegniese advies wat die verhouding met die graanprodusent en afnemer permanent sal vestig;
- Strategiese plasing van bedryfspunte, in ooreenstemming met die behoeftes van die graanbedryf, binne geselekteerde geografiese markte; en
- Die gebruik van die geïntegreerde besigheidsmodel, tegnologiese platform en logistieke vermoëns as hefboom.

Senwes is van mening dat sy werknemers 'n sleutelrol in die volhoubare strategiese sukses van die maatskappy speel en fokus derhalwe op die ontwikkeling van 'n bemagtigende werksomgewing met gepaste leierskap. Sodoende word talentvolle werknemers wat die kernwaardes van die maatskappy sal uitleef, aangetrek, in diens geneem, ontwikkel en behou.

**Senwes se strategie is gefokus op landbouproduksie-insette en benodighede vir graanprodusente sowel as marktoegang vir graan en neweprodunkte na afnemers in Sub-Sahara Afrika**

## KERNWAARDES

Integriteit, aanspreeklikheid, innovering, besigheidsoriëntering, self-motivering en lojaliteit.

# INHOUDSOPGAWE

## BESIGHEIDSOORSIG



4

## VOORSITTERSVERSLAG



10

## VERSLAG VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR



12

## FINANSIËLE OORSIG



21

## FINANSIËLE RESULTATE



38

## ALGEMENE INLIGTING

- 4 Besigheidsoorsig
- 6 Raad van Direkteure
- 8 Uitvoerende Direkteure
- 9 Groepstruktuur

## OORSIG VERSLAE

- 10 Voorsittersverslag
- 12 Verslag van die Besturende Direkteur
- 21 Finansiële oorsig
- 28 Finansiële statistiek
- 31 Vyfjaar-perspektief

## STATUTÊRE STATE

- 33 Verklaring van verantwoordelikheid deur die Direksie
- 34 Verklaring deur die Maatskappysekretaris
- 35 Verslag van die Onafhanklike Ouditeure
- 36 Statutêre direkteursverslag
- 38 Balansstaat
- 39 Inkomstestaat
- 40 Staat van verandering in ekwiteit
- 41 Kontantvloeistaat
- 42 Aantekeninge tot die finansiële state
- 77 Rekeningkundige beleid


## BELANGHEBBENDE VERSLAE

- 86 Korporatiewe beheer-verslag
- 94 Volhoubaarheidsverslag

## AANDEELHOUER INLIGTING


- 103 Aandeelhoudersverslag
- 104 Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering
- 109 Volmagvorm
- 111 Korporatiewe inligting

# BESIGHEIDSOORSIG



## OORSIG VAN BEDRYWE

	KREDIETVERSKAFFING <i>SENWES CREDIT</i>	INSETVERSKAFFING <i>SENWES VILLAGE</i>	MARKTOEGANG <i>SENWES GRAINLINK</i>	DIVERSE ONDERNEMINGS
FOKUS	LANDBOU GEFOKUSDE DIENSTE			AANGRENSENDE DIENSTE EN PRODUKTE
AARD VAN BESIGHEID	<ul style="list-style-type: none"> <li>Finansiering van alle landbou georiënteerde insette</li> <li>Finansiering van medium- en langtermyn bates vir boerdery-doeleindes</li> <li>Finansiering van bemarkte graan deur middel van 'n verskeidenheid van finansieringsprodukte</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verskaffing van insetmiddele aan die landbouprodusent</li> <li>Verskaffing van meganisasioerusting en onderdele asook instandhoudingsdienste aan die landbouprodusent</li> <li>Verskaffing van 'n verskeidenheid van hardeware- en geriefsprodukte</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Skep van marktoegang vir die graanprodusent</li> <li>Verkryging en bemarking van graan</li> <li>Hantering en opberging van graan</li> <li>Logistieke dienste vir die verkryging en verspreiding van graan</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li><b>Wynproduksie</b> Aankoop van druiwe van die produsent, die verwerking daarvan, en die bemarking van verskeie wynprodukte</li> <li><b>Saadverwerking</b> Die verwerking van verskeie saadprodukte</li> <li><b>Versekeringsdienste</b> Verskaffing van verskeie doelgemaakte versekeringsprodukte aan produsenteklante en die algemene publiek</li> <li>Makelaars- en administratiewe dienste</li> </ul>
POSISIONERING	<ul style="list-style-type: none"> <li>Finansieringskakel tussen die landbouprodusent en Senwes se ander bedryfsaktiwiteite</li> <li>Finansieringskakel tussen die graanafnemer en <i>Senwes Grainlink</i></li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ontplooï infrastruktuur en bemarkingstrukture ten einde die produsent te diens ten opsigte van produksie-insette en meganisasierebenodighede</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Logistiek, hantering, storing, verskansing en bemarking – alle dienste verlang tussen die plaashek en die graanafnemer</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Toegevoegde waarde ter ondersteuning van Senwes se kernbedrywighede</li> </ul>
STRATEGIESE DOELWIT	Die daarstel van effektiewe en doelgemaakte finansieringsprodukte ten einde die produsent en die graanafnemer in staat te stel om sy besigheid operasioneel te fundeer	Om die rol van voorkeurverskaffer aan die landbouprodusent ten opsigte van al sy insetbenodighede en meganisasiere met uitnemendheid te vervul	Verbeterde verkrygings- en afnemerstrategie gefokus op verhoogde dienslewering en deelname in tradisionele en alternatiewe markte	Om as waardetoewegende dienste tot beide Senwes se kernbedrywighede en besigheid op aangrensende terreine te ondersteun




FINANSIËLE PRESTASIE

	KREDIETVERSKAFFING <i>SENWES CREDIT</i>			INSETVERSKAFFING <i>SENWES VILLAGE</i>			MARKTOEGANG <i>SENWES GRAINLINK</i>			DIVERSE ONDERNEMINGS AANGRENSENDE DIENSTE EN PRODUKTE		
	2009 R'm	2008 R'm	%	2009 R'm	2008 R'm	%	2009 R'm	2008 R'm	%	2009 R'm	2008 R'm	%
<b>INKOMSTE</b>	161	120	+ 34%	2,208	1,573	+ 40%	8,723	5,902	+ 48%	48	39	+ 23%
<b>WINS VOOR BELASTING</b>	68	44	+ 55%	138	83	+ 66%	349	138	+ 153%	4	3	+ 33%
<b>NETTO BATES</b>	752	479	+ 57%	111	35	+ 217%	249	363	- 31%	(3)	-	- 100%

SENWES GEOGRAFIESE TEENWOORDIGHEID

<b>SENWES CREDIT</b>	
Gesentraliseerde produsente- en graanfinansiering <i>Vrystaat, Noordwes, Gauteng, Noord-Kaap, Wes-Kaap</i>	
<b>SENWES VILLAGE</b>	
Handelswinkels	26
Meganisasie werksinkels	11
Vulstasies	4
Geriefswinkels	3
<i>Vrystaat, Noordwes, Gauteng, Noord-Kaap</i>	
<b>SENWES GRAINLINK</b>	
Graanbergingsfasiliteite	70
Graanverkrygingskantore	23
Verhandelingskantoor	1
Makelaarsdiens	1
<b>Suid-Afrika</b>	
<i>Vrystaat, Noordwes, Gauteng, Noord-Kaap, Wes-Kaap</i>	
<b>Afrika</b>	
<i>Malawi</i>	
<b>DIVERSE ONDERNEMINGS</b>	
Versekering bedieningspunte	13
Wynkelder	1
Saadverwerkingsaanleg	1



# RAAD VAN DIREKTEURE


**JAPIE GROBLER (57)**
**Voorsitter**

Direksielid sedert 1997  
Senwesbel verteenwoordiger

Mnr Grobler beskik oor die grade B.Juris en LLB. Hy is voorsitter van die Standaardekomitee en het ex officio toegang tot alle direksiekomitees.

**DANIE MINNAAR (44)**
**Ondervoorsitter**

Direksielid sedert 1999  
Senwesbel verteenwoordiger

Mnr Minnaar het 'n B.Com-graad. Hy tree op as voorsitter van die Menslike Hulpbronnekomitee en dien ook op die Ouditkomitee en die Standaardekomitee.

**JANNIE ELS (63)**

Direksielid sedert 2000  
Senwesbel verteenwoordiger

Mnr Els beskik oor 'n Landboudiploma en hy dien op die Menslike Hulpbronnekomitee.

**DRIES KRUGER (58)**

Direksielid sedert 2007  
Senwesbel verteenwoordiger

Mnr Kruger se kwalifikasies sluit in B.Compt(Hons) en GR(SA). Hy is ook 'n Professionele Waardeerder en dien op die Ouditkomitee.


**NICO LIEBENBERG (40)**

Direksielid sedert 2008  
Senwesbel verteenwoordiger

Mnr Liebenberg beskik oor 'n B.Com(Hons). Hy dien op die Risikokomitee.

**WH VAN ZYL (67)**

Direksielid sedert 2002  
Senwesbel verteenwoordiger

Mnr Van Zyl tree op as voorsitter van die Risikokomitee en hy dien op die Standaardekomitee.

**JOHAN ALBERTS (66)**

Direksielid sedert 2001  
Onafhanklike verteenwoordiger

Mnr Alberts dien as voorsitter van die Ouditkomitee. Sy kwalifikasies sluit in SSAF, B.Com(Ekon), GR(SA).

**JESMANE BOGGENPOEL (36)**

Direksielid sedert 2008  
Onafhanklike verteenwoordiger

Me Boggenpoel beskik oor die grade B.Com, B.Rek en GR(SA). Sy is 'n lid van die Ouditkomitee.



#### **JACOB MASHIKE (42)**

Direksielid sedert 2006  
Bafokeng Konsortium  
verteenwoordiger

Mnr Mashike het 'n  
B.Sc(Eng) Chem- asook  
'n MBL-graad. Hy dien  
op die Risikokomitee.

#### **MPUELENG POOE (49)\***

Direksielid sedert 2007  
Bafokeng Konsortium  
verteenwoordiger

Mnr Pooe beskik oor 'n  
B.Proc-kwalifikasie en is 'n  
Prokureur van die Hoërhof.  
Hy dien op die Menslike  
Hulpbronnekomitee.

#### **RUDOLF PRETORIUS (47)**

Direksielid sedert 2008  
Bafokeng Konsortium  
verteenwoordiger

Mnr Pretorius het 'n  
B.Compt(Hons) en GR(SA)  
kwalifikasie en dien op  
die Ouditkomitee en die  
Standaardekomitee.

#### **ELMARIE JOYNT (39)**

**Maatskappysekretaris**  
Aangestel in 2002

Me Joynt beskik oor die  
volgende kwalifikasies:  
B.Com(Regte), LLB,  
Prokureur van die Hoërhof,  
FCIS en FCIBM.

#### **\* LUCAS NDALA (34)**

Alternatiewe direkteur vir M.Poee  
Direksielid sedert 2006

Mnr Ndala se kwalifikasies behels  
die volgende: B.Com, PGDM en  
B.Com(Hons), GR(SA).



## UITVOERENDE DIREKTEURE

### FRANCOIS STRYDOM (49)

**Direkteur: Bedryf**

Aangestel in 2001

Mnr Strydom beskik oor B.ScAgric(Hons) (Veekunde). Sy bestuursverantwoordelikheid behels *Senwes Village*, *Senwes Grainlink* en die diverse bedrywe. Hy dien op die Risikokomitee.

### JOHAN DIQUE (53)

**Besturende Direkteur**

Aangestel in 2001

As Besturende Direkteur is mnr Dique verantwoordelik vir die bedryfsaktiwiteite van die groep en vir die ontwikkeling van strategie- en beleidsvoorstelle vir oorweging deur die Direksie. Hy dien op die Risiko-, Menslike Hulpronne- en Standaardekomitee.

Die Korporatiewe Dienste en Sekretariaat/Regsdienste-funksies rapporteer ook aan hom. Hy beskik oor 'n B.Com(Hons)-graad en is 'n geektrooierde rekenmeester.

### STEVEN ALBERTS (43)


**Direkteur: Finansies**

Aangestel in 2005

Mnr Alberts se portefeulje behels Groep Finansies, Tesourie, Interne Oudit en Risikobestuur, *Senwes Credit* en Inligtingstechnologie. Hy beskik oor die grade B.Rek, B.Compt(Hons) en hy is 'n geektrooierde rekenmeester. Hy dien op die Risikokomitee.



# GROEPSTRUKTUUR



# VOORSITTERS- VERSLAG



JAPIE GROBLER

Aanpassing en  
verandering bly die  
norm vir oorlewing en  
groei in landbou

**V**anwaar Senwes in 2009 op die 100-jaar merk staan, neem ons vanjaar 'n geskiedkundige terugblik oor tien dekades waarin hierdie landboumaatskappy wasdom bereik het. As rentmeesters wat dié bates en geleenthede by ons nageslag leen, aanskou ons ook die dagbreek van 'n nuwe tydvak vir 'n veranderde Senwes.

Tyd het geleer dat sentiment oor die verlede alleen, nie voldoende is om die toets van die tyd te deurstaan nie. In die afgelope tien jaar het Senwes waarskynlik die mees drastiese veranderinge van die eeu ondergaan en die maatskappy moes by harde finansiële voorskrifte aanpas.

Vanuit die omdraaiproses in 2000 het Senwes die vlak bereik waar dit vandag waarskynlik in baie opsigte 'n noteerbare eenheid is. Ons is ontvanklik vir amalgamasies en in 'n situasie waar die vlerke gesprei kan word. Terselfdertyd bestaan die diepte om moeilike jare te akkommodeer, want ons is per slot van rekening in landbou.

Senwes se 100-jarige bestaan is opsigself 'n merkwaardige gebeurtenis. Netso indrukwekkend is die feit dat dit die winsgewendste jaar in die geskiedenis van die onderneming is, met 'n rekord-omset van R11,2 miljard en 'n stewige netto wins van R368 miljoen.

'n Maatskappy soos hierdie, wil onbeskaamd erkenning gee aan ons Skepper vir dié klas prestasie. Dit is deur Sy genade dat ons die insig en regte leiding ontvang, met gesonde verhoudinge as voetstuk.

## LANDBOUTOESTANDE

Landbouers kom deur 'n vyfjaar-siklus waarin uitstekende landboujare beleef is. As dit met die landbouer goed gaan, gaan dit met die landboubesigheid goed, want die besigheid is 'n verlengstuk van die produsent. Die vooruitskouing is dat Suid-Afrikaanse produsente 'n surplus sal bly produseer met alle gewasse behalwe koring. Dit gaan goed met landbou in Suid-Afrika en alles dui daarop dat dit vir die volgende vyf jaar ook sal goed gaan.

Skerp stygings in insetkoste het uitsonderlike vereistes aan produsente gestel gedurende die afgelope seisoen, maar is versag deur die bullopie wat kommoditeitspryse gemaak het. Daar is altyd geleenthede vir landboumaatskappye as pryse eskaleer – ook tot voordeel van die produsent. Senwes het die mark reg gelees, aankope betyds gedoen en kommoditeite tydig bemark om sodoende die beste pryse vir Senwes en sy klante te realiseer. Dit het ook die maatskappy in staat gestel om markaandeel te laat groei.

Aanpassing en verandering bly die norm vir oorlewing en groei in landbou. Op plaasvlak gaan meganisering en presisieboerdery in die volgende vyf tot tien jaar tot baie hoër hoogtes gevoer word. Effektiewe bemarking is steeds die kruis van oorlewing, met 'n konstante fokus op die verhoging van produktiwiteit op elke vlak.

Die meerderheid van ons klante het oor die afgelope jare 'n kopskuif gemaak om by hierdie dinamika aan te pas. Dit is veral bemoedigend om te sien dat ons jonger boere dit ook besef en hulle boerdery-ondernemings daarvolgens rig. As daar tye is vir stabilisasie moet 'n mens dit egter raaksien en konsolideer indien nodig. Senwes en produsente sal die gordel stywer moet trek en produktiwiteit sal daadwerklik verhoog moet word.

Senwes verwelkom die aanstelling van die nuwe ministerspaar vir landbou. Terwyl ons twee top persone in Me. Tina Joemat-Pettersson en dr. Pieter Mulder het, word groot veranderinge in landboubeleid nie verwag nie. Voldoende voedsel word deur kommersiële landbou verbou vir die land. Dit sal tot voordeel van die landbou industrie wees as die ministeriële fokus op die verdere implementering van die goeie bestaande landboubeleid, onder andere die sektorplan vir landbou, is sodat die bedryf daarby sal baat vind.

## GROEIGELENTHED

'n Groter en vinniger skuif moet bewerkstellig word in die kommoditeite waarin Senwes handel in lande noord van Suid-Afrika. Infrastruktuur is besig om te herstel en produksie sal optel soos dié lande groei en inwoners se verbruiksgewoontes verander.

Surplusjare bied uitstekende geleenthede vir Senwes. Die surplusse wat uit die plaaslike mark geneem word stut kommoditeitspryse en Senwes se betrokkenheid by uitvoere is ook eindelik tot voordeel van ons aandeelhouders.

Senwes se kernbesigheid is daarin gesetel om “rakspasie” doeltreffend te skep:

1. Vir graan- en kommoditeite – deur ons eie opbergingsnetwerk, in nuwe markte en selfs in ander lande;
2. Vir verskaffers – deur ons winkels en meganisasiebedryfspunte; en
3. Vir finansiering – van ons produsenteklante en rolspelers verder in die waardeketting.

Benewens die verbreding van plaaslike markaandeel is die visier ook daarop gestel om ons “rakspasie” in ander lande en markte te dupliseer en om selfs in die logistiek daarvan betrokke te wees. Die uitdaging is nie om in volgende skakels van die waardeketting betrokke te raak nie, maar om dit waarin ons tans betrokke is tot sy volle konsekwensie te voer.

Effektiewe klantediens, effektiewe onderhandeling met verskaffers en effektiewe “rakspasie” is die bakermat van Senwes se volhoubaarheid en sukses.

## DOELTREFFENDHEID

As voorsitter van Senwes is ek opgewonde oor die span – en oor die geleenthede wat wink. Senwes beskik oor ‘n uitstekende gebalanseerde direksie. Ons het spesialiste in ons topbestuursposse en die totale personeelkorps het teen ‘n fenomenale spoed aangepas om Senwes uit sy verlede uit te presteer.

Skerp finansiële bestuur word toegepas – wat Senwes ten opsigte van deursigtigheid en korporatiewe beheer op dieselfde vlak plaas as genoteerde maatskappye. Die volgende direksiekomitees funksioneer doeltreffend en voeg waarde toe:

- Die Standaardkomitee is verantwoordelik vir die samestelling, evaluering en opleiding van die Direksie;
- Die Ouditkomitee verskaf die gerusstelling ten opsigte van die finansiële besigheidsvoering;
- Die Menslike Hulpbronnekomitee verstaan alle vlakke van personeel en sien toe dat markverwante vergoeding geskied; en
- Die Risikokomitee evalueer en maak aanbevelings rakende bestaande en potensiële probleme vir Senwes op ‘n deurlopende basis.

Senwes kom ook sy verantwoordelikheid na teenoor die samelewing en omgewing. Ons maak ‘n relevante impak op die vlak van sosiale verantwoordelikheid deur te fokus op sportontwikkeling en die ondersteuning van georganiseerde landbou op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak waar dit nie agterweë gelaat word nie.

## TOEKOMSBLIK

Eenhonderd suksesvolle jare agter die rug ten spyte, gaan die momentum wat Senwes in die volgende tien jaar opbou ‘n akkurate aanduiding wees van die reikwydte van die maatskappy in die honderd jaar wat volg.

Ons deel ‘n droom dat Senwes oor tien jaar gereken sal word as die hoogs geadmireerde landbougerigte besigheid met ankers steeds in landbou in Suid-Afrika, maar dat dit dan ook waarde toevoeg vir aandeelhouders in ‘n groter Suidelike Afrika en ander gepaste wêreldlande.



Japie Grobler  
Voorsitter

**‘n Groter en vinniger skuif moet bewerkstellig word in die kommoditeite waarin Senwes handel in lande noord van Suid-Afrika**

# VERSLAG VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR



JOHAN DIQUE

**D**it is vir Senwes 'n uitnemende voorreg om in die eenhonderdste bestaansjaar van die onderneming finansiële resultate af te lewer wat ons strewende om die mees gadmireerde agri-besigheid te wees, komplimenteer. Ons gee hiermee erkenning aan ons voorgangers se harde werk, toewyding en insig en terselfdertyd ook aan ons huidige belanghebbendes.

Die resultaat waarmee die onderneming se eerste eeu afgesluit word, trek die omsetskaal op R11,157 miljard – wat omgesit is in 'n wins van R368 miljoen.



Die gunstige landbouseisoen van die afgelope jaar het die inleiding geskets tot die winsgewendste hoofstuk ooit in die geskiedenis van Senwes. Dit is egter 'n kulminasie van die destydse omdraaiproses, implementering van strategie, fokus, die uitbou van kernbesigheid en die vlak van eienaarskap wat deur personeel aanvaar word, wat hierdie hoofstuk voltooi het met 'n kwantumverbetering in die resultaat as hoogtepunt.

Onderliggende statistiek ten opsigte van die afgelope finansiële jaar dui aan dat die gunstige seisoen se aangeplante hektare akkuraat reflekteer in die resultaat van die handelsbesigheid en die aantal tonne wat deur die silo-infrastruktuur gevloei het. Alhoewel die hektare en deurstet aangeteken 'n geringe styging getoon het, vergelyk die tradisionele besigheid goed met 'n jaar soos die 2003/2004-seisoen. Die finansiële resultaat aangeteken in die res van die finansiële jaar, vertoon egter aansienlik beter.



Vanjaar is dit opnuut bewys dat Senwes se sakesukses ongetwyfeld gesetel is in sy fokus op kernbesigheid en die uitbou en versterking daarvan. Die eer vir hierdie resultate gaan ook aan die personeel vir die uitsonderlike vlak van eienaarskap wat op alle vlakke gedemonstreer word.

Na die omdraaiproses in 2004 afgehandel is, is die strategie geformuleer om te fokus op kernbesigheid, geografiese uitbreiding en die vind van nuwe markte en kommoditeite, met die gewaagde doelwit om die ondernemingswaarde in die bestek van drie jaar te verdubbel – met die verwagting dat die aandaelprys die tendens sal navolg. Aanvanklik was die siening van die insetverskaffings- en marktoegangbedrywe dat so 'n verdubbeling onwaarskynlik sou wees sonder dat die tekort aangevul moes word deur middel van oornames of samesmeltings.

Ten spyte van laasgenoemde (wat nog nie plaasgevind het nie) het dieselfde bedrywe egter deur die uitrol van die sakestrategie en groei van besigheid op eie stoom dié stywe doelwit behaal. Hierdie skitterende prestasie herbevestig Senwes se siening dat die potensiaal wat in ons kernbesigheid opgesluit lê, alle verwagtinge sal oortref.

Senwes se besigheid was tradisioneel wisselvallig met 'n sleur tussen die resultaat gelever deur die graanbesigheid en die handelsbesigheid. Vanjaar het beide besigheidsbene vir die eerste keer op vol kapasiteit presteer, met sterk ondersteuning deur die kredietverskaffingsdivisie.

Daar is groot waardering vir die gehalte van dienslewering, ondersteuning en waardetoevoeging deur Senwes se Korporatiewe Dienstefunksies op alle terreine. Hierdie dienste lewer 'n waardevolle bydrae en tree ook op as bestuurshulpmiddel vir instandhouding en goeie interne en korporatiewe beheer, waarsonder 'n organisasie soos Senwes nie sukses kan behaal nie.

Die maatskappy se handelsmerk het oor die afgelope jaar ook baie aandag geniet. Alhoewel die naam Senwes 'n sterk handelsmerk in die mark is, het die bedryfsafdelings nie oor beskrywende handelsmerke beskik nie. Ten einde die hele groep se beeld op te kikker, het die embleem 'n gesigwas gekry en is drie nuwe sub-handelsmerke vir die kernbesigheidseenhede aangekondig, naamlik *Senwes Credit*, *Senwes Village* en *Senwes Grainlink*.

## SENWES CREDIT

*Senwes Credit* se besigheidsplan is gedurende die jaar onder oorsig só ontplooi dat die debiteureboek baie gesond is en dat marktaandeel per klant uitgebrei is as gevolg van verbeterde diensleweringvlakke en klanteverhoudings.

Die divisie het sy aanslag verander deur meer prominent op die voorgrond te wees, eerder as om reaktief op te tree. Dit het gelei tot die wesenlike uitbreiding van 'n baie gesonde boek, waarvan die risikoprofiel heelwat beter as vorige jare is.



*Gerrit van Zyl (Hoofbestuurder: Senwes Credit), tweede van links, en sy bestuurspan het deur pro-aktiewe optrede en verhoogde sigbaarheid 'n grondslag geskep waaruit 'n wesenlike uitbreiding van die debiteureboek gespruit het.*

*By hom is (van links): Herman Harmzen, Alec Azar, Johan Meiring en Phillip Hollenbach.*

### BELANGRIKE ONTWIKKELINGS

- Verdere momentum is verleen deur gefokusde uitbreiding na geselekteerde gebiede.
- Die finansieringsmodel met gepaardgaande prosesse vir graankopers is geoptimaliseer.
- Die impak van die wesenlike verhoging in insetkoste op die risikoprofiel van die debiteurboek is effektief bestuur.
- 'n Verdere verhoging in markaandeel met verhoogde besigheidspenetrasie per kliënt het binne die tradisionele Senwes gebied gerealiseer.

### BEHALING VAN DOELWITTE

Produksiekredietrekeninge ontvangbaar het met 28,2% toegeneem, maar is op 'n gesonde vlak gehou. Die voorsiening vir swak skuld was gevolglik laer as die doelwit van 0,5% van krediet toegestaan. Die groeidoelwitte is behaal deur toegang te verkry tot nuwe klante en deur klantebesigheid te verhoog, wat weer tot verhoogde winsgewendheid gelei het.

### TOEKOMSFOKUS, VOORUITSIGTE EN VERWAGTINGE

- Kapasiteitskepping moet momentum verleen aan groei-inisiatiewe.
- Die kredietkrisis en verlaagde graanpryse kan tot laer aanplantings aanleiding gee. Hierdie faktore, sowel as verlaagde insetkoste, sal moontlik die groei van die boek onderdruk.
- Optimalisering van die finansieringsmodel van Senwes Batefinansiering en gepaardgaande betekenisvolle groei van die betrokke boek.

### SENWES VILLAGE

Die gefokusde dryf binne die besigheidseenheid om klante te diens, het gesorg dat die markaandeel per klant vanjaar uitgebrei is. Nuwe geografiese gebiede waartoe in vorige jare toegang verkry is, is ook baie goed gediens. *Senwes Village* se resultaat het 'n hupstoot gekry, wat toegeskryf kan word aan die strategiese aankoop van insetmiddele en die gunstige siklus wat ten opsigte van heelwerktuigverkope ervaar is.

*Deur 'n gefokusde dryf om klante te diens het Senwes Village vanjaar gesorg dat markaandeel per klant uitgebrei het.*

*Village se bestuurspan bestaan uit (voor): Jan Coetzee (Kleinhandel), Frans du Plessis (Hoofbestuurder: Senwes Village). Agter staan Marlo Kotze (Finansies) en Sarel Greyling (Meganisasie).*



### BELANGRIKE ONTWIKKELINGS

- Die outonome handelsmerk, *Senwes Village*, is suksesvol gevestig gedurende die jaar.
- Die positiewe landbousiklus van die afgelope jaar het die winsgewendheid van die strategiese besigheidseenhede bevorder.
- Die uitstekende resultate van die insetbeen is 'n direkte gevolg van verhoogde besigheidsvolumes en is 'n aanduiding van die vordering wat gemaak is ten opsigte van klanteloyaliteit.

- 'n Opleidingsprogram vir takbestuurders is gedurende die jaar uitgerol en verskeie ander SEB-doelwitte is behaal.
- Senwes het die hoogste John Deere eenheidverkoopsyfers van enige enkele handelaar in die Suidelike Halfrond behaal.
- Verskeie takke is opgegradeer om 'n verbeterde koopervaring aan die produsent, wat die hoofokus van Village is, sowel as aan die stedelike klant, te bied.
- *Senwes Village Quick Serve* kiosks is by vulstasies gevestig.
- Beduidende groei in markaandeel is behaal in alle strategiese produkkategorieë van die besigheid.

## BEHALING VAN DOELWITTE

### Kleinhandel

Fokus op nuwe besigheidsontwikkeling het momentum gekry, veral ten opsigte van die omskakeling van kruidenierswinkels, *Quick Serve* kiosks en tenderbesigheid, wat sukses verhoog het. Klante-tevredenheid het verbeter weens opleidingsprogramme en terugvoering aan bestuur. Produkbesikbaarheid het ook verbeter en verhoogde verkoopsyfers bevestig die sukses van die program. Produkkennis op alle vlakke het aandag geniet in samewerking met verskaffers en verskeie opleidingsprogramme is voltooi.

### Direkte Insetbemarking

Hoër volumes insetvoorraad is die afgelope jaar deur die store verkoop as uitvloeisel van die goeie besigheidsverhoudinge tussen *Senwes Village* en sy verskaffers. Dit het tot verhoogde markaandeel in hierdie spesifieke besigheidsarea gelei. Addisionele insetbemarkers is in nuwe gebiede aangestel en in tradisionele gebiede behou in die strewende na geografiese uitbreiding en verbeterde klanteverhoudings.

### Meganisasie

Die doelwit om Meganisasie op 'n volhoubare vlak te kry, is oorskry en alle afdelings het bo-gemiddelde winste vir die jaar gelewer. Alhoewel verkoopsvolumes van heelgoedere na verwagting sal afneem gedurende die jaar, sal hierdie besigheidseenheid steeds winsgewend wees in die komende jaar. Markaandeel is bevredigend verhoog en die totale diensaanbod sal uitgebrei word in die nuwe finansiële jaar. Klante-tevredenheidsopnames het verbeterde klante-tevredenheid bevestig. Ten einde tegniese ondersteuningskapasiteit te verhoog, is meer gekwalifiseerde werktuigkundiges gekontrakteer. Bestuur het ook in samewerking met die John Deere Akademie 'n program geloods waarvolgens leerling- werktuigkundiges aangestel en opgelei word as toekomstige werktuigkundiges. Optimalisering van voorraadvlakke is behaal deur die implementering van 'n model gedurende die jaar wat die beskikbaarheid van voorraad vir toonbankverkope en werksinkels verbeter.



Die doelwit om Meganisasie op 'n volhoubare vlak te kry, is oorskry en alle afdelings het bo-gemiddelde winste vir die jaar gelewer

## TOEKOMSFOKUS, VOORUITSIGTE EN VERWAGTINGE

### Kleinhandel

- Suksesvolle uitrol van die *Senwes Village* waardeproposisie.
- Opgradering van strategiese handelstakke.
- Verbeterde diensaanbod en toegevoegde waarde.
- Uitbreiding van produkreeks en verbetering van kwaliteit.
- Fokus op naverkoopsdiens.
- Uitbreiding van markaandeel.
- Uitbreiding van produk- en diensaanbod.
- Vestiging van nuwe besigheidseenhede in gebiede van strategiese belang.
- Optimalisering van voorraadvlakke en produkreekse.
- Verbeterde risikobestuurspraktyke.
- Fokus op kwalitatiewe aspekte van die besigheid.

### Direkte Insetbemarking

- Bevorder uitbreiding van markaandeel deur verbeterde verhoudings met strategiese verskaffers.
- Kapitaliseer verder op die strategiese geleentheid om 'n betekenisvolle rolspeler as groot- en kleinhandelaar te word.
- Verbeter klanteverhoudinge deur waardetoevoegende dienste.
- Verdere uitbreiding van geografiese gebied.

### Meganisasie

- Handhaaf uitbreiding van markaandeel.
- Handhaaf winsgewendheid.
- Ondersoek verdere geografiese uitbreidingsgeleenthede.
- Streef na uitnemende klantediens.
- Optimalisering van voorraadvlakke.
- Bou wêreldklas tegniese vermoëns.
- Produkte en dienste wat waarde toevoeg tot presisieboerderypraktyke.

*Die groep se diverse bedrywe behels die produksie van wyn en versekeringsdienste. Deon Truter (Hartswater Wynkelder), links, en Dawie Barnard (Univision Financial Services) bespreek die feit dat beide besigheidseenhede vanjaar stabiele groei getoon het.*



## SENWES GRAINLINK

Die sogenaamde tradisionele graanbesigheid van opberging en bemarking het 'n uitstekende resultaat gelewer, gegewe die volumes wat hanteer is. Dié resultaat het die basis gelê vir die uitbreiding van markte en uitvoere teen die einde van die boekjaar deur *Grainlink International* – die handelsmerk waaronder internasionale besigheid bedryf word.



*Die tradisionele graanbesigheid se uitstekende resultaat het die basis gelê vir die uitbreiding van internasionale besigheid.*

*Pieter Esterhuysen (Hoofbestuurder: Senwes Grainlink), links voor, gesels strategie met sy bestuurspan. Agter van links: Gerard van Zyl (Nuwe Besigheidsontwikkeling), Andrew Martalas (Grainlink International), André Erasmus (Graanbedryf), Wikus Grobler (Finansies en Administrasie) en Christo Booyens (Graanbemarking).*

## BELANGRIKE ONTWIKKELINGE

- Baie lae openingsoordragvoorraadvlakke aan die begin van die jaar, sowel as ondergemiddelde oordragvoorraadvlakke op jaareinde.
- Bo-gemiddelde graanvolumes is ontvang en die benutting van silokapasiteit het marginaal verbeter. Die tendens van verhoogde gemiddelde produksieopbrengs duur voort.
- Verhoogde plaaslike en Afrika vraag na mielies het aanleiding gegee tot 'n bo-gemiddelde uitlaaitempo gedurende die jaar.
- Oesprofiel in terme van ligging, volume en kwaliteit het aanleiding gegee tot 'n verskeidenheid voorraadbestuursgeleenthede.
- Relatiewe markpryse het prysbestuursgeleenthede geskep.
- Interne ontwikkeling van stelsels en prosedures het beter kontrakbestuur tot gevolg gehad, sowel as aansienlike rentebesparings, minder dispute en verbeterde margebestuur.
- 'n Spesialiteitsprodukprojek is uitgebrei en het 'n aansienlike bydrae tot die wins gelewer.
- Verhoogde kompetisie is ervaar ten opsigte van verskillende alternatiewe opbergingsinisiatiewe. *Grainlink* se strategiese opbergingsstrategie ondersteun die vestiging van 'n nasionale voetspoor, *Grainlink* se relatiewe posisie in 'n hoogs kompeterende omgewing dra by tot die inkomstebasis van die besigheid.
- Logistieke kapasiteit word toenemend 'n sleutelbemaagtiger vir groei.
- Verhoogde kompetisie en die ekonomiese afswaai het die mark met 'n oorvoorsiening ten opsigte van kapasiteit gelaat, wat laer vervoerkoste tot gevolg gehad het.
- Finansiële markwoelinge het aanleiding gegee tot skerper fokus op die bestuur van Graan-debiteurerekening, asook tot 'n uitdagende omgewing vir die finansiering van kopers. Verhoogde internasionale fokus op voedselsekureit en Afrika as relatief ongebruikte voedselproduksie-alternatief fokus meer internasionale aandag op dié kontinent en veral op die SAOG. Hierdie tendens het belangrike mededingingsimplikasies vir die streek maar bied terselfdertyd aantreklike geleenthede vir agri-besigheid.

- Die vestiging van *Grainlink International* het die deur vir Senwes oopgemaak tot die internasionale sagtekommoditeitsmark en het reeds beduidend bygedra tot die winsgewendheid van *Grainlink*.

## BEREIKING VAN DOELWITTE

### Silobedryf

Die fokus op spesialiteitsprodukte het goeie resultate gelewer en goeie premies is verkry uit verhoogde transaksievolumes. Daar word sterk gesteun op die metode wat ontwikkel en geïmplementeer is om maalkwaliteitgraan te isoleer. Twee nuwe besigheidseenhede is in bedryf gestel om die besigheid se voetspoor uit te brei en 'n navorsingsprojek is onderneem om wintergraan in alternatiewe strukture te berg. Die inname van vogtiger graan en toepaslike droging daarvan het aanleiding gegee daartoe dat graan vroeër in die mark beskikbaar was, met gevolglike hoër marges. Bewese deurlugtingspraktyke is verbeter deur verhoogde beleggings by sekere fasiliteite, wat kapasiteit, vermoëns en graansekuriteit verbeter het. Gevorderde graderingstechnologie is geïmplementeer en skerper fokus op klantediens het positiewe resultate gelewer.

### Graanbemarking

*Grainlink* het nie alleen sy marktaandeel in die tradisionele gebied behou nie, maar het dit selfs ietwat uitgebrei. Nuwe verkrygingstrukture is uitgebrei na Bethlehem, Hoopstad, Lichtenburg en Vereeniging. Onderhandelinge met 'n nasionale logistieke maatskappy is in 'n gevorderde stadium, wat die logistieke kapasiteit van *Grainlink* sal verhoog. Deur te fokus op die uitbreiding van plaaslaai en meuldeurtransaksies tydens geselekteerde periodes, kon effektief met opposisiemaatskappye meeding word en *Grainlink* was in staat om sy marktaandeel te behou. Die uitbreiding van *Grainlink* se aktiwiteite na Sub-Sahara Afrika het vereis dat sleutelvaardighede gewerf moes word en 'n proses word gevolg om meer personeel te werf en infrastruktuur te vestig. 'n Aantal uiters winsgewende uitvoertransaksies is gedurende die jaar gesluit. Innoverende nuwe produkte is ontwikkel en suksesvol aan ons klantebasis bemark, wat boerderybestuursmodelle, logistieke oplossings en finansieringsprodukte insluit. Risikobestuur, veral die risiko van nie-lowering ten opsigte van graankontrakte en die impak van rente op Safex marges, is tot 'n groot mate geneutraliseer deur verlaagde kommoditeitspryse en geen afskrywings was derhalwe nodig nie. Verskeie platforme is as hefboom gebruik, soos *Senwes Mobi*, om effektiewe kommunikasie met ons klantebasis daar te stel en om verhoudings te verbeter. Ten einde dienslowering te ontwikkel en te verbeter, is prioriteitsaandag aan opleiding op verskeie vlakke verleen.

Gepaste geleenthede kan ons sukses verhoog en ook verdere veredeling van aandeelhouderswaarde tot gevolg hê



## TOEKOMSFOKUS, VOORUITSIGTE EN VERWAGTINGE

### Algemeen

- Daar word voortgegaan met die vestiging van 'n *Senwes Grainlink* voetspoor in die breër Suid-Afrika en Suidelike Afrika Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG).
- Die finalisering van die vestiging en volle integrasie van *Grainlink International*.
- Voortgesette fokus op en uitbreiding van spesialiteitsprodukteprojek.
- Vestiging van 'n gespesialiseerde massa graanlogistieke onderneming, wat op 'n nasionale basis dienste verskaf.
- Uitbreiding van alternatiewe hanterings- en bergingsaktiwiteite.
- Verdere ontwikkeling en verfyning van inligtingstelsels, tegnologiese platforms, beleide en prosedures om 'n eerste-klas besigheid- en groeistrategie te ondersteun.
- 'n Bo-normale oes word verwag, wat beteken dat voldoende graan beskikbaar sal wees vir hantering, berging en verhandeling.

### Silobedryf

- Bied toepaslike bergingsfasiliteite vir spesialiteitsprodukte om in die aanvraag te voorsien.
- Fokus op unieke markbehoefes en behoeftes van spesifieke klante en dienooreenkomstige uitbreiding van die produk- en diensaanbieding.
- Ontwikkel innoverende tariefstrukture wat verhoogde kompetendheid tot gevolg sal hê en wat rente-effektief sal wees.
- Vestig addisionele bergings- en deurvoerstrukture in SA en SAOG as deel van *Grainlink* se groeistrategie.
- Onderneem spesiale projekte om klantediens te verbeter.
- Tegnologiese verbetering met die oog op verbeterde bedryfseffektiwiteit en risiko-bestuur.
- Belê in toerusting wat die graanleweringstydperk sal vergroot en die bemarkings- en leweringsopties van die klant sal verbeter.
- Brei inligtingstelsels sodanig uit dat dit die akkuraatheid van oesskattings en monitering van voorraad sal verbeter.
- Navorsingsprojekte om verskillende alternatiewe bergingsopsies onder verskillende toestande te toets.

### Graanbemarking

- Behou en vergroot markaandeel ten opsigte van produsente wat *Senwes* as voorkeur opbergingsdiensverskaffer gebruik.
- Brei markaandeel uit in die Suid-Afrikaanse meuldeurbesigheid.
- Optimaliseer bemarkingsgeleenthede by wyse van alternatiewe opberging op 'n nasionale en streeksbasis.
- Fokus op die ontwikkeling van die mark vir spesialiteitsprodukte.
- Finaliseer *Grainlink* se kapasiteitsuitbreiding ten einde die besigheid in staat te stel om graan of oliesade op 'n nasionale basis te verkry.
- Ontwikkel toegang tot internasionale graan-, oliesade- en/of neweprodukbronne.
- Brei markaandeel uit ten opsigte van Sub-Sahara graan, oliesade en/of neweprodukte.
- Optimaliseer stelsels, prosedures en beleide ten einde die groeistrategie effektief te ondersteun en die besigheid te bemagtig in 'n aanvaarbare risiko-omgewing.
- Verbeter logistieke kapasiteit sowel as finansieringsprodukte vir afnemers.
- Gebruik verskillende gesamentlike ondernemingsvorme indien sodanige inisiatiewe tot *Grainlink* se groeistrategie sal bydra.
- Werf, behou en ontwikkel talentvolle entrepreneurs.

## TOEKOMSVERWAGTING

*Senwes* beplan om voort te bou op die nuwe basis wat nou gevestig is en wat bestaan uit bedryfseffektiwiteit op uitstaande vlak, mededingendheid van pryse en diens asook skerper fokus en aanvaarding van eienaarskap deur personeel.

Gepaste geleenthede wat beide geografiese- en kommoditeitsuitbreiding bied, kan ons sukses verhoog en ook verdere veredeling van aandeelhouerswaarde tot gevolg hê. Ten spyte daarvan dat ons grootste enkele risiko 'n hardnekkige droogte is wat

graantekorte kan veroorsaak en produksielenings agterstallig kan laat, is die maatskappy sodanig gestruktureer dat die wisselvalligheid van klimaat en opbrengste tot 'n groot mate die hoof gebied kan word.

*Korporatiewe Dienste fokus op dienslewering, ondersteuning en waardetoevoeging tot kernbesigheid.*

*Van links: Joe Maswanganyi (Hoofbestuurder: Korporatiewe Dienste), Johan du Toit (Landboudienste), Sizwe Magagula (Talent- en Leierskapsontwikkeling), Corné Kruger (Groep Finansies en Tesourie), Johan Grobler (Korporatiewe Bemaking), Martin van Zyl (Inligtingstechnologie) en Alf White (Interne Oudit en Risikobestuur). Regs voor is Elmarie Joynt (Sekretariaat en Regsdienste) en Henco de Jager (Menslike Hulpbronne)*



## ERKENNING

Ek wil my dank uitspreek en terselfdertyd ook my gelukwensing oordra aan die volgende groeperinge:

- Die Direksie, vir besondere leiding, uitstekende gehalte van korporatiewe regering en ondersteuning van Bestuur in die uitvoer van strategie;
- Bestuur op alle vlakke van die organisasie vir harde werk en toewyding om van stywe doelwitte 'n sukses te maak;
- Personeel, vir hul toegewyde diens en in besonder vir die mate van eienaarskap wat hulle neem om ware Senwesters te wees;
- Ons klante, vir hul volgehoue ondersteuning;
- Verskaffers, vir volgehoue vennootskappe en besigheidsverhoudings; en
- Alle ander belanghebbendes wat saam met Senwes as korporatiewe burgers 'n sukses maak.

Dit is in erkentlikheid aan 'n Hoër Hand dat Senwes hierdie eeufeeshoofstuk afsluit, met spontane en volgehoue erkenning van ons afhanklikheid van Sy krag en leiding.

Johan Dique  
Besturende Direkteur

# FINANSIËLE OORSIG

**S**enwes kondig met trots 'n uitstekende resultaat aan wat in die honderdste bestaansjaar behaal is. Onderstaande inligting illustreer duidelik die merkwaardige resultaat en die groei wat vanjaar gerealiseer is:

## ALGEMENE OORSIG

R'm	2009	2008	% verandering
Inkomste	11 157	7 640	+ 46%
Wins uit bedrywighede	648	350	+ 85%
Finansieringskoste	(126)	(126)	-
Netto wins	368	175	+ 110%
Kontantvloei uit bedrywe	744	438	+ 70%
Kontantwins	474	218	+ 117%
Dividende betaal (kontantvloei)	(83)	(103)	+ 19%
Bedryfskapitaal kontantuitvloei	(290)	(348)	+ 17%
Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite	46	(233)	+ 120%
Rentedraende finansiering (lang- en korttermyn)	717	802	- 11%
Bedryfsbates	2 070	1 998	+ 4%
Netto bedryfskapitaal	1 125	545	+ 106%
Verdienste per aandeel (sent)	203	96	+ 111%
Wesensverdienste per aandeel (sent)	190	85	+ 124%
Netto batewaarde per aandeel (sent)	623	465	+ 34%
Verhandelingsprys op jaareinde (sent)	550	525	+ 5%

## OORHOOPS

Inkomstegroei van 46% het deels geskied vanweë die effek van die inflasionêre omstandighede wat geheers het gedurende 'n groot deel van die finansiële jaar en dus impak gehad het op beide insetkoste van produsente en kommoditeitspryse. 'n Wesenlike deel van die groei is egter toeskryfbaar aan die beduidende toename in volume graan deurset en verhandel (+ 37%) asook die toename in die meganisasieverkope. Heelwerktuie se eenhede verkope (SAAMA) het gedurende die finansiële jaar in totaal in Suid-Afrika toegeneem met 34% teenoor die vorige jaar weens die positiewe investeringsiklus van produsente en is beleef geoor die bedryf.

Senwes het desnieteenstaande daarin geslaag om ook sy markaandeel met betrekking tot heelwerktuie met bykans 7% te groei. Nuwe inisiatiewe is ook aangepak in verskeie nuwe markte – wat wesenlik bygedra het tot wingewendheid. Een hiervan is die sukses wat behaal is deur die internasionale handel in graan deur *Grainlink International* wat by wyse van uitvoere en internasionale handel in kommoditeite ander markte benut het. Hierdeur is die waardeketting waarin Senwes deel verbreed.

Gegewe al hierdie positiewe omstandighede het die bedryfswins met 85% gestyg tot R648 miljoen. Ondanks die verhoogde besigheidsbasis, beide vanweë pryse en volume besigheid, het die finansieringsrekening konstant gebly weens effektiewe balansstaatbestuur. Dit word duidelik geïllustreer deur die bate-omsetsnelheid verhouding wat gestyg het vanaf 3,4 keer per jaar na 4,6 keer per jaar. Hierdie verhoogde effektiwiteit tesame met die verhoogde besigheidsbasis het neerslag gevind in die netto winssyfer van R368 miljoen, wat dui op meer as verdubbeling van die vorige jaar se syfer.



STEVEN ALBERTS

Nuwe inisiatiewe is ook aangepak in verskeie nuwe markte – wat wesenlik bygedra het tot winsgewendheid

Verhoogde winsgewendheid het ook positiewe impak gehad op die kontantvloei gegeneer deur die bedrywighede en R744 miljoen positiewe kontantvloei is gegeneer. Soos in die vorige finansiële jaar het die groter besigheidsbasis (pryse en volumes) vereis dat kontant geïnvesteer word in die bedryfskapitaal van die organisasie (debiteure en voorraad) en R290 miljoen is vanjaar hierin belê. Dit alles tesame het aanleiding gegee daartoe dat Senwes se totale netto kontantvloeiposisie vir die jaar marginaal met R46 miljoen positief kon afsluit voordat langtermyn finansieringsaktiwiteite in ag geneem word.

Bogenoemde wek opsigself nie kommer nie vanweë die feit dat dit dikwels die gevolg is van 'n bedryf wat organies groei. Daar moet ook in gedagte gehou word dat Senwes se besigheidsmodel grootliks kredietgedrewe is (produsentekrediet asook graanafnemers) en dat kommoditeitsprysvlakke ook 'n groot impak het op voorraadvlakke. Dus sal positiewe besigheidsiklusse goeie netto resultate lewer, maar dit kom dikwels teen die prys van groter investering in die balansstaat. Die bedryfsbates het gevolglik gegroei.

Senwes beoefen baie streng risikobestuurspraktyke wat betref kredietbestuur en die groei in die debiteureboek is voltrek op baie gesonde basis. Die gemiddelde kwaliteit klante (waarderingsvlakke) het positief toegeneem en die versekureringvlakke het verhoog. Risikobestuur met betrekking tot voorraadbestuur is ook een van die areas wat spesifieke aandag geniet en waarmee Senwes uitstekende vordering gemaak het die afgelope aantal jare. Netto bedryfskapitaal het 'n buitengewone groei getoon vanweë die feit dat 'n deel van die fundering verskuif is vanaf korttermynfinansiering na langtermynfinansiering (R350 miljoen).

Die aandeelhouer se verdienste per aandeel het meer as verdubbel na 203 sent per aandeel. Beduidende waarde is geskep vir die aandeelhouer en die netto batewaarde per aandeel het met 34% toegeneem terwyl die verhandelingsprys nog nie die volle groei verdiskonteer het nie met slegs 5% groei tot jaareinde. Gegewe die ekonomiese toestande van toepassing in die aandelemark wat oor die algemeen 40% gedaal het, is hierdie vertoning egter prysenswaardig. Gemeet teenoor die prysverdiensverhouding is die aandeelprys nie op die werklike intrinsieke waarde nie.

### INKOMSTESTAAT OPGESOM

R'm	2009	2008	% verandering
<b>Inkomste</b>	<b>11 157</b>	<b>7 640</b>	<b>+ 46%</b>
<b>Bruto wins</b>	<b>1 253</b>	<b>927</b>	<b>+ 35%</b>
<b>Bruto winsmarge</b>	<b>11,2%</b>	<b>12,1%</b>	
<b>Kostestruktuur – distribusie-, verkoops-, administratief</b>	<b>(605)</b>	<b>(577)</b>	<b>+ 4,9%</b>
<b>Wins uit bedrywighede</b>	<b>648</b>	<b>350</b>	<b>+ 85%</b>
<b>Beleggingsinkomste</b>	<b>4</b>	<b>26</b>	<b>- 85%</b>
<b>Finansieringskoste</b>	<b>(126)</b>	<b>(126)</b>	<b>-</b>
<b>Belasting</b>	<b>(158)</b>	<b>(75)</b>	<b>+ 111%</b>
<b>Effektiewe belastingkoers</b>	<b>30,1%</b>	<b>30,3%</b>	
<b>Netto wins na belasting</b>	<b>368</b>	<b>175</b>	<b>+ 110%</b>
<b>Toeskryfbaar aan aandeelhouers</b>	<b>367</b>	<b>173</b>	<b>+ 112%</b>
<b>Verdienste per aandeel (sent)</b>	<b>203</b>	<b>96</b>	<b>+ 111%</b>
<b>Wesensverdienste per aandeel (sent)</b>	<b>190</b>	<b>85</b>	<b>+ 124%</b>

### INKOMSTESTAAT ANALISE



Die verhoogde inkomste vanuit heelwerktuigverkope het gelei tot 'n positiewe verkoops-mengsel afwyking met gevolglike positiewe impak op bruto wins marges in die *Village* besigheidseenheid wat insette verhandel. Die relatiewe toename van lae marge graankommoditeite besigheid in die *Grainlink* besigheidseenheid het egter die totale netto marge laat verlaag. Kostestrukture se groei is beperk tot 4,9% en stygings is veral toeskryfbaar aan die effek van bo-normale inflasie van vervoerkostestygings.

Gedurende die voorafgaande finansiële jaar was likiditeit problematies met betrekking tot kort kennisgewing bewegings wat deur die hoof finansierder, Land Bank, hanteer moes word en laasgenoemde nie in staat was om groot bedrae op die korttermyn beskikbaar te stel nie. Gevolglik is addisionele kontant beskikbaar gehou in kort kennisgewing beleggingsinstrumente ten einde likiditeit te bestuur. Dit het dus verlede jaar beleggingsinkomstestrome tot gevolg gehad. Vanjaar was hierdie probleem nie van toepassing nie en gevolglik is geen beduidende beleggingsinkomste verdien nie.

Die balansstaat het op vlakke vertoef wat ooreenstem met dié van die vorige jaar. Dit het daartoe gelei dat finansieringskoste op dieselfde vlakke gehandhaaf kon word ten spyte van verhoogde besigheidsvlakke. Die balansstaateffektiwiteit is daardeur verder verhoog en die pas van die balansstaat-omset het sodoende verhoog.


### SEGMENTE ANALISE

Goeie oeste gedurende die jaar het daartoe aanleiding gegee dat volumes graan beskikbaar beduidend toegeneem het teenoor die vorige jaar wat gelei het tot inkomstegroei in die *Grainlink* divisie van 48% en het totale inkomste van die divisie op R8,7 miljard te staan laat kom. Hiervan beloop berging en hantering R305 miljoen terwyl die kommoditeitsverhandeling en finansiering van afname van produk die res opmaak. Kommoditeitspryse het op winsgewende vlakke vertoef gedurende planttyd wat die koopkrag van produsente positief gestimuleer het en vraag verhoog het terwyl inflasionêre toestande die pryse van insette wesenlik laat styg het.




### SEGMENTE ANALISE

#### INKOMSTE PER SEGMENT



- Grainlink 77%
- Village 20%
- Credit 2%
- Ander 1%

#### BEDRYFSWINS PER SEGMENT



- Grainlink 62%
- Village 25%
- Credit 12%
- Ander 1%

**Grainlink het veral by wyse van nuwe besigheidsinisiatiewe soos Grainlink International groot waarde toegevoeg tot die resultaat**

Tesame met marktaandeelgroei het dit aanleiding gegee tot die groei in inkomste van *Village* van 40% na R2,2 miljard. Gevolglik het die resultaat van die divisie ook beduidend met 66% toegeneem na R138 miljoen. Veral die Meganisasie afdeling het puik presteer en kon daarin slaag om deur goeie dienslewering en kompeterende pryse die positiewe omgewingsfaktore en besigheidsiklus te benut.

*Grainlink* het veral by wyse van nuwe besigheidsinisiatiewe soos *Grainlink International* groot waarde toegevoeg tot die resultaat deur betrokkenheid in die uitvoermark en het hierdeur die voordeel van internasionale markte ontsluit vir die produsent.


## BALANSSTAATBESTUUR EN KONTANTVLOEI

### BEDRYFSKAPITAAL (R'm)

	2009	2008	% verandering
Vorraad	619	734	- 16%
Bedrae ontvangbaar	1 451	1 229	+ 18%
Krediteure en voorsienings	(577)	(650)	- 11%
Netto bedryfsbates (uitgesluit rentedraende finansiering)	1 493	1 313	+ 14%
Netto bedryfsbates (uitgesluit rentedraende finansiering) as persentasie van inkomste	13,4%	17,2%	

### TOTALE BALANSSTAAT (R'm)

	2009	2008	% verandering
Totale bates	2 503	2 375	+ 5%
Totale gemiddelde bates	2 439	2 249	+ 8%
Inkomste/Totale gemiddelde bates	4,6	3,4	




Die groei in die besigheidsbasis, toename in insetpryse en hoër kommoditeitsvlakke en -pryse gedurende die eerste helfte van die jaar waarna dit verlaag het weens dalende kommoditeitspryse en graanvoorrade. Die positiewe besigheidsiklus van die *Village* besigheidseenheid het aanleiding gegee tot spesifiek die bedrae ontvangbaar wat met 18% toegeneem het.

Op netto basis is die toename 11% weens daling in krediteure en voorsienings. Uit 'n effektiwiteitsoogpunt was die styging in balansstaat relatief tot die styging in inkomste minder, die netto bedryfskapitaal as persentasie van inkomste is laer en die totale omdraai van die balansstaat het verhoog gevolglik na 4,6 keer.


**KONTANTVLOEI (R'm)**

	2009	2008	% verandering
Kontantwins	474	218	+ 117%
Bedryfskapitaal kontantvloei	(290)	(348)	+ 17%
Netto beleggingsaktiwiteit kontantvloei	(55)	-	- 100%
Dividende betaal	(83)	(103)	+ 19%
Netto kontantvloei voor finansieringaktiwiteit	46	(233)	+ 120%



Soos afgelei uit bogenoemde is daar weens die toename in winsgewendheid (netto kontantwins na rente en belasting) 'n beduidende toename hieruit voortgebring en het hierdie syfer met 117% gestyg. Die vorige jaar het 'n spesiale dividend van 30 sent per aandeel ingesluit, terwyl daar in lyn met die huidige ekonomiese toestande meer konserwatief dividende verklaar is maar steeds met 'n spesiale dividend van 17 sent per aandeel. Dit het kontantvloei in dividende in vergelyking met die vorige jaar 19% positief beïnvloed.

Hoewel addisionele investering in die balansstaat hoog is (teen R290 miljoen in absolute terme) is dit relatief laag en kontantvloei het gevolglik met 17% verbeter teenoor die vorige jaar.




Vanjaar is R55 miljoen kontant gespandeer ten einde uitstaande kapitaalwerke aan te pak wat onder andere insluit opgraderingswerke by bedryfspunte (beide silo's en handelswinkels). Ander projekte het ook betrekking op die hoofkantoorgebou waar die lugversorgingstelsel vervang is met 'n elektrisiteit-doeltreffende stelsel.


### FINANSIERINGSKOSTE EN SOLVENSIE (R'm)

	2009	2008	% verandering
Totale finansieringskoste betaal	(126)	(126)	-
Totale finansieringsinkomste	161	120	+ 34%
Netto finansieringsinkomste/(koste)	35	(6)	+ 683%
Rentedekking (keer)	5,4	3,2	

### BALANSSTAAT SAMESTELLING




### EIE KAPITAAL VERHOUDING



Ongeveer 58% van die balansstaat word geïnvesteer in kredietverskaffingsaktiwiteite. Vanjaar is op netto basis meer rente verdien as spandeer aan eksterne finansiers vanweë die verbeterde eie kapitaal verhouding van 45%.

Die balansstaat het vertoef binne die doelwitgestelde vlakke van handhawing van 'n eie kapitaal verhouding van tussen 35% en 45%. Op hierdie vlakke word 'n gebalanseerde hefboomverhouding gebruik ten einde waarde te skep vir die aandeelhouer sonder om die risikoprofiel van die onderneming uitermate bloot te stel aan te veel geleende fondse. Die mees konserwatiewe verhouding die afgelope jaar neem die globale kredietkrisis in ag en handel meer omsigtig gegewe omgewingsfaktore wat groter konserwatisme vereis.

### RENTEDEKKING




### AANDEELHOUSWAARDE


Die aandeelhouers het vanjaar spesifiek voordeel getrek by wyse van verdienste per aandeel van 203 sent per aandeel wat meer as 'n verdubbeling van die vorige jaar se 96 sent verteenwoordig. 'n Totale dividendstroom van 62 sent per aandeel verteenwoordig 'n gesonde dividendopbrengs van 12% op die algemene openingsverhandelingsprys van R5,25. Die aandeelprys het met 'n verdere 5% toegeneem gedurende die jaar wat aan die aandeelhouer 'n totale opbrengs van 17% lewer.

Senwes se bedryfsverdienste het gedurende die jaar op rekordvlakke vertoef en die twee hoofpilare van die besigheid het beide uitsonderlik presteer

AANDEELPRYS: VERHANDELINGSWAARDE VS NETTO BATEWAARDE (SENT PER AANDEEL)



DIVIDENDE (SENT PER AANDEEL)



**GEVOLGTREKING**

Die bedryfsverdiensle van die organisasie het gedurende die jaar op rekordvlakke vertoef en die twee hoofpilare van die besigheid het beide uitsonderlik presteer. Die organisasie is goed gerat vir toekomstige ontwikkelings en groei en rentedraende skuld word gemaklik gediens. Alhoewel kontantvloei slegs marginaal positief was, is die rede daarvoor die uitbreiding in besigheidsbasis met gevolglike groei in winsgewendheid. Die groep beskik ook oor voldoende kontantbronne en finansieringsfasiliteite van R1,2 miljard. Sterk aandeelhoudersgroepe wat regte kan volg indien nodig kan ook verdere groei steun.



Die vooruitskouing van die komende finansiële jaar is positief ondanks die onsekere wêreldwye ekonomiese toestande en die verwagte impak op die landbou- en voedselsektore en sy afgeleide kommoditeite is tot 'n mindere mate blootgestel aan die geweldige afswaai beleef deur ander sektore en word gestut deur goeie volumes graan beskikbaar.

Steven Alberts  
Direkteur: Finansies





# FINANSIËLE STATISTIEK

## INKOMSTESTAAT EN WINGEWENDHEID








## EFFEKTIWITEIT EN PRODUKTIWITEIT



Gegewe al hierdie positiewe omstandighede het die bedryfswins met 85% gestyg tot R648 miljoen. Ondanks die verhoogde besigheidsbasis, beide vanweë pryse en volume besigheid, het die finansieringsrekening konstant gebly weens effektiewe balansstaatbestuur


## BALANSSTAAT EN STRUKTURERING



# FINANSIËLE STATISTIEK (VERVOLG)

## AANDEELHOUERS


### DIVIDENDE (SENT PER AANDEEL)




### VERDIENSTE PER AANDEEL (SENT PER AANDEEL)




### WAARDESKEPPING EN WAARDE-ONTSLUITING VIR AANDEELHOUERS DEUR KAPITAAL EN DIVIDENDE (SENT PER AANDEEL)




### AANDEELPRYS: VERHANDELINGSWAARDE VS NETTO BATEWAARDE (SENT PER AANDEEL)



### PRYSVERDIENSTE VERHOUDING OP WESENSVERDIENSTE BEREKEN (KEER)



### PRYSBOEK VERHOUDING (KEER)



# SENWES GROEP VYFJAAR-PERSPEKTIEF

	2009 R'm	2008 R'm	2007 R'm	2006 R'm	2005 R'm
<b>BALANSSTAAT</b>					
<b>Bates</b>					
Niebedryfsbates	433	376	331	254	269
Bedryfsbates	2 070	1 999	1 777	1 386	1 595
Niebedryfsbates gehou vir verkoop	-	-	14	3	-
<b>Totale bates</b>	<b>2 503</b>	<b>2 375</b>	<b>2 122</b>	<b>1 643</b>	<b>1 864</b>
<b>Ekwiteit en aanspreeklikhede</b>					
Totale aandeelhoudersbelang	1 126	843	773	683	622
Niebedryfslaste	432	79	106	89	80
Bedryfslaste	945	1 453	1 243	870	1 162
Aanspreeklikhede geassosieer met niebedryfsbates –gehou vir verkoop	-	-	-	1	-
<b>Totale ekwiteit en aanspreeklikhede</b>	<b>2 503</b>	<b>2 375</b>	<b>2 122</b>	<b>1 643</b>	<b>1 864</b>
Rentedraende laste ingesluit in bedryfslaste en niebedryfslaste	717	802	771	606	815
<b>INKOMSTESTAAT*</b>					
<b>Inkomste</b>					
Kredietverskaffing – <i>Senwes Credit</i>	161	120	80	78	87
Insetverskaffing – <i>Senwes Village</i>	2 208	1 573	1 155	821	850
Marktoegang – <i>Senwes Grainlink</i>	8 723	5 902	4 273	2 662	2 849
Diverse bedrywe	48	39	40	31	38
<b>Normale bedryfsaktiwiteite</b>	<b>11 140</b>	<b>7 634</b>	<b>5 548</b>	<b>3 592</b>	<b>3 824</b>
Ander nie toedeelbaar	17	6	6	30	10
<b>Voortgesette bedrywe</b>	<b>11 157</b>	<b>7 640</b>	<b>5 554</b>	<b>3 622</b>	<b>3 834</b>
Beëindigde bedrywe – gehou vir verkoop	-	-	24	426	523
Intersegmentverkope	-	-	-	(69)	(107)
<b>Totale inkomste vir die jaar</b>	<b>11 157</b>	<b>7 640</b>	<b>5 578</b>	<b>3 979</b>	<b>4 250</b>
<b>Wins/(verlies)</b>					
Kredietverskaffing – <i>Senwes Credit</i>	68	44	24	23	32
Insetverskaffing – <i>Senwes Village</i>	138	83	42	(36)	(35)
Marktoegang – <i>Senwes Grainlink</i>	349	138	166	177	175
Diverse bedrywe	4	3	2	4	8
<b>Normale bedryfsaktiwiteite</b>	<b>559</b>	<b>268</b>	<b>234</b>	<b>168</b>	<b>180</b>
Korporatiewe- en nie-toedeelbare koste	(37)	(44)	(53)	(76)	(54)
Beleggingsinkomste	4	26	2	5	14
<b>Voortgesette bedrywe</b>	<b>526</b>	<b>250</b>	<b>183</b>	<b>97</b>	<b>140</b>
Beëindigde bedrywe – gehou vir verkoop	-	-	(1)	28	98
<b>Wins voor belasting</b>	<b>526</b>	<b>250</b>	<b>182</b>	<b>125</b>	<b>238</b>
Belasting	(158)	(75)	(55)	(18)	(43)
<b>Wins vir die jaar</b>	<b>368</b>	<b>175</b>	<b>127</b>	<b>107</b>	<b>195</b>
Minderheidsbelang	1	2	2	-	-
Finansieringskoste hierbo ingesluit	(126)	(126)	(83)	(62)	(84)
<b>KONTANTVLOEISTAAT</b>					
<b>Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>					
Kontantwins	474	218	202	169	192
Dividende betaal	(83)	(103)	(24)	(29)	(12)
Beweging in bedryfskapitaal	(290)	(348)	(107)	10	(25)
Netto kontant gegeneer/(geïnvesteer) deur beleggingsaktiwiteite	(55)	-	(21)	56	92
<b>Netto kontant gegeneer</b>	<b>46</b>	<b>(233)</b>	<b>50</b>	<b>206</b>	<b>247</b>
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	354	1	(1)	9	(1)
<b>Netto kontantvloei</b>	<b>400</b>	<b>(232)</b>	<b>49</b>	<b>215</b>	<b>246</b>

\* Vir die doeleindes van vergelyking is die segmentinkomste en -resultate van vorige tydperke hersaamgestel vir beëindigde bedrywe.

# SENWES GROEP VYFJAAR-PERSPEKTIEF (VERVOLG)

	5 JAAR SAAM- GESTELDE JAARLIKSE GROEI (%)	2009	2008	2007	2006	2005
<b>FINANSIËLE GROEI (persentasie)</b>						
Totale bates	3,1	5,4	11,9	29,2	(11,9)	(13,4)
Totale aandeelhoudersbelang	14,6	33,6	9,1	13,2	9,8	9,3
Rentedraende aanspreeklikhede	(7,7)	(10,6)	4,0	27,2	(25,6)	(23,9)
Totale inkomste van voortgesette bedrywe	26,5	46,0	37,6	53,3	(5,5)	11,1
Wins voor belasting van voortgesette bedrywe	26,3	110,4	36,6	88,7	(30,7)	(14,6)
Wesensverdienste per aandeel	22,0	123,4	29,4	13,3	7,1	(23,0)
Netto batewaarde per aandeel	14,6	33,9	9,1	12,9	9,8	9,3
Sluitingsmarkprys per aandeel	47,0	4,8	31,3	60,0	51,5	106,3
Totale dividende vir die jaar	62,3	14,8	134,8	(34,3)	(26,3)	763,6
<b>GETAL GEWONE AANDELE ('m)</b>						
Geweegde gemiddelde getal uitgereik*		180,79	180,79	180,79	180,79	180,79
Getal uitgereik op jaareinde*		180,79	180,79	180,79	180,79	180,79
<b>GEWONE AANDEELPRESTASIE</b>						
Sent per aandeel						
Verdienste		203,0	95,7	69,1	59,2	107,9
Wesensverdienste		190,3	85,2	65,8	58,1	54,2
Netto batewaarde		622,8	465,2	426,5	377,8	344,0
Sluitingsmarkprys		550,0	525,0	400,0	250,0	165,0
Totale dividende vir die jaar		62,0	54,0	23,0	35,0	47,5
Finale dividend verklaar						
		30,0	14,0	17,0	15,0	5,5
Tussentydse dividend betaal						
		15,0	10,0	6,0	-	4,5
Spesiale dividend tussentyds betaal						
		17,0	30,0	-	20,0	37,5
Persent						
Prysboek verhouding		88,3	112,9	93,8	66,2	48,0
Dividendopbrengs op openingsmarkprys						
(normale dividende)		8,6	6,0	9,2	9,1	12,5
Dividendopbrengs op openingsmarkprys, insluitende						
spesiale dividende		11,8	13,5	9,2	21,2	59,4
Aantal keer						
Prysverdienste verhouding		2,7	5,5	5,8	4,2	1,5
Dividenddekking uit normale dividende		4,5	4,0	3,0	3,9	10,8
Dividenddekking, insluitende spesiale dividende		3,3	1,8	3,0	1,7	2,3
<b>OPBRENGS (%)</b>						
Opbrengs op openingsaldo van ekwiteit		43,6	22,4	18,3	17,2	34,3
Opbrengs op gemiddelde ekwiteit		37,3	21,5	17,2	16,4	32,7
Totale aandeelhoudersopbrengs		16,6	44,8	69,2	72,7	165,6
Opbrengs op totale bates – voortgesette bedrywe – VVRB		26,0	15,8	12,6	9,7	12,0
Bedryfswins uit voortgesette bedrywe as % van inkomste		5,8	4,6	4,8	4,3	5,5
Effektiewe belastingkoers		30	30	31	15	18
<b>PRODUKTIWITEIT</b>						
Bate omsetsnelheid (aantal keer)		4,6	3,4	3,0	2,3	2,1
Inkomste/ekwiteit (aantal keer)		9,9	9,1	7,2	5,8	6,8
Bedryfswins per werknemer (R'000)		299	168	137	73	82
<b>SOLVENSIE EN LIKIDITEIT</b>						
Ekwiteit as % van netto bates		61	51	50	53	43
Ekwiteit as % van totale bates		45	35	36	42	33
Hefboomverhouding (%)		64	91	69	86	129
Nie-rentedraende laste as % van ekwiteit		59	87	75	52	69
Rentedekking (aantal keer)		5,4	3,2	3,5	3,0	3,1
Bedryfsverhouding		2,2	1,4	1,4	1,6	1,4
Vuurproefverhouding		1,5	0,9	0,9	0,9	1,1

\* Senwes het sy Personeel Aandele Trust in die 2005/2006 finansiële jaar ontbind. Ingevolge IFVS moet dié syfer vanaf 2004 teen ekwiteit aangesuiwer word asof die Trust voorheen gekonsolideer was.

# STATUTÊRE FINANSIËLE STATE

## VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID DEUR DIE DIREKSIE

Die direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding, integriteit en redelike weergawe van die finansiële state van die maatskappy en sy filiale. Die finansiële state uiteengesit op bladsye 36 tot 85 is in ooreenstemming met *Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS)* opgestel. Die direkteure het ook alle ander inligting wat in hierdie jaarverslag ingesluit word, voorberei en is verantwoordelik vir beide die akkuraatheid en konsekwentheid van die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die maatskappy en filiale se interne finansiële beheer en risikobestuur en beide word op 'n gereelde basis nagegaan. Hierdie kontroles is ontwerp om redelike, maar nie absolute gerusstelling, oor die betroubaarheid van die finansiële state te bied, toereikende beveiliging en instandhouding van die bates te bied en om wanvoorstellings en verliese te voorkom en op te spoor. Geen aangeleenthede het onder die aandag van die Direksie gekom wat op 'n wesenlike tekortkoming in die funksionering van hierdie kontroles, prosedures en stelsels gedurende die jaar onder oorsig, mag aandui nie.

Die finansiële state is op die lopende saak grondslag opgestel. Die direkteure het geen rede om te glo dat die groep of enige maatskappy in die groep nie in die nabye toekoms 'n lopende saak sal wees nie, gebaseer op resultate, bedryfstendense, markomgewing, ramings en vooruitskattings, risiko's, kapitaalstruktuur en beskikbare kontant- en finansieringsbronne.

Die finansiële state is geouditeer deur die onafhanklike ouditeure, Ernst & Young Ingelyf. Die onafhanklike ouditeure het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords, insluitende alle notules van vergaderings van die direksie-, direksiekomitee-, bestuurs- en aandeelhouersvergaderings. Die direkteure glo dat alle voorstellings aan die onafhanklike ouditeure tydens die audit, geldig en behoorlik was.

Die maatskappy finansiële jaarstate en die groep finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2009, soos uiteengesit op bladsy 36 tot 85, is deur die Direksie goedgekeur.



JE Grobler  
**Voorsitter**



JJ Dique  
**Besturende Direkteur**



SH Alberts  
**Direkteur Finansies**

25 Junie 2009

# STATUTÊRE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

## VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Maatskappysekretaris sertifiseer dat in terme van artikel 268G(d) van die Maatskappywet, soos gewysig, dat alle opgawes, soos vereis deur genoemde Wet, ingedien is by die Registrateur van Maatskappye en Intellektuele Goedere (CIPRO) en dat genoemde opgawes waar, korrek en op datum is.



EM Joynt  
**Maatskappysekretaris**

25 Junie 2009



## VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

### AAN DIE LEDE VAN SENWES BEPERK

Ons het die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate van Senwes Beperk geaudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die balansstaat en gekonsolideerde balansstaat soos op 30 April 2009, die inkomstestaat en gekonsolideerde inkomstestaat, die staat van verandering in ekwiteit en gekonsolideerde staat van verandering in ekwiteit en die kontantvloeistaat en gekonsolideerde kontantvloeistaat vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide en ander verduidelikende aantekeninge, en die direkteursverslag, soos uiteengesit op bladsye 36 tot 85.

### DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE FINANSIËLE STATE

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en die redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards (IFRS)*, en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Hierdie verantwoordelikheid sluit in: die ontwerp, implementering en instandhouding van interne beheer tot die opstel en redelike voorstelling van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute; die selektering en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleide; en die maak van rekeningkundige ramings wat in die omstandighede redelik is.

### LOUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEID

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons audit ooreenkomstig *International Standards on Auditing* uitgevoer. Daardie standaard vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die audit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoering van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat geselekteer word, hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikoboordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleide wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur die direkteure gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

### MENING

Na ons mening is die finansiële state in alle wesenlike opsigte, 'n redelike aanbieding van die finansiële stand en gekonsolideerde finansiële stand van die Senwes Beperk op 30 April 2009 en die finansiële prestasie en gekonsolideerde finansiële prestasie en kontantvloeien en gekonsolideerde kontantvloeien vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word.

*Ernst & Young Inc.*

Ernst & Young Ingelyf  
Geregistreerde Ouditeur

25 Junie 2009  
Johannesburg

# STATUTÊRE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

## STATUTÊRE DIREKTEURSVERSLAG

### 1. HOOFDOELSTELLINGS

Die hoofdoelstellings van die Maatskappy is die volgende:

- 1.1 Verskaffing van primêre landbou-insette.
- 1.2 Skep van marktoegang vir landbouprodukte.

### 2. VERANDERING IN AARD VAN AKTIWITEITE

Geen wesentliche veranderinge het gedurende die jaar plaasgevind in die aard van eiendom, aanleg en toerusting nie.

### 3. FILIALE EN ANDER FINANSIËLE BATES

Besonderhede van die houermaatskappy se belang in filiale, gesamentlike ondernemings en ander finansiële bates word in aantekeninge 3, 4 en 5 tot die finansiële state uiteengesit.

### 4. RESULTATE

Die wins na belasting (insluitend minderheidsbelang) van die groep vir die jaar onder oorsig het R368 miljoen beloop (2008 – R175 miljoen).

Die opgesomde resultate is soos volg:

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Inkomste	11 157	7 640	11 111	7 596
Bedryfswins	648	350	641	343
Wins na belasting	368	175	368	172

Verwys na aantekening 1 van die finansiële state vir die volledige segmentontleding.

Inkomste het toegeneem met 46% na R11 157 miljoen terwyl wins verhoog het met 110% na R368 miljoen. Die hoër omset en beter netto wins word grootliks toegeskryf aan die hoër deurset in die Marktoegang divisie asook besondere goeie meganisasieverkope in die Insetverskaffing divisie.

Univision Financial Services, Hartswater Wynkelder en Senwes Saad het ook positiewe resultate getoon.

Die opgesomde balansstaat is soos volg:

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Totale bates	2 503	2 375	2 497	2 363
Totale rentedraende skuld	717	802	725	806

Die toename in die totale bates is die gevolg van 'n groter investering in finansieringsdebiteure terwyl graanvoorraad weselik afgeneem het. 'n Oorsig van die jaar se resultate word ook in die finansiële oorsig op bladsy 21 gegee.

### 5. DIVIDENDE

Die Direksie stel voor dat 'n finale dividend van 30 sent per aandeel (2008 – 14 sent per aandeel) verklaar word. 'n Tussentydse dividend van 15 sent per aandeel (2008 – 10 sent per aandeel) en 'n spesiale dividend van 17 sent per aandeel (2008 – 30 sent per aandeel) is in die jaar betaal. Alle aandeelhouers wat geregistreerde aandeelhouers is in die aandeleregister op 27 Augustus 2009, sal dividende ontvang wat op ongeveer 10 September 2009 uitbetaal sal word, na bekragtiging daarvan deur die aandeelhouers op die algemene jaarvergadering op 27 Augustus 2009.

**6. DIREKTEURE**

Die volgende direkteure het 'n oorblywende termyn van korter as een jaar:

<b>Naam</b>	<b>Uittrede volgens rotasie</b>
AJ Kruger	2009
J Mashike	2009
JDM Minnaar	2009
JAE Els	2009

Die volgende direkteure het 'n oorblywende termyn van langer as een jaar:

<b>Naam</b>	<b>Uittrede volgens rotasie</b>
JE Grobler	2010
M Pooe	2010
JPL Alberts	2011
NPD Liebenberg	2011
JA Boggenpoel	2011
PR Pretorius	2011
WH van Zyl	2011

Een derde van die verkose nie-uitvoerende direkteure of indien hulle aantal nie in veelvoude van drie is nie, dan die aantal naaste daaraan maar nie minder as een derde nie, sal hul amp neerlê by elke algemene vergadering. Die verkose nie-uitvoerende direkteure is die wat die langste in hulle amp was sedert die vorige verkiesing. Indien hulle op dieselfde dag verkies is sal die direkteure wat moet uittree bepaal word deur ooreenkoms of loting.

Die onafhanklike nie-uitvoerende direkteure word deur die Raad aangewys, waar hulle aanstelling op die algemene jaarvergadering deur die aandeelhouders bekragtig word. Hierdie direkteure is ook onderhewig aan bogenoemde rotasiesistelsel. Huidiglik is die onafhanklike direkteure me. JA Boggenpoel en mnr. JPL Alberts.

**7. STATUTÊRE AANSTELLINGS EN GEREGISTREERDE ADRES****7.1 Sekretaris**

EM Joynt

**7.2 Geregistreerde adres**

Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp

**7.3 Openbare amptenaar**

SH Alberts (Aangestel 15 Februarie 2005)

**8. AANDELEKAPITAAL**

Geen uitreiking van aandele het gedurende die jaar onder oorsig plaasgevind nie.

**9. TERUGKOOP VAN AANDELE**

Geen aandele is teruggekoop nie (2008 – Nul).

**10. GEBEURE NA DIE BALANSSTAATDATUM**

Geen.

**11. SPESIALE BESLUITE**

Geen spesiale besluite is by die vorige jaarvergadering geneem nie.

# FINANSIËLE RESULTATE

## BALANSSTAAT

Soos op 30 April

	Aantekeninge	GROEP		MAATSKAPPY	
		2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
<b>BATES</b>					
Niebedryfsbates					
Eiendom, aanleg en toerusting	2	222	190	204	172
Belegging in filiale	3.2	-	-	20	20
Niebedryfsfinansiële bates	4.1.1	5	5	5	4
Termyndebiteure	6	140	115	140	115
Uitgestelde belastingbate	14.2	66	67	66	67
		<b>433</b>	<b>377</b>	<b>435</b>	<b>378</b>
Bedryfsbates					
Voorraad	7	619	734	615	729
Handels- en ander debiteure	8	1 289	999	1 285	997
Agentskapsgraandebiteure	9	162	230	162	230
Kontant en kontantekwivalente	4.1.2	-	35	-	29
		<b>2 070</b>	<b>1 998</b>	<b>2 062</b>	<b>1 985</b>
<b>TOTALE BATES</b>					
		<b>2 503</b>	<b>2 375</b>	<b>2 497</b>	<b>2 363</b>
<b>EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE</b>					
Kapitaal en reserwes					
Aandelekapitaal	10	1	1	1	1
Aandelepremie	11.1	67	67	67	67
Nie-verdeelbare reserwe	11.2	66	67	66	67
Ander reserwes	11.3	2	1	2	1
Behoue inkomste		990	705	982	696
		<b>1 126</b>	<b>841</b>	<b>1 118</b>	<b>832</b>
Minderheidsbelang		-	2	-	-
Totale ekwiteit		<b>1 126</b>	<b>843</b>	<b>1 118</b>	<b>832</b>
Niebedryfslaste					
Rentendraende langtermynlenings	4.2.3	350	-	350	-
Langtermyn werknemersvoordele	15.3	7	3	7	3
Na-aftrede verpligtinge	12	75	76	75	76
		<b>432</b>	<b>79</b>	<b>432</b>	<b>79</b>
Bedryfslaste					
Handels- en ander krediteure	13	448	568	440	562
Rentendraende korttermynlenings	4.2.2	335	761	335	761
Belasting betaalbaar	14.3	20	11	20	11
Ander bedryfsfinansiële laste	4.2.1	33	42	43	47
Voorsienings en opgelope uitgawes	15	109	71	109	71
		<b>945</b>	<b>1 453</b>	<b>947</b>	<b>1 452</b>
Totale laste		<b>1 377</b>	<b>1 532</b>	<b>1 379</b>	<b>1 531</b>
<b>TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE</b>					
		<b>2 503</b>	<b>2 375</b>	<b>2 497</b>	<b>2 363</b>

**INKOMSTESTAAT****Vir die jaar geëindig 30 April**

	Aantekeninge	GROEP		MAATSKAPPY	
		2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Dienste gelewer		777	447	751	419
Rente ontvang	17.3	161	120	161	120
Inkomste uit bedryfsaktiwiteite		10 219	7 073	10 199	7 057
<b>Totale inkomste</b>		<b>11 157</b>	<b>7 640</b>	<b>11 111</b>	<b>7 596</b>
Koste van verkope		(9 904)	(6 713)	(9 892)	(6 699)
<b>Bruto wins</b>		<b>1 253</b>	<b>927</b>	<b>1 219</b>	<b>897</b>
Distribusie, verkoops- en administratiewe uitgawes		(605)	(577)	(578)	(554)
Bedryfswins	17.1	648	350	641	343
Finansieringskoste	17.2	(126)	(126)	(127)	(126)
<b>Wins na finansieringskoste</b>		<b>522</b>	<b>224</b>	<b>514</b>	<b>217</b>
Beleggingsinkomste	18	4	26	8	28
<b>Wins voor belasting</b>		<b>526</b>	<b>250</b>	<b>522</b>	<b>245</b>
Belasting	14.1	(158)	(75)	(154)	(73)
<b>Wins vir die jaar</b>		<b>368</b>	<b>175</b>	<b>368</b>	<b>172</b>
<b>Toeskryfbaar aan:</b>					
Aandeelhouers		367	173		
Minderheidsbelang		1	2		
<b>Wins vir die jaar</b>		<b>368</b>	<b>175</b>		
Verdienste per aandeel (sent)	20.4	203,0	95,7		
Wesensverdienste per aandeel (sent)	20.4	190,3	85,2		
Dividende per aandeel betaal gedurende die jaar (sent)		46,0	57,0		
Vorige jaar finale dividend		14,0	17,0		
Interim dividend		15,0	10,0		
Spesiale dividend		17,0	30,0		
Finale dividend per aandeel voorgestel (sent)		30,0	14,0		

# FINANSIËLE RESULTATE (VERVOLG)

## STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

Vir die jaar geëindig 30 April

GROEP	AANDELE- KAPITAAL	AANDELE- PREMIE	NIE-VER- DEELBARE RESERWES	BEHOUE INKOMSTE	ANDER RESERWES	MINDER- HEIDS- BELANG	TOTAAL
	R'm (Nota 10)	R'm (Nota 11.1)	R'm (Nota 11.2)	R'm	R'm (Nota 11.3)	R'm	R'm
Saldo op 30 April 2007	1	67	315	387	1	2	773
Wins vir die jaar	-	-	-	173	-	2	175
Dividende betaal	-	-	-	(103)	-	(2)	(105)
Oordrag van reserwe	-	-	(248)	248	-	-	-
Saldo op 30 April 2008	1	67	67	705	1	2	843
Wins vir die jaar	-	-	-	367	-	1	368
Dividende betaal	-	-	-	(83)	-	(3)	(86)
Oordrag van reserwe	-	-	(1)	1	-	-	-
Billike waarde aanpassing	-	-	-	-	1	-	1
Saldo op 30 April 2009	1	67	66	990	2	-	1 126
<b>MAATSKAPPY</b>							
Saldo op 30 April 2007	1	67	314	380	1	-	763
Wins vir die jaar	-	-	-	172	-	-	172
Dividende betaal	-	-	-	(103)	-	-	(103)
Oordrag van reserwe	-	-	(247)	247	-	-	-
Saldo op 30 April 2008	1	67	67	696	1	-	832
Wins vir die jaar	-	-	-	368	-	-	368
Dividende betaal	-	-	-	(83)	-	-	(83)
Oordrag van reserwe	-	-	(1)	1	-	-	-
Billike waarde aanpassing	-	-	-	-	1	-	1
Saldo op 30 April 2009	1	67	66	982	2	-	1 118

**KONTANTVLOEISTAAT****Vir die jaar geëindig 30 April**

	Aantekeninge	GROEP		MAATSKAPPY	
		2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite	22	<b>744</b>	438	<b>772</b>	431
Beleggingsinkomste	18	<b>4</b>	26	<b>8</b>	28
Finansieringskoste betaal	17.2	<b>(126)</b>	(126)	<b>(127)</b>	(126)
Belasting betaal	24	<b>(148)</b>	(120)	<b>(144)</b>	(116)
Kontantwins		<b>474</b>	218	<b>509</b>	217
Dividende betaal	25	<b>(83)</b>	(103)	<b>(83)</b>	(103)
Toename in bedryfskapitaal	23	<b>(290)</b>	(348)	<b>(322)</b>	(349)
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		<b>101</b>	(233)	<b>104</b>	(235)
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		<b>(55)</b>	-	<b>(58)</b>	1
Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting	26	<b>(63)</b>	(31)	<b>(63)</b>	(31)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	27	<b>3</b>	32	<b>3</b>	30
Afname/(toename) in korttermynlenings	29.3	<b>5</b>	(1)	<b>2</b>	2
Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite		<b>46</b>	(233)	<b>46</b>	(234)
Netto kontantvloei uit langtermyn finansieringsaktiwiteite					
Toename in langtermynlenings	28	<b>354</b>	1	<b>354</b>	1
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente		<b>400</b>	(232)	<b>400</b>	(233)
Netto korttermynlenings na inagneming van kontant – begin van die termyn		<b>(768)</b>	(536)	<b>(779)</b>	(546)
Netto korttermynlenings na inagneming van kontant – einde van tydperk	29.2	<b>(368)</b>	(768)	<b>(379)</b>	(779)

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE

## 1. SEGMENTONTLEDING

### 1.1 SEGMENTINKOMSTE EN -RESULTATE

	GROEP		GROEP	
	Segmentinkomste		Segmentresultate	
	2009	2008	2009	2008
	R'm	R'm	R'm	R'm
Kredietverskaffing ( <i>Senwes Credit</i> )	161	120	68	44
Insetverskaffing ( <i>Senwes Village</i> )	2 208	1 573	138	83
Marktoegang ( <i>Senwes Grainlink</i> )	8 723	5 902	349	138
Diverse bedrywe	48	39	4	3
Normale bedryfsaktiwiteite	11 140	7 634	559	268
Inkomste/Korporatiewe koste	17	6	(37)	(44)
Beleggingsinkomste	-	-	4	26
Totale inkomste	11 157	7 640		
Wins voor belasting			526	250
Belasting			(158)	(75)
Wins na belasting			368	175
Minderheidsbelang			(1)	(2)
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouders			367	173

### 1.2 NETTO SEGMENT BATES

	GROEP		GROEP		GROEP	
	Bates		Laste		Netto	
	2009	2008	2009	2008	2009	2008
	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm
Kredietverskaffing ( <i>Senwes Credit</i> )	1 245	907	(493)	(428)	752	479
Insetverskaffing ( <i>Senwes Village</i> )	488	353	(377)	(318)	111	35
Marktoegang ( <i>Senwes Grainlink</i> )	550	969	(301)	(606)	249	363
Diverse bedrywe	6	9	(9)	(9)	(3)	-
Totale bedrywe	2 289	2 238	(1 180)	(1 361)	1 109	877
Korporatief	141	62	(119)	(91)	22	(29)
Beleggings	7	8	(3)	(4)	4	4
Uitgestelde belasting	66	67	-	-	66	67
Voorsiening vir na-aftrede verpligtinge	-	-	(75)	(76)	(75)	(76)
Totaal	2 503	2 375	(1 377)	(1 532)	1 126	843

### 1.3 SEGMENT AANTOONBARE ITEMS

	GROEP		GROEP		GROEP	
	Kapitaalbesteding		Depresiasie		Nie-kontant items	
	2009	2008	2009	2008	2009	2008
	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm
Kredietverskaffing ( <i>Senwes Credit</i> )	-	-	-	-	6	16
Insetverskaffing ( <i>Senwes Village</i> )	14	3	2	1	26	11
Marktoegang ( <i>Senwes Grainlink</i> )	28	17	16	11	15	-
Diverse bedrywe	-	-	-	1	(1)	(1)
Korporatief	21	11	12	11	30	56
Totaal	63	31	30	24	76	82

1.4 'n Ontleding van geografiese segmente word nie verskaf nie, aangesien die geografiese verspreiding (soos gedefinieer in terme van IFRS) nie weselik is nie.

1.5 'n Ontleding van die inkomste en resultate van elke segment is soos volg:

<b>Kredietverskaffing (Senwes Credit)</b>	Toestaan van krediet aan landbouprodusente en graankopers: dit sluit ook 'n gesamentlike onderneming met Wesbank in, wat termynkrediet verskaf.
<b>Insetverskaffing (Senwes Village)</b>	Verkope by die handelswinkels, direkte verkope van boerdery-insette en meganisasiegoedere en -onderdele.
<b>Marktoegang (Senwes Grainlink)</b>	Vergoeding ontvang vir die hantering en opberging van landbouprodukte en die totale inkomste van graan verkoop sowel as kommissie verdien met graanbemarking.
<b>Diverse bedrywe</b>	Die inkomste uit verkope van klaarprodukte, uit die verwerking van wyn en saad. Kommissie ontvang op premies vanaf versekeringsmakelaarsdiens aan die korttermyn-, langtermyn- en oesversekeringsmark is ook by die inkomste ingesluit.
<b>Korporatief</b>	Landboudienste, hoofkantoor dienste, inligtingstegnologie, menslike hulpbronne, eiendomme, vlootbestuur, sekretariaat, korporatiewe bemarking, risikobestuur, interne audit, strategiese ontwikkeling, groep finansies, tesourie en direkteure.

## 2. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Koste	569	510	542	483
Grond	2	2	2	2
Geboue en verbeterings	207	199	187	179
Masjinerie en toerusting	318	274	312	268
Voertuie	42	35	41	34
Opgelope depresiasie en waardedalings	(347)	(320)	(338)	(311)
Grond	-	-	-	-
Geboue en verbeterings	(96)	(89)	(94)	(87)
Masjinerie en toerusting	(225)	(207)	(219)	(201)
Voertuie	(26)	(24)	(25)	(23)
Totale drawaarde	222	190	204	172

2.1 Registers van grond en geboue is ter insae by die geregistreerde kantoor van die betrokke maatskappy beskikbaar.

2.2 Sekere bates is beswaar soos in aantekening 4 uiteengesit.

2.3 Die kapitaalverpligtinge van die groep word in aantekening 16.2 uiteengesit.

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

## 2. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING (VERVOLG)

### REKONSILIASIE VAN BEWEGINGS OP EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING 2009

	Drawaarde aan die begin van tydperk R'm	Aankope en aan- suiwe- rings R'm	Verkope R'm	Depre- siasie R'm	Drawaarde aan die einde van tydperk R'm
<b>GROEP – 2009</b>					
Grond	2	-	-	-	2
Geboue en verbeterings	110	8	-	(7)	111
Masjinerie en toerusting	67	45	-	(19)	93
Voertuie	11	10	(1)	(4)	16
<b>Totale drawaarde</b>	<b>190</b>	<b>63</b>	<b>(1)</b>	<b>(30)</b>	<b>222</b>
<b>MAATSKAPPY – 2009</b>					
Grond	2	-	-	-	2
Geboue en verbeterings	92	8	-	(7)	93
Masjinerie en toerusting	67	45	-	(19)	93
Voertuie	11	10	(1)	(4)	16
<b>Totale drawaarde</b>	<b>172</b>	<b>63</b>	<b>(1)</b>	<b>(30)</b>	<b>204</b>

### REKONSILIASIE VAN BEWEGINGS OP EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING 2008

	Drawaarde aan die begin van tydperk R'm	Aankope en aan- suiwe- rings R'm	Verkope R'm	Depre- siasie R'm	Drawaarde aan die einde van tydperk R'm
<b>GROEP – 2008</b>					
Grond	2	-	-	-	2
Geboue en verbeterings	108	11	(5)	(4)	110
Masjinerie en toerusting	76	15	(8)	(16)	67
Voertuie	10	5	-	(4)	11
<b>Subtotaal</b>	<b>196</b>	<b>31</b>	<b>(13)</b>	<b>(24)</b>	<b>190</b>
Gehou vir verkoop	(14)	-	-	-	-
<b>Totale drawaarde</b>	<b>182</b>	<b>31</b>	<b>(13)</b>	<b>(24)</b>	<b>190</b>
<b>MAATSKAPPY – 2008</b>					
Grond	2	-	-	-	2
Geboue en verbeterings	89	11	(4)	(4)	92
Masjinerie en toerusting	76	15	(8)	(16)	67
Voertuie	10	5	-	(4)	11
<b>Subtotaal</b>	<b>177</b>	<b>31</b>	<b>(12)</b>	<b>(24)</b>	<b>172</b>
Gehou vir verkoop	(14)	-	-	-	-
<b>Totale drawaarde</b>	<b>163</b>	<b>31</b>	<b>(12)</b>	<b>(24)</b>	<b>172</b>

### 3. BELEGGING IN FILIALE

#### 3.1 BESIGHEIDSEENHEDE

##### Besigheidseenhede in 2009

##### Senwes Limited – Malawi gebaseerde maatskappy

Op 23 Februarie 2009, het die groep 'n Malawi gebaseerde maatskappy geregistreer en opgerig, as 'n volfiliaal van Senwes, wat spesialiseer in die verkryging en die bestuur van stoorfasiliteite vir graan in die land. Aktiwiteite is nog op lae vlak en nie beduidend genoeg vir verslagdoeningsdoeleindes nie.

##### Besigheidseenhede in 2008

##### Senwes Securities (Edms) Bpk

Gedurende 2008, het die groep, Senwes Securities (Edms) Bpk (“die Maatskappy”) opgerig, 'n privaat-maatskappy as 'n spesiale doel entiteit, welke maatskappy Senwes se langtermynverpligtinge ten gunste van ABSA waarborg, en in ruil vrywaar Senwes die maatskappy deur sekuriteit in die vorm van dekkings en kollaterale verbande geregistreer oor die bates van die Senwes groep.

#### 3.2 BELEGGING IN FILIALE

##### MAATSKAPPY – 2009

	Getal uitgereikte aandele	% belang	Aandele R'm	Aandele voorsien R'm	Kort- termyn- lenings R'm	Totale netto belegging R'm
Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk	11 054	100	25	(5)	-	20
Hartswater Wynkelder (Edms) Bpk	4 500 000	100	-	-	-	-
Senwes Graanmakelaars (Edms) Bpk	100	100	-	-	-	-
Univision Broker Services (Edms) Bpk	100	100	-	-	-	-
Univision Financial Services (Edms) Bpk	100	100	-	-	-	-
Totale drawaarde			25	(5)	-	20

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

## 3. BELEGGING IN FILIALE (VERVOLG)

### MAATSKAPPY – 2008

	Getal uitgereikte aandele	% belang	Aandele R'm	Aandele voorsien R'm	Kort- termyn- lenings R'm	Lenings voorsien R'm	Totale netto belegging R'm
Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk	11 054	100	25	(5)	-	-	20
Hartswater Wynkelder (Edms) Bpk	4 500 000	100	-	-	2	(2)	-
Senwes Graanmakelaars (Edms) Bpk	100	80	-	-	-	-	-
Univision Broker Services (Edms) Bpk	100	100	-	-	-	-	-
Univision Financial Services (Edms) Bpk	100	100	-	-	-	-	-
Toegang tot en behoud van uitstaande personeel is een van die hoekstene van goeie prestasie. Suid-Afrika voer tans 'n stryd teen skaarsheid van talent weens verskeie redes. Daarbenewens het Senwes self 'n relatiewe jong talentprofiel wat opsigself probleme veroorsaak ten opsigte van die behoud van talent weens die beweeglikheid daarvan. 'n Bydraende faktor is die feit dat Senwes hoofsaaklik in plattelandse gebied geleë is terwyl baie jongmense eerder in die groter metropole wil woon waar daar meer loopbaanvooruitsigte is. Ten einde hierdie risiko te verminder en as deel van 'n omvattende strategie ten opsigte van die behoud van talent, is toepaslike vergoeding- en insentiefskemas geïmplementeer en word voldoende geleenthede vir groei gebied deur opleiding. Opvolgbeplanning en -identifisering geniet ook voldoende aandag.

#### **19.2.2 Regsrisiko**

##### **Nie-nakoming van kontrakte**

Die feit dat Senwes kontrakte sluit met produsente sowel as kopers hou 'n risiko in wanneer omstandighede lei tot die nie-nakoming van kontraktuele verpligtinge. Hierdie omstandighede kan ontstaan as gevolg van droogte of aansienlike prysveranderinge. Behoorlike evaluasie in akkreditasie sowel as die monitering van die vloei van die oes speel 'n belangrike rol om hierdie risiko aan te spreek. Beperking van kontrakvolumes per teenparty verminder risikos. Marktendense wat kan lei tot nie-nakoming van kontrakte word deeglik gemonitor en strategieë om hierdie risiko te verskans word ingestel wanneer nodig. Hierdie instrumente word ingesluit in die waardes aangedui in notas 19.1.1.1

#### **19.2.3 Stelselrisiko**

Die maatskappy steun beduidend op tegnologie. Die risiko met betrekking tot argivering, kapasiteit, toepaslikheid, data integriteit, integrasie en aanpasbaarheid is van die vernaamste risiko's. 'n Behoorlike IT-strategie met die nodige stuurkomitee is in plek en formele veranderinge, projek en integrasiebestuur word hierop toegepas.

### **19.3 OMGEWINGSRISIKO**

#### **19.3.1 Weer- en klimaatrisiko**

Verwys paragraaf 19.2.1.

#### **19.3.2 Politieke risiko**

Verwys paragraaf 19.2.1.

### **19.4 BILLIKE WAARDE**

Alle finansiële instrumente word teen billike waarde weerspieël. Die drawaarde is 'n redelike beraming van 'n markverwante billike waarde.

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

## 20. VERDIENSTE PER AANDEEL

'n Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 180 789 308 (2008 – 180 789 308) is gebruik in onderstaande berekenings. Die verdienste is bereken op wins toeskryfbaar aan aandeelhouders.

- 20.1 Verdienste per aandeel is bereken op grond van wins van R367 miljoen (2008 – R173 miljoen) toeskryfbaar aan gewone aandele.  
 20.2 Verdienste per aandeel uit voortgesette bedrywe is bereken op wins van R367 miljoen (2008– R173 miljoen).  
 20.3 Wesensverdienste per aandeel is bereken op wins van R344 miljoen (2008 – R154 miljoen).  
 20.4 Rekonsiliasie tussen verdienste en wesensverdienste is soos volg:

	% verandering	GROEP	
		2009 R'm	2008 R'm
Verdienste per finansiële state	112%	367	173
Aansuiwerings:			
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		(1)	(19)
Voorsiening vir aktuariële wins op pensioenfondsbydraes		(22)	-
Wesensverdienste	123%	344	154
Verdienste per aandeel (sent)		203,0	95,7
Wesensverdienste per aandeel (sent)		190,3	85,2

Alle aansuiwerings word getoon nadat belasting daarteen verreken is.

## 21. VERWANTE PARTYE TRANSAKSIES

### 21.1 FILIALE

Die finansiële state sluit in die finansiële state van die filiale soos gelys in die volgende tabel:

2009	% belang	Inkomste ontvang van filiale	Bedrag verskuldig (aan)/van filiale
		R'm	R'm
Univision Financial Services (Edms) Bpk	100%	3	(3)
Univision Broker Services (Edms) Bpk	100%	1	-
Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk	100%	-	3

2008	% belang	Inkomste ontvang van filiale	Bedrag verskuldig (aan)/van filiale
		R'm	R'm
Univision Financial Services (Edms) Bpk	100%	2	(1)
Univision Broker Services (Edms) Bpk	100%	1	(3)
Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk	100%	-	3

Univision Financial Services (Edms) Bpk besit 100% belang in Univision Broker Services (Edms) Bpk. Senwes Beperk besit 'n direkte belang in Univision Financial Services (Edms) Bpk en 'n indirekte belang in Univision Broker Services (Edms) Bpk.

Die volgende belang word ook gehou in die volgende filiale:

	2009	2008
Senwes Limited ( <i>Malawi gebaseerde maatskappy</i> )	100%	-
Senwes Securities (Edms) Bpk	100%	100%
Senwes Graanmakelaars (Edms) Bpk	100%	80%
Hartswater Wynkelder (Edms) Bpk	100%	100%

## 21.2 GEASSOSIEERDES

Besonderhede van transaksies met geassosieerdes word gelys in die onderstaande tabel:

	% belang		Aankope van geassosieerdes	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Grasland Onderneming (Edms) Bpk	43,90%	38,50%	4	2
Graansilo Industrie (Edms) Bpk	26,00%	26,00%	-	-

## 21.3 BELEGGING IN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

Besonderhede van verwante partye is soos volg:

	% belang		Uitgawes betaal aan gesamentlike ondernemings		Bedrag verskuldig deur gesamentlike ondernemings	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Silo Certs (Edms) Bpk	42,50%	42,50%	1	-	2	1

## 21.4 BEDUIDENDE INVLOED

Beduidende invloed word uitgeoefen deur Senwesbel Beperk wat 37,9% en die Bafokeng Konsortium wat 34,6% van die maatskappy se aandele besit.

	Bestuursdienste-fooie ontvang		Rente betaal		Lening betaalbaar	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Senwesbel Beperk	1	1	5	4	13	39

- Dividende betaal aan Senwesbel Beperk het R30 miljoen beloop (2008 – R36 miljoen).
- Dividende betaal aan die Bafokeng Konsortium het R27 miljoen beloop (2008 – R29 miljoen).

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

## 21. VERWANTE PARTYE TRANSAKSIES (VERVOLG)

### 21.5 HANDELSDEBITEURE – DIREKTEURE EN UITVOERENDE BESTUUR

Handelsdebiteure bestaan uit produksiekredietrekeninge en ander rekeninge waarvoor klante van die maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoerse ten opsigte van lenings strook met maatskappybeleid.

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Verwante partye – handelsdebiteure	7	9	7	9

### 21.6 DIREKTEURVERGOEDING

	MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm
Salarisse	7	7
Insentiewe bonusse – STI	11	6
Insentiewe bonusse – LTI	3	4
Uitvoerende direkteure	21	17
Nie-uitvoerende direkteure	2	2
Direkteursvergoeding	23	19

Die direkteure se vergoeding word nie in die werknemerskosse, soos getoon in aantekening 17.4, ingesluit nie.

### 21.7 ANDER SLEUTELBESTUURSPERSONEEL

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Salarisse	18	19	17	18
Insentiewe bonusse	11	7	11	7
Totale vergadering aan sleutelbestuur	29	26	28	25
Getal sleutelbestuurspersoneel op jaareinde	18	18	16	16

Die vergoeding van hierdie personeel word in werknemerskosse ingesluit, soos getoon in aantekening 17.4 en die langtermyngedeelte van insentiewe bonusse word uiteengesit in aantekening 15.

Sleutelbestuurspersoneel is daardie persone met die gesag en verantwoordelikheid vir beplanning, bestuur en beheer van die entiteit se aktiwiteite, direk of indirek.

### 21.8 KONTANTVEREFFENDE AANDEELGEBASEERDE TRANSAKSIE

Verwys nota 15.3.2 vir inligting oor kontantvereffende aandeelgebaseerde transaksie waarin direkteure ook deelneem.

## 21.9 INLIGTING OOR DIREKTEURE SE DIENSTERMYNE

Nie-uitvoerende direkteure – verwys na statutêre direkteursverslag (nota 6).

Uitvoerende direkteure:

<i>Direkteur</i>	<i>Dienskontrak Verstrykingsdatum</i>	<i>Posisie beklee</i>
JJ Dique	31 Julie 2011	Besturende Direkteur
F Strydom	30 April 2011	Direkteur Bedryf
SH Alberts	31 Oktober 2011	Direkteur Finansies

Belang van die direkteure in aandele van die maatskappy:

	MAATSKAPPY	
	2009	2008
	Getal aandele	Getal aandele
<b><i>Direk</i></b>		
Nie-uitvoerende direkteure	633 731	613 731
Uitvoerende direkteure	396 657	406 657
<b><i>Indirek</i></b>		
Nie-uitvoerende direkteure	15 344 015	10 946 184
Uitvoerende direkteure	250 566	95 909
<b>Totale direkte en indirekte belang</b>	<b>16 624 969</b>	<b>12 062 481</b>

Vir individuele aandeelhouding sien die Korporatiewe Beheer-verslag.

## 22. REKONSILIASIE VAN WINS VOOR BELASTING MET KONTANT DEUR BEDRYWE VOORTGEBRING

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009	2008	2009	2008
	R'm	R'm	R'm	R'm
Wins voor belasting	526	250	522	245
Aangesuiwer vir:	218	188	250	186
Depresiasie	30	24	30	24
Wins met verkoop van vaste bates	(2)	(19)	(2)	(18)
Beleggingsinkomste	(4)	(26)	(8)	(28)
Finansieringskoste	126	126	127	126
Toename in voorsienings en nie-kontantitems	68	83	103	82
<b>Kontant deur bedrywe voortgebring</b>	<b>744</b>	<b>438</b>	<b>772</b>	<b>431</b>

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

## 23. VERANDERING IN BEDRYFSKAPITAAL

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Afname/(toename) in voorraad	103	(96)	103	(96)
Toename in debiteure	(281)	(385)	(311)	(384)
Afname in agentskapsgraandebiteure	68	11	68	11
Afname/(toename) in krediteure	(180)	122	(182)	120
Toename in bedryfskapitaal	(290)	(348)	(322)	(349)

## 24. BELASTING BETAAL

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Belasting betaalbaar aan die begin van die tydperk	(11)	(63)	(11)	(61)
Uitgestelde belasting ontvangbaar aan die begin van die tydperk	67	74	67	74
Bedrae teen die inkomstestaat gedebiteer	(158)	(75)	(154)	(73)
Uitgestelde belasting ontvangbaar aan die einde van die tydperk	(66)	(67)	(66)	(67)
Belasting betaalbaar aan die einde van die tydperk	20	11	20	11
Belasting betaal	(148)	(120)	(144)	(116)

## 25. DIVIDENDE BETAAL

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Bedrae betaalbaar aan die begin van die tydperk	-	-	-	-
Bedrae teen ekwiteit gedebiteer	(83)	(103)	(83)	(103)
Bedrae teen debiteure en leningsrekening gedebiteer	-	-	-	-
Bedrae betaalbaar aan die einde van die tydperk	-	-	-	-
Dividende betaal	(83)	(103)	(83)	(103)

## 26. AANKOOP VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Geboue en verbeterings	(8)	(11)	(8)	(11)
Aanleg en toerusting	(45)	(15)	(45)	(15)
Voertuie	(10)	(5)	(10)	(5)
Totale aankope van eiendom, aanleg en toerusting	(63)	(31)	(63)	(31)
Verteenwoordig deur:				
Aankope om bedryfskapasiteit te verhoog	(27)	(18)	(27)	(18)
Aankope om bedryfskapasiteit te handhaaf	(36)	(13)	(36)	(13)

**27. OPBRENGS MET VERKOOP VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING**

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Drawaarde van bates verkoop	1	13	1	12
Wins met verkoop	2	19	2	18
Opbrengs met verkoop	3	32	3	30

**28. LANGTERMYNLENINGS**

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Toename in lenings	354	1	354	1

**29. NETTO KORTTERMYNVERPLIGTINGE – NA INAGNEMING VAN KONTANT****29.1 KORTTERMYNLENINGS BETAALBAAR**

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Netto toename/(afname) in finansierslenings	(426)	26	(426)	26
Netto toename/(afname) in ander korttermynlenings	(9)	5	(4)	3
Korttermynlenings verhoog/(terugbetaal)	(435)	31	(430)	29

**29.2 NETTO KORTTERMYNLENING NA KONTANT**

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Korttermynlenings	335	761	335	761
Bankoortrekking	15	-	21	-
Rentedraende lening van verwante partye	18	41	23	45
Nie-rentedraende lenings van verwante partye	-	1	-	2
Kontant en kontantekwivalente	-	(35)	-	(29)
Netto korttermynlening met inagneming van kontant en kontantekwivalente	368	768	379	779

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

## 29. NETTO KORTTERMYNVERPLIGTINGE – NA INAGNEMING VAN KONTANT (VERVOLG)

### 29.3 KORTTERMYNLENINGS ONTVANGBAAR

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2009 R'm	2008 R'm	2009 R'm	2008 R'm
Afname/(toename) in ander finansiële bates	1	(1)	-	(1)
Toename in die voorsiening vir afskrywing van korttermynlenings	4	-	2	3
Afname/(toename) in korttermynlenings	5	(1)	2	2

## 30. ONBENUTTE FINANSIERINGSFASILITEITE

Die groep het onbenutte leenfasiliteite ten bedrae van R815 miljoen welke fasiliteite versekureer is by wyse van sessies en pand van produksiekrediet-debiteure asook silobergings- en silohanteringsdebiteure. Die groep het ook beskikbare fondse ten opsigte van onbenutte kommoditeitsfinansiering onbeperk in limiet (maar beperk tot die sekuriteitswaarde van die kommoditeit) en R155 miljoen ten opsigte van onbenutte oortrokke fasiliteite.

# REKENINGKUNDIGE BELEID

## 1. Aanbiedingsgrondslag

Die finansiële state word op die historiese-koste-grondslag opgestel, met uitsondering van afgeleide finansiële instrumente en beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates wat teen billike waardes getoon word. Die drawaardes van verskanste bates en laste word aangepas om veranderinge in die billike waardes weens die verskanste risiko's te weerspieël. Die finansiële state word in rand opgestel en alle waardes tot die naaste miljoen rand (R' 000 000) afgerond, tensy anders aangedui word.

### 1.1 Staat van voldoening

Die finansiële state van die Senwes groep en al sy filiale is opgestel in ooreenstemming met en voldoen aan die vereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS).

### 1.2 Nuwe verslagdoeningstandaarde en vertolking

Die maatskappy het in die finansiële jaar onder oorsig die volgende verslagdoeningstandaarde geïmplementeer:

- IFRIC 11, IFRS 2 – *Groep en Tesourie aandele transaksies*, verskaf riglyne aangaande aandeelgebaseerde transaksies aangaande tesourie aandele of groep entiteite (byvoorbeeld, opsies oor die houer maatskappy se aandele) wat teboekgestel moet word as ekwiteitsvereffende of kontantvereffende aandeelgebaseerde betalingstransaksies in die aparte finansiële state van die houermaatskappy en groep van maatskappye.
- IFRIC12 – *Dienskonsessie ooreenkomste* se interpretasie is toepaslik op dienskonsessie operateurs en die interpretasie verduidelik hoe verpligtinge en regte ontvangbaar verantwoord moet word. Geen lid van die groep is 'n operateur ingevolge die interpretasie nie en dus is daar geen impak op die groep nie.
- FRIC14 – *Vastevoordeel* – bate. Verskaf riglyne aangaande die limiet op die oorwinste in die vaste voordeel plan wat erken kan word as 'n bate in ooreenkoms met IAS19, werknemers voordele. Daar is geen impak op die groep nie.

### 1.3 Nuwe standpunte, interpretasies en aanpassings

Die volgende interpretasies van gepubliseerde standpunte is verpligtend vir rapporteringstydperke beginnende op of na 1 Januarie 2009.

- IAS 1 (Hersien), *Aanbieding van Finansiële State* stel die term ander omvattende inkomste bekend, wat veranderinge in ekwiteit, anders as daardie veranderinge in transaksies met die aandeelhouders in hulle hoedanigheid as eienaars, insluit. Totale omvattende inkomste kan aangebied word in 'n enkele staat van omvattende inkomste (kombinering van die inkomstestaat sowel as die afsonderlike staat van omvattende inkomste). Aangesien die hersiende IAS 1 van toepassing sal wees op die 2010 finansiële state van die groep, word daar verwag dat dit 'n wesenlike impak op die aanbieding van die finansiële state sal hê.
- IAS 23 (Hersien) – *Leenkoste*. Die opsie om leenkoste dadelik as uitgawe te erken word verwyder. Leenkoste, wat direk verwant is aan die verkryging, oprigting of produsering van 'n kwalifiserende bate (een wat aansienlik tyd benodig om gereed te kry vir gebruik of verkoop), moet nou as deel van kosprys van die bate kapitaliseer word. (Effektief vanaf 1 Januarie 2009).
- IAS 27 (Gewysig) – *Gekonsolideerde en aparte finansiële state* vereis dat die erkenning van die verandering in belang deur die groep in 'n filiaal, terwyl beheer gehandhaaf word, erken word as 'n ekwiteitstransaksie. Indien die groep beheer verloor oor 'n filiaal word enige belang behou in die filiaal teen billike waarde gemeet en winste of verliese word erken in die inkomstestaat. (Effektief 1 Julie 2009).
- IAS 32 (Gewysig). *Finansiële Instrumente* se aanbieding en IAS 1 aanbieding van finansiële state ten opsigte van opsies vir finansiële bates beskikbaar vir verkoop en die verantwoordelikhede wat ontstaan a.g.v. likwidasie. (Effektief vanaf 1 Januarie 2009).
- IFRS 8 – *Bedryfsegmente* stel voor dat 'n entiteit die "bestuursbenadering" gebruik vir verslagdoening oor die finansiële prestasie van sy bedryfsegmente. Die Standpunt vereis openbaarmaking van inligting oor die entiteit se bedryfsegmente, asook oor die produkte en dienste, die geografiese areas waarin besigheid bedryf word, asook primêre kliënte. Die openbaarmaking behoort gebruikers van die finansiële state in staat te stel om die aard en finansiële impak van die entiteit se besigheidsaktiwiteite, en ekonomiese omgewing waarin die aktiwiteite bedryf word, te evalueer. (Effektief vanaf 1 Januarie 2009).
- IFRIC 13 – *Kliënt lojaliteitsprogramme* bepaal dat lojaliteitsbeloningskrediete erken word as aparte komponente van verkoopstransaksies waarop dit geregtig raak. 'n Gedeelte van die billike waarde van die bedrag ontvang word geallokeer na die uitgestelde krediete. Dit word dan erken as inkomste oor die periode waarvoor die krediete opgeneem word. Alle lojaliteitsprogramkrediete is deur die groep uitgekonnekteer en die verpligting tot hierdie krediete setel nie by die groep nie. (Effektief vanaf 1 Januarie 2009).
- IFRS 2 (Gewysig) – *Aandeelgebaseerde transaksies* – Dit bevestig dat vestigingsvoorwaardes beperk is tot diensvoorwaardes en prestasievoorwaardes. Ander eienskappe van 'n aandeelgebaseerdebetaling is nie vestigingsvoorwaardes soos gedefinieer nie. Die wysiging spesifiseer verder dat alle kansellasies, hetsy deur die entiteit of ander partye, onderworpe is aan dieselfde rekeningkundige hantering. (Effektief vanaf 1 Januarie 2009).
- IFRS 3 (Hersien) – *Besigheidskombinasies*. Die nuwe standpunt vereis steeds dat die verkrygingsmetode vir besigheidsamevoegings toegepas word, met sekere beduidende veranderinge. Byvoorbeeld; alle betalings wat gemaak word om 'n besigheid aan te koop behoort teen billike waarde op die verkrygingsdatum aangeteken te word. Die daaropvolgende billike waarde aanpassings van sommige voorwaardelike betalings word in die inkomstestaat erken. Klandisiewaarde mag bereken word gebaseer op die houer se aandeel in die netto bates van die entiteit of dit mag die minderheidsbelang se klandisiewaarde insluit. Alle transaksiekoste sal as uitgawes erken word in die periode waarin dit aangegaan word. (Effektief vanaf 1 Julie 2009).
- IAS 39 (Gewysig) – *Finansiële instrumente*: Erkenning en meting – verwysing na kwalifiserende verskanste items. Die wysiging spreek die volgende aan; Inflasie kan nie aangewys word as 'n verskansingskomponent van 'n vaste koers las nie. Wanneer opsies

# REKENINGKUNDIGE BELEID (VERVOLG)

aangewys word as skanse, kan die tydwaarde van geld nie in die eensydige verskansingsrisiko ingesluit word nie. (Effektief vanaf 1 Julie 2009).

- IAS 39 & IFRS 7 – *Herklasifikasie van finansiële bates*. Die wysigings stel die moontlikheid, onder beperkte omstandighede, van herklasifikasie van sekere finansiële bates, voorheen geklassifiseer as “gehou vir verhandeling” of “beskikbaar vir verkoop”, na ’n ander kategorie voor. Verskeie openbaarmakings word vereis indien ’n herklasifikasie gemaak is. Afgeleide instrumente en bates aangewys “teen billike waarde deur wins en verlies” onder die billike waarde opsie, kan nie herklasifiseer word nie. (Effektief vanaf 1 Julie 2008).
- IFRS 1 & IAS 27 – Eerste toepassing van IFRS en gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state. Die wysiging laat met die eerste toepassing daarvan toe om die aanvanklike koste van beleggings in filiale, gesamentlikbeheerde-entiteite en geassosieerdes in die afsonderlike finansiële state te meet. (Effektief vanaf 1 Januarie 2009).
- IFRIC 15 – *Ooreenkomste vir die konstruksie van eiendomme*. Die standpunt spreek die diversiteit in die rekeningkundige hantering van eiendomsverkope en verwante kostes van ontwikkelings aan. (Effektief vanaf 1 Januarie 2009).
- IFRIC 16 – *Skans van netto beleggings in buitelandse bedryf*. IFRIC 16 verskaf riglyne rakende die posisie in ’n groep waaronder verskansingsinstrumente wat skanse van ’n netto belegging in ’n buitelandse bedryf uitmaak, gehou kan word om te kwalifiseer vir die toepassing van ’n effektiewe skans. (Effektief vanaf 1 Januarie 2009).
- IFRIC 17 – *Uitkering van nie-kontant bates na eienaars*. Riglyne word verskaf deur IFRIC 17 rakende die uitkering van nie-kontant bates aan eienaars om gemeenskaplike hantering daarvan te verseker tussen entiteite. (Effektief vanaf 1 Julie 2009).
- IFRIC 18 – *Oordrag van bates vanaf debiteure*. Hierdie IFRIC hanteer die rekeningkundige hantering van ontvangste van bates vanaf telekomsmaatskappye soos netwerke en ander dienste of goedere. (Effektief vanaf 1 Julie 2009).

## 2. Betekenisvolle rekeningkundige beleide

### 2.1 Basis van konsolidasie

Die gekonsolideerde finansiële state bevat die finansiële state van Senwes Bpk en sy filiale soos op 30 April 2009.

#### 2.1.1 Filiale en spesiale doel entiteite

Filiale is entiteite waar beheer oor die entiteite se bedryfs- en finansiële beleide uitgeoefen kan word om voordeel uit hulle aktiwiteite te trek of waarin die groep die meerderheid van die stemreg besit.

Spesiale doel entiteite is entiteite waar die groep die reg hou om beheer oor die entiteite uit te oefen en hulle word in die groep finansiële state gekonsolideer. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit die bates en laste van al die filiale en hulle resultate vir die periode in. In die geval van ’n verkryging of ’n verandering in belang gedurende die jaar, word die resultate van die betrokke filiale ingesluit vanaf die datum van effektiewe beheer of tot die effektiewe datum waarop effektiewe beheer geëindig het. Intergroeptransaksies, -balanse en ongerealiseerde winste en verliese tussen entiteite in die groep word uitgeskakel. Al die filiale het dieselfde finansiële jaareinde en rekeningkundige beleid as die houermaatskappy.

Enige voorsienings vir beleggingafskrywings as gevolg van opgehoopte verliese wat in die entiteit ontstaan, word by konsolidasie teruggedra. Waar waardedalings plaasvind, word dit teen die betrokke bateklas verantwoord. Belegging in filiale op maatskappyvlak word getoon teen kosprys min enige voorsienings vir waardedalings.

Minderheidsbelange verteenwoordig die gedeelte van die winste of verliese en netto bates wat nie deur die groep gehou word nie. Dit word apart voorgestel in die gekonsolideerde inkomstestaat sowel as apart van die houer maatskappy se aandeelhoudersbelang as deel van die ekwiteit in die gekonsolideerde balansstaat. Verkryging van minderheidsbelang word rekeningkundig verantwoord deur die verskil in netto bate waarde en die bates verkry te toon as klandisiewaarde.

#### 2.1.2 Gesamentlike ondernemings

Gesamentlike ondernemings is sakeondernemings waarin die groep, tesame met een of meer ander entiteite, ’n ekonomiese aktiwiteit beoefen wat aan gesamentlike beheer onderworpe is. Die groep se belang in gesamentlike ondernemings word volgens die metode van proporsionele konsolidasie verantwoord. Die inkomstestaat, balansstaat, kontantvloeistaat en staat van verandering in ekwiteit sluit die groep se aandeel van inkomste, uitgawes, bates, laste en kontantvloei van hierdie gesamentlik ondernemings op ’n lyn-vir-lyn-grondslag in.

#### 2.1.3 Beleggings in geassosieerdes

Die groep se beleggings in geassosieerdes word rekeningkundig verantwoord deur gebruik te maak van die ekwiteitsmetode. ’n Geassosieerde is ’n entiteit waarin die groep beduidende belang het. Verkryging van beleggings kan aangetoon word as finansiële bates beskikbaar vir verkoop totdat beduidende beheer verkry is in daardie belegging. Ongerealiseerde winste en verliese op transaksies tussen Senwes Bpk en die geassosieerde word geelimineer tot die omvang van die belang in die geassosieerde. Klandisiewaarde is in gesluit in die drawaarde van die belegging en word nie apart getoets vir waardedaling nie.

Die belegging word volgens die ekwiteitsmetode teen kosprys getoon en daarna vermeerder of verminder met die winste of verliese vanaf die geassosieerde. Uitkerings wat van die geassosieerde ontvang word, verminder dan weer die drabedrag. Die wins vanaf geassosieerdes word op die gesig van die inkomstestaat getoon. Die finansiële state van die geassosieerde word opgestel vir dieselfde verslagdoeningsdatum as dié van die groep.

Na die toepassing van die ekwiteitsmetode, bepaal die groep met elke balansstaat datum of die belegging in die geassosieerde waardedaling sal ondergaan. Indien dit die geval is, word waardedaling bereken as die verskil tussen die verhaalbare bedrag van die geassosieerde en billike waarde. Waardedaling word in die inkomstestaat erken.

’n Belegging in geassosieerdes word teen billike waarde in die afsonderlike finansiële state van die maatskappy erken.

**2.1.4 Ander beleggings**

Alle beleggings word teen billike waarde erken, insluitend alle direkte toeskryfbare verkrygingskoste wat met die belegging geassosieer word. Na aanvanklike erkenning word beleggings wat as beskikbaar-vir-verkoop geklassifiseer word, volgens hulle billike waarde aangepas. Beleggings word andersins na aanvanklike erkenning gemeet teen geamortiseerde koste. Winste of verlies voortspuitend uit billikewaarde-aanpassings aan hierdie beleggings word direk in ekwiteit erken. Sodra die belegging verkoop of vervreem word, word die opgehoopte wins of verlies wat voorheen in ekwiteit aangepas is, as deel van netto wins of verlies in die inkomstestaat ingesluit.

**2.2 Buitelandse valuta****2.2.1 Buitelandse transaksies**

Transaksies in buitelandse valuta word omgeskakel teen toepaslike heersende lokokoers op die transaksiedatums. Monetêre bates en/of laste in buitelandse valuta word teen toepaslike heersende lokokoerse op finansiële jaareinde in Suid-Afrikaanse rand omgerek. Valutaverskille wat by vereffening of verhaling van sodanige transaksies ontstaan, word in die inkomstestaat erken.

**2.2.2 Buitelandse bedrywighede**

Die bates en laste van buitelandse bedrywighede sowel as inkomste en uitgawes, insluitende klandisiewaarde en billike waarde aanpassings wat ontstaan by verkryging, word omgeskakel na die lokokoers op die rapporteringsdatum, uitgesluit buitelandse bedrywighede in hiperinflasiënere ekonomieë.

**2.3 Eiendom, aanleg en toerusting**

Eiendom, aanleg en toerusting word gehou om oor meer as een tydperk ekonomiese voordeel daaruit te trek en word nie verkry om weer verkoop te word nie.

Alle eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys erken. Daarna word dit met verwysing na die kosprys van die bate min opgehoopte depresiasie en waardedalings gemeet.

- Kosprys sluit die koopprys in waar van toepassing invoerheffings, hanteringskoste, leenkoste, installeringskoste, rehabilitaatskoste, aankoopkoste en vervoerkoste in wat direk aan die inwerkingstelling van die bate toegeskryf is of om die bate na die ligging en nodige toestand te bring vir gebruik.
- Eiendom-, aanleg- en toerustingsitems met 'n kosprys van meer as R5 000 word gekapitaliseer, bates minder as R5 000 word onmiddellik teen inkomste afgeskryf.
- Wins en verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting word bereken op grond van hulle drawaardes en in bedryfswins verantwoord. Wanneer 'n deel van 'n eiendom-, aanleg- en toerustingsitem vervang word, word die vervangde deel nie erken nie, maar afgeskryf as instandhouding in gevalle waar dit deel vorm van die dag tot dag diens van die bate. Nieteenstaande, sal 'n vervangende gedeelte wel as 'n bate erken word sodra die erkenningskriteria nagekom word.

Die drawaardes van eiendom, aanleg en toerusting word oorweeg vir waardedaling wanneer gebeure of verandering in omstandighede daarop dui dat die drawaardes nie meer verhaalbaar is uit verdienvermoë of realisasie van die bates nie.

Depresiasie word oor die verwagte nuttige lewensduur teen 'n vaste paalement-grondslag teen die volgende koerse bereken:

	%
• Grond	-
• Geboue en verbeterings	2,5 - 2,85
• Masjinerie en toerusting	7,5 - 33,3
• Voertuie	20

Depresiasie begin wanneer 'n bate beskikbaar is vir gebruik, selfs al is dit nog nie in gebruik geneem nie. Elke deel van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting met 'n beduidende kosprys vergeleke met die totale kosprys van die item, word afsonderlik gedeprimeer. Grond word nie gedeprimeer nie omdat dit geag word 'n onbeperkte lewensduur te hê.

Die bruikbare leeftyd en reswaardes van eiendom, aanleg en toerusting word jaarliks geëvalueer. Die evaluasie ten opsigte van bruikbare leeftyd en reswaardes van bates kan eers met sekerheid vasgestel word wanneer items van eiendom, aanleg en toerusting die einde van hul leeftyd nader. Evaluasies van bruikbare leeftyd en reswaarde kan 'n groter of kleiner depresiasieuitgawe tot gevolg hê. Indien die reswaarde van 'n bate gelyk is aan die drawaarde daarvan, sal daar 'n verandering in raming van depresiasie wees.

**2.4 Voorraad**

Voorraad verteenwoordig bates wat gehou word vir herverkoop in die normale gang van sake om bates vir verkoop te lewer of vir gebruik in produksieprosesse of lewering van dienste. Ingesluit in voorraadkoste is die kosprys, produksiekoste en enige koste aangegaan om dit tot die huidige ligging en toestand daarvan te bring, gereed vir die beoogde doel. Rente word nie by voorraadkoste ingesluit nie, maar erken as 'n uitgawe in die tydperk aangegaan.

Ingesluit in produksiekoste, is koste direk toeskryfbaar aan eenhede geproduseer en direkte koste soos direkte lone, salarisse en veranderlike bokoste sowel as die sistematiese toedeling van vaste produksiebokoste gegrond op die produksiefasiliteit se normale kapasiteit.

Die kosprys van graan- en handelsvoorraad word volgens die metode van geweegde gemiddelde koste bepaal, tensy dit as gevolg

# REKENINGKUNDIGE BELEID (VERVOLG)

van die voorraad se kenmerke toepaslik is om 'n ander basis te gebruik. Voorraad se kospryse wat op 'n ander basis as geweegde gemiddelde koste bepaal word, is soos volg:

- |                            |                                       |
|----------------------------|---------------------------------------|
| • Meganisasie heelwerktuie | Aankoopprys                           |
| • Graancommoditeite        | Spesifieke kontrakprys/billike waarde |
| • Ander voorraad           | Eerste in, eerste uit (EIEU)          |

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die normale gang van sake min geraamde koste wat nodig is om die verkoop te beklink. Die koste van voorraad word gemeet op grond van hulle kenmerkende eienskappe, wat betref hulle aard en gebruik.

## 2.5 Agentskapsgraandebiteure

Agentskapsgraandebiteure verteenwoordig betalings namens derde partye ten opsigte van landbouprodukte ontvang vanaf produsente en wat by lewering van sodanige landbouprodukte deur die derde party aan hulle betaalbaar is. Dit sluit in verkope met betrekking tot verkoopskontrakte waarvoor voorraad as sekuriteit dien.

## 2.6 Uitgestelde belasting

Voorsiening vir uitgestelde belasting ten opsigte van tydelike verskille wat tussen die belastingbasisse van bates en laste en hulle drawaardes vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes ontstaan, word gemaak deur die heersende belastingkoers op die jaareinde toe te pas. Die aanspreeklikheid vir uitgestelde belasting of uitgestelde belastingbates word met enige verandering in die inkomstebelastingkoers aangepas.

Volgens hierdie metode moet die groep voorsiening maak vir uitgestelde inkomstebelasting op waardasies van sekere nie-bedryfsbates en op die verskil tussen billike waardes en die belastingbasis van bates tydens verkryging. Uitgestelde belastingbates voortspruitend uit alle aftrekbare tydelike verskille word beperk tot die mate dat toekomstige belasbare inkomste waarskynlik beskikbaar sal wees waarteen die tydelike verskille benut kan word.

Die drabedrag van uitgestelde belastingbates word op elke balansstaatdatum geëvalueer en aangepas tot die mate dat dit nie meer waarskynlik is dat toereikende belasbare wins beskikbaar sal wees om dit moontlik te maak dat 'n deel van of die hele uitgestelde belastingbate benut word nie. Nie-erkende uitgestelde belastingbates word op elke balansstaatdatum opnuut geraam en word erken in die mate dat dit waarskynlik geword het dat toekomstige belasbare inkomste dit moontlik sal maak om die uitgestelde belastingbate te verhaal.

## 2.7 Verpligting ten opsigte van langtermyn werknemervoordele

### 2.7.1 Aftreeverpligting

Die aftreeverpligting behels 'n omskrewe bydraeplan geregistreer in terme van die Pensioenfondswet, 1956, en die bates word deur trustees geadministreer. Befondsing geskied ingevolge diensvoorwaardes deur middel van bydraes deur die maatskappy, deelnemende filiale asook personeel. Bydraes word in die inkomstestaat erken in die periode waarin dit aangegaan word. Omrede die fondse omskrewe bydraefondse is, word enige onder-befondsing wat moontlik kan ontstaan wanneer die waardes van bates daal tot benede dié van die bydraes deur lede geabsorbeer by wyse van verlaagde voordele. Gevolglik dra die groep geen blootstelling ten opsigte hiervan nie.

### 2.7.2 Na-aftrede-mediesesorgverpligting

Voorsiening vir toekomstige koste van na-aftrede mediese verpligting word teen inkomste gemaak, gegrond op 'n jaarlikse onafhanklike aktuariële waardasie. Aktuariële winste en verliese word erken in die jaar waarin dit ontstaan. Op die balansstaatdatum het die voorsiening 100% van die verpligting beloop gegrond op sekere aanvaarde aannames.

### 2.7.3 Aandeelgebaseerde betalingstransaksie

Winsdeling- en bonusbetalings wat nie binne twaalf maande na die jaareinde betaalbaar is nie, word as langtermyn werknemersvoordele getoon.

Sleutelpersoneel van die groep ontvang vergoeding vir dienste gelewer in die vorm van aandeelgebaseerde betalingstransaksies as deel van 'n aandeelapresiasieskema (kontantvereffende aandeelgebaseerde transaksie).

Die koste vir die kontantgebaseerde transaksie word oorspronklik gemeet teen billike waarde vanaf die datum toegeval deur gebruik te maak van ekonomiese vooruitskattingsmodel. Die model neem die terme en voorwaardes in ag volgens aantekening 15. Die billike waarde word as uitgawe erken oor die periode tot en met vestiging van die aandeelwaardestygingsregte. Die verpligting word ook oor die tydperk tot en met vestiging, in verhouding tot die uitgawe voorsien. Die groep raam die verpligting na billike waarde op elke verslagdoeningsdatum en op die datum van vereffening, en elke verandering in billike waarde word erken in die inkomstestaat.

## 2.8 Korttermyn werknemersvoordele

Dit sluit normale voordele soos salarisse, lone, betaalde verlof, siekteverlof, winsdeling- en ander bonusse asook byvoordele in ten opsigte van huidige personeel en word teen inkomste gedebiteer in die tydperk waarin dit aangegaan word. 'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van aansporingsbonusse wanneer 'n wetlike of konstruktiewe verpligting bestaan en 'n akkurate beraming van die verpligting gemaak kan word.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van die verpligting ten opsigte van beide normale en langdiensverlofdae wat opgehoop is, omgeskakel na 'n randwaarde op jaareinde, gegrond op die kontantekwivalent daarvan. Die nodige aanpassing word teen inkomste in die inkomstestaat verreken.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van opgelope normale dertiende tjeek bonusse omdat pro rata uitbetaling geskied indien bedanking plaasvind voor die personeel se normale gekose uitbetalingsdatum.

Uitdienstredingsvoordele by diensbeëindiging word as 'n verpligting en uitgawe erken wanneer die onderneming verbind is om die pos voor die werknemer se normale aftrede af te skaf of wanneer voordele aangebied word om vrywillige oortollige diensbeëindiging aan te moedig. Indien dit egter onseker is wie die aanbod sal aanneem, word slegs 'n voorwaardelike aanspreeklikheid openbaar.

## 2.9 Inkomste erkenning

Inkomste verteenwoordig die netto gefaktureerde waarde van goedere en dienste sowel as enige kommissie ontvang voortspruitend uit die aktiwiteite as graanhanteerder en verskaffer van versekering en finansiële dienste. Rente ontvang wat voortspruit uit kredietverskaffing word ook as inkomste getoon, maar slegs in die mate dat invordering redelik seker is. Inkomste word getoon met die uitsluiting van belasting op toegevoegde waarde. Inkomste word teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang of ontvangbaar is, getoon. Intergroepverkope word geëlimineer op groepsvlak.

Inkomste uit verkope van goedere word erken wanneer wesenslike risiko's en vergoeding vir eienaarskap van die goedere aan die koper oorgedra word en dit redelik seker is dat die ekonomiese voordele van die transaksie na die onderneming sal vloei. Inkomste uit agentskapsgraanbeteure word op 'n tydsverhoudingsgrondslag erken na gelang dienste gelewer word. Inkomste uit dienste gelewer word erken deur die stadiums van voltooiing op die balansstaatdatum in ag te neem en/of indien die resultaat daarvan redelik akkuraat bepaal kan word. Indien inkomste nie redelik akkuraat bepaal kan word nie, word die inkomste slegs erken tot die omvang van verhaalbare uitgawes aangegaan.

By graanverkoopstransaksies word prysrisikoblootstelling met betrekking tot aankope verskans deur verkope aan die termynbeurs Safex. Indien die doelwit dus verskansing is, eerder as lewering aan Safex, word hierdie transaksies uit inkomste geëlimineer.

Direkte leweringstransaksies met betrekking tot brandstof, kunsmis, saad en ander boerderyinsette word uit inkomste geëlimineer omdat die aard daarvan ooreenstem met agentskapsbeginsels eerder as optrede as prinsipaal. Die onderliggende rede vir die transaksies is finansiering. Die kommissie verdien op die transaksies word as inkomste verantwoord.

Dividende ontvang uit beleggings word erken wanneer die laaste datum vir registrasie verstryk het.

## 2.10 Finansiële bates, -instrumente en billike waarde

Finansiële bates word erken wanneer die groep die reg of toegang tot ontvangs van ekonomiese voordele het. Sodanige bates bestaan uit kontant, 'n kontraktuele reg om kontant te ontvang of enige ander finansiële bate. Finansiële verpligtinge word erken indien 'n verpligting bestaan om ekonomiese voordele oor te dra en daardie verpligting 'n kontraktuele verpligting is om kontant of enige ander finansiële bate of 'n finansiële instrument aan 'n ander entiteit oor te dra.

### 2.10.1 Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies

Finansiële bates binne die omvang van IAS 39 word geklassifiseer as finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies, lenings en bedrae ontvangbaar, gehou tot verval beleggings, of beskikbaar vir verkoop finansiële bates. Aanvanklike erkenning van finansiële bates is teen billike waarde en die klassifikasie word deur die groep bepaal.

### 2.10.2 Gehou-tot-verval-beleggings

Gehou-tot-verval-beleggings is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare betalings en vaste vervaldatums en 'n definitiewe voorneme en vermoë bestaan om dit tot vervaldatum te hou. Winste en verliese word erken in wins of verlies wanneer die beleggings onterken word, waardedaling op geneem word sowel as wanneer bates geamortiseer word.

### 2.10.3 Lenings en debiteure

Lenings en debiteure is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare betalings wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer word nie. Dit word in bedryfsbates ingesluit. In die geval van vervaldatums langer as twaalf maande na die balansstaatdatum, word dit as niebedryfsbates geklassifiseer. Lenings en debiteure word as handels- en ander debiteure geklassifiseer, en as ander debiteure gefinansier deur 'n kommersiële finansierder, in die balansstaat ingesluit. Lenings en debiteure word aanvanklik teen billike waarde erken. By die daaropvolgende meting word debiteure teen geamortiseerde koste volgens die effektiewe rentekoers metode waardeer. Dit sluit in die oorspronklike fakturering min enige voorsienings as gevolg van waardedalings. Lenings aan filiale, geassosieerde en gesamentlike ondernemings word aanvanklik teen kosprys plus transaksiekoste indien van toepassing erken. Afbetalingsooreenkomste en termynlenings word erken teen die bruto waarde van uitstaande paaiemente min onverdiende finansieringskoste en word dus as drabedrag van die ooreenkoms geopenbaar. Paaiemente word verdeel tussen finansieringskoste en die kapitaaldelging van die uitstaande verpligting.

### 2.10.4 Finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop

Finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop is nie-afgeleide instrumente wat óf in hierdie kategorie aangewys word, óf nie in enige van die ander kategorieë geklassifiseer word nie. Na aanvanklike erkenning word finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop gemeet teen billike waarde waar ongerealiseerde winste en verliese erken word na ekwiteit totdat die belegging onterken word.

## REKENINGKUNDIGE BELEID (VERVOLG)

of bepaal word dat waardedaling op die belegging plaasgevind het, waar die opgelope winste of verliese dan in die wins of verlies aangeteken word.

Finansiële bates word aanvanklik waardeer teen billike waarde plus transaksiekoste. Transaksiekoste ten opsigte van finansiële bates geklassifiseer teen billike waarde deur wins of verlies word as 'n uitgawe hanteer. Transaksiekoste is inkrementele koste wat direk toeskryfbaar is aan die aankoop van die finansiële bate, dit wil sê koste wat nie aangegaan sou word indien die bate nie aangekoop was nie. Finansiële bates word onderken sodra die reg om kontantvloeit uit beleggings te ontvang, verval of oorgedra is en die groep substansieel alle risiko en opbrengs van eienaarskap oorgedra het.

Kontant en kontantekwivalente word waardeer teen billike waarde met veranderings in billike waarde wat in die inkomstestaat erken word.

### 2.11 Afgeleide finansiële instrumente

Die groep gebruik afgeleide instrumente by die bestuur van besigheidsrisiko's. Dit word aanvanklik teen kosprys in die balansstaat erken (wat die billike waarde op daardie datum is) en daarna teen billike waarde herwaardeer. Die metode om die gevolglike wins of verlies te erken, word bepaal deur die aard van die item wat verskans word. Die groep ken sekere finansiële instrumente toe as:

- 'n Verskansing van die blootstelling aan veranderinge in die billike waarde van 'n erkende bate of las of 'n nie-erkende vaste verbintenis (billike waarde skans); of
- 'n Verskansing van die blootstelling van die verandering in kontantvloeit wat toeskryfbaar is aan 'n bepaalde risiko wat geassosieer is met 'n erkende bate of las of hoogs waarskynlike vooruittransaksie (kontantvloeiskans).

Veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegewys is en as billike waarde skanse kwalifiseer, en hoogs effektief is, word in die inkomstestaat verantwoord tesame met enige veranderinge in die billike waarde van die verskanste bate of verpligting wat aan die verskansingsrisiko toeskryfbaar is en word dus effektief met mekaar verreken. Veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegewys is en as kontantvloeiskanse kwalifiseer, en ook hoogs effektief is, word in ekwiteit verantwoord. Die oneffektiewe gedeelte van 'n kontantvloeiskans word onmiddellik in die inkomstestaat erken. Indien die vooruittransaksie tot gevolg het dat 'n bate of verpligting erken word, word die wins of verlies wat vroeër in ekwiteit uitgestel is, uit ekwiteit oorgeplaas en ingesluit in die aanvanklike bepaling van die koste van die bate of verpligting. Andersins word bedrae wat in ekwiteit uitgestel is na die inkomstestaat oorgeplaas en as inkomste of uitgawe geklassifiseer in dieselfde periode dat die verskanste vaste verbintenis of vooruittransaksie die inkomstestaat beïnvloed.

Veranderinge in die billike waarde van enige afgeleide instrument wat nie vir verskansingsrekeningkundige verantwoording met verwysing na IAS 39 kwalifiseer nie, word onmiddellik in die inkomstestaat erken. Indien 'n verskansingsinstrument verval of verkoop word, of indien 'n skans nie meer aan die kriteria vir verskansingsrekeningkundige verantwoording voldoen nie, word enige kumulatiewe wins of verlies wat op daardie tydstip in ekwiteit bestaan in ekwiteit behou en erken wanneer die vooruittransaksie finaal in die inkomstestaat erken word. Indien verwag word dat 'n vooruittransaksie nie meer sal plaasvind nie, word die kumulatiewe wins of verlies waarvan verslag gedoen word onmiddellik na die inkomstestaat oorgeplaas.

By die ontstaan van die transaksie dokumenteer die groep die verhouding tussen die verskansingsinstrument en die verskanste item, asook die risikobestuurdoelwit en strategie vir die aangaan van verskansingstransaksies. As deel van hierdie proses word alle afgeleide instrumente as verskansings aan spesifieke bates en verpligting of aan spesifieke vaste verbintenisse of vooruittransaksies toegewys. Die groep dokumenteer ook waardasies, by ontstaan en deurlopend, om te bepaal of die afgeleide instrument wat in verskansingstransaksies gebruik word wel hoogs effektief is om die veranderinge in billike waarde of kontantvloeit van die verskanste items te verreken.

#### Kommoditeitstermynkontrakte

Die groep tree op in verskeie ooreenkomste (ODT) vooruit koop- en verkoopkontrakte vir die koop en verkoop van kommoditeite. Alhoewel sekere kontrakte deur die fisiese lewering of aflewering in die normale besigheidsaktiwiteite gedek word, word die ODT-kontrakte as 'n finansiële instrument geag. Dit word ingevolge IAS 39 teen billike waarde, waar die groep 'n lang geskiedenis het van netto afhandeling (óf met die ander party, óf om in ander verrekeningskontrakte in te tree), te boek gestel.

Sodanige kontrakte word oorspronklik in die balansstaat teen billike waarde erken en daarna teen billike waarde herwaardeer. Alhoewel hierdie afgeleide instrumente 'n effektiewe ekonomiese verskansing, binne die groep se risikobestuurbeleid bewerkstellig, kwalifiseer dit nie om erken te word volgens die spesifieke verskansingsrekeningkundige reëls van IAS 39 nie. Veranderinge in die billike waarde van enige verskansingsinstrument wat nie kwalifiseer om verreken te word volgens IAS 39 nie, word onmiddellik in die inkomstestaat erken.

#### Verrekening

Indien 'n wetlike reg op verrekening vir erkende finansiële bates en laste bestaan en indien beoog word om die betrokke bates en laste gelyktydig of op 'n netto grondslag te vereffen, word die bedrae verreken. Finansiële instrumente waartoe die groep 'n party is, word in aantekening 19 geopenbaar.

### 2.12 Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente, wat 'n geïntegreerde deel van kontantbestuur uitmaak, sluit kontant op hande en oortrokke

banksaldo's en korttermynlening in. Oortrokke banksaldo's en korttermynlenings word as bedryfslaste getoon. Vir die doeleindes van die kontantvloeistaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant en kontantekwivalente soos hierbo gedefinieer, na inagneming van oortrokke bankrekeninge.

### 2.13 Bedryfshure

Hure ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting waar al die wesenlike risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg op 'n bate deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings gemaak vir bedryfshure, word op 'n reguitlynbasis oor die tydperk van die huurkontrak in die inkomstestaat erken. Toekomstige eskalاسies ingevolge huurkontrakte word bereken en die gemiddelde huuruittgawe word in gelyke bedrae oor die huurtermyn erken, slegs indien 'n vaste eskalاسiekoers kontraktueel ooreengekom is.

### 2.14 Waardedaling van bates

Alle kategorieë bates word by verslagdoening met die oog op waardedalings heroorweeg. (Sien aantekeninge 2, 3).

#### Bates

Op elke verslagdoeningsdatum oorweeg die groep of enige aanduidings van 'n waardedaling van 'n bate bestaan. Indien so 'n aanduiding bestaan, maak die groep 'n raming van die verhaalbare bedrag van die bate. Die verhaalbare bedrag van 'n bate of die kontant genererende eenheid, waarin dié bate en ander bates gebruik word, is die hoogste van die billike waarde min verkoopskoste of die gebruikswaarde daarvan. Indien die drabedrag van 'n bate die verhaalbare bedrag oorskry, word die waardedaling bepaal en die drabedrag tot die verhaalbare bedrag afgeskryf. Indien die gebruikswaarde bepaal word, word die verwagte toekomstige kontantvloei verdiskonteer tot 'n huidige waarde deur middel van 'n voorbelaste verdiskonteringskoers wat die huidige markaanslag van die tydwaarde van geld en spesifieke risiko's verbonde aan die bate weerspieël. Waardedalingsverliese van voortgesette bedrywe word in die inkomstestaat erken.

Indien 'n aanduiding bestaan dat voorheen erkende waardedalingsverliese nie meer bestaan nie of dat dit kleiner geword het, word 'n raming van die verhaalbare bedrag van die betrokke bate weer gemaak en indien nodig word die waardedaling tot die verhaalbare bedrag teruggeskryf. Die terugskrywing mag nie tot gevolg hê dat die drawaarde hoër is as wat dit sou wees as 'n waardedaling nie voorheen ten opsigte van die bate aangebring was nie. Na so 'n terugskrywing word die depresiasie uitgawe in toekomstige tydperke aangepas om die aangepaste drabedrag van die bate, min die oorblywende waarde daarvan, stelselmatig oor die oorblywende bruikbare leeftyd toe te deel.

#### Debiteure en bedrae ontvangbaar

'n Raming word op elke balansstaatdatum gemaak om te bepaal of objektiewe bewys bestaan dat waardedaling ten opsigte van 'n finansiële bate of groep finansiële bates plaasgevind het. Objektiewe bewys van waardedaling sluit in waarneembare gegewens wat in verband met die bate onder die aandag van die groep kom as gevolg van die volgende potensieële verliesgebeurtenisse:

- Finansiële agteruitgang; of
- Kontraktbreuk, soos wanbetaling, agterstallingheid; of
- Waarskynlikheid dat die lener met insolvensiestappe of ander finansiële reorganisasie sal begin; of
- Verdwyning van 'n aktiewe mark vir daardie finansiële bate weens finansiële krisis; of
- Aanduidings dat 'n meetbare afname in die geraamde toekomstige kontantvloei uit die groep finansiële bates sedert die aanvanklike erkenning van daardie bates plaasgevind het.

Waardedaling word bepaal as die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag. Die waardedaling word bereken op 'n basis van toekomstige kontantvloei te verdiskonteer na 'n huidige waarde teen 'n geweegde gemiddelde koers waarteen 'n finansiële debiteur of groep debiteur gekontrakteer word.

'n Waardedalingsvoorsiening word bereken indien bewyse bestaan dat die groep nie alle bedrae, soos vasgestel in die oorspronklike terme, van die debiteure kan verhaal nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drawaarde en die verhaalbare bedrag, wat die huidige waarde van toekomstige kontantvloei is (uitgesluit toekomstige kredietverliese nog nie aan blootgestel nie), verdiskonteer teen die oorspronklike effektiewe rentekoers van die finansiële bate soos by die erkenning van die bate bereken. Slegte skulde word afgeskryf in die jaar waarin dit plaasvind of geïdentifiseer word.

### 2.15 Voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede

#### Voorsienings en ander aanspreeklikhede

Voorsienings is aanspreeklikhede waarvan die tydsberekening of bedrag onseker is en dus om dié rede van ander krediteure onderskei. Voorsienings word slegs erken as:

- 'n Huidige afgeleide of wetlike verpligting bestaan weens 'n vorige gebeurtenis;
- Uitvloei van ekonomiese voordele waarskynlik is om die verpligting na te kom; en
- Betroubare raming van die bedrag gemaak word.

Voorsienings word gemeet teen die beste raming van die vereiste uitgawe om die huidige verpligting na te kom op die balansstaatdatum. Voorsienings word in aantekening 15 geopenbaar.

Aanspreeklikhede is huidige verpligtinge voortspruitend uit vorige gebeure, wat, indien nagekom, na verwagting tot gevolg

# REKENINGKUNDIGE BELEID (VERVOLG)

sal hê dat ekonomiese voordele uit die onderneming sal vloei en word onmiddellik verantwoord ná die gebeurtenis wat die verpligting laat ontstaan het. Aanspreeklikhede vorm deel van krediteure in die balansstaat.

## Voorwaardelike aanspreeklikhede

Voorwaardelike aanspreeklikhede is moontlike verpligtinge voortspruitend uit vorige gebeure waarvan die bestaan slegs bevestig sal word wanneer een of meer onseker toekomstige gebeurtenisse wat buite die volle beheer van die onderneming is, plaasvind of nie plaasvind nie.

Voorwaardelike aanspreeklikhede kan ook ontstaan uit 'n huidige verpligting voortspruitend uit vorige gebeure maar word nie erken nie omdat:

- Dit onwaarskynlik is dat 'n uitvloeï van ekonomiese middele sal plaasvind; en/of
- Die bedrag nie betroubaar gemeet of geraam kan word nie.

Voorwaardelike aanspreeklikhede word nie opgeteken nie maar bloot by wyse van 'n aantekening in die finansiële state geopenbaar. (Sien aantekening 16.)

## 2.16 Niebedryfsbates gehou vir verkoop en beëindigde bedrywe

'n Beëindigde bedryf is 'n komponent van 'n entiteit wat óf vervreem óf geklassifiseer as gehou-vir-verkoop en:

- Verteenwoordig 'n afsonderlike belangrike sakesegment of geografiese gebied van bedrywighede;
- Is deel van 'n enkele gekoördineerde plan om 'n afsonderlike belangrike sakesegment of geografiese gebied van bedrywighede te vervreem; of
- Is 'n filiaal wat met die uitsluitlike doel om dit te verkoop, verkry is.

'n Item word geklassifiseer as gehou-vir-verkoop as die drabedrag daarvan hoofsaaklik deur 'n verkoopstransaksie in plaas van voortgesette gebruik verhaal sal word. By beëindiging word die na-belaste wins of verlies in die inkomstestaat getoon.

## 2.17 Segmentverslagdoening

Die groep se primêre formaat vir segmentverslagdoening is die volgende besigheidsegmente: Kredietverskaffing, Insetverskaffing, Marktoegang, Diverse bedrywe en Korporatiewe items.

- Intersegmentele oordragte: segmentinkomste, segmentuitgawes en segmentresultate sluit oordragte tussen besigheidsegmente in. Hierdie oordragte geskied op 'n armslengtebasis maar word by konsolidasie geëlimineer.
- Segmentinkomste en -uitgawes: Inkomste en uitgawes wat direk met segmente verband hou, word spesifiek aan daardie segmente geallokeer.
- Segmentbates: sluit alle bedryfsbates wat deur 'n segment gebruik word in, met inagneming van kontant, bedrae ontvangbaar, voorraad en eiendom, aanleg en toerusting, netto van voorsienings.
- Segmentlaste sluit alle bedryfsverpligtinge in en bestaan hoofsaaklik uit bedrae betaalbaar.

## 2.18 Leenkoste

Leenkoste word erken as 'n uitgawe wanneer dit aangegaan word.

## 2.19 Rentedraende lenings en skuld

Alle lenings en skuld word aanvanklik erken teen die billike waarde van die bedrag ontvang ingesluit direk toeskryfbare transaksiekoste. Na erkenning word rentedraende lenings en skuld gevolglik getoon teen geamortiseerde koste deur die effektiwye rentekoersmetode te gebruik. Winste en verliese word in die balansstaat getoon wanneer bedrae nie meer as laste erken word nie, asook by wyse van amortisasie.

## 3. Betekenisvolle rekeningkundige oordeel en ramings

Tydens die voorbereiding van die maatskappy en groep gekonsolideerde finansiële state word daar vereis dat bestuur oordeel gebruik ten opsigte van ramings en oorwegings wat die bedrae van inkomste, uitgawes, bates en laste, asook die openbaarmaking van voorwaardelike aanspreeklikhede kan beïnvloed. Onsekerhede rakende die oordeel en ramings kan die resultate wesenlike veranderinge in die finansiële state tot gevolg hê.

### 3.1 Oordeel en ramings

Die kern van ramings rakende die toekoms en ander sleutelkenmerke op balansstaatdatum wat wesenlike invloed op die balans van bates en aanspreeklikhede gedurende die volgende finansiële jaar kan veroorsaak, word verder na verwys.

### 3.2 Aandeel gebaseerde betalings

Die groep bepaal die koste van kontant vereffende aandeel gebaseerde transaksies vir sekere werknemers deur verwysing na billike waarde op die uitreikingsdatum deur gebruik te maak van 'n ekonomiese vooruitskattings model. Hierop word die terme en voorwaardes wat tydens uitreiking van toepassing was ook in berekening gebring. Die billike waarde word teboekgestel as 'n uitgawe oor die periode totdat dit vestig op daardie stadium. Daarteenoor word die verpligting ook erken in die balansstaat. Die verpligting word gemeet op elke balansstaatdatum insluitende die vereffeningveranderinge soos erken in die inkomstestaat.

### 3.3 Voorsiening vir na-aftrede mediese verpligtinge

Die koste van na-aftrede mediese voordele word beoordeel deur gebruik te maak van aktuariële waardasies. Aannames rakende die diskontokoerse, sterftevooroordeelkoerse en toekomstige stygings is ingesluit in die aktuariële waardasie. Alle aannames word

hersien teen elke rapporteringsdatum. Met die bepaling van toekomstige diskontokoerse neem bestuur die rentekoers van staatsefekte op daardie stadium in ag. Sterftevoordeelkoerse is gebaseer op die beskikbare publieke sterftevoordeeltabelle. Toekomstige stygings is gebaseer op die verwagte toekomstige stygings in toelae.

**3.4 Billike waarde van finansiële instrumente**

Waar die billike waarde van finansiële bates en laste verantwoord is in die balansstaat en daar nie 'n aktiewe mark bestaan vir die waarde daarvan nie is toepaslike waardasietegnieke gebruik asook verdiskonteerde kontantvloeimodelle. Die insette in daardie modelle word geneem uit bestaande markte waar beskikbaar, indien dit nie beskikbaar was nie, is oordeel gebruik in die vasstelling van waardes. Die ramings en oordele neem insette rakende likiditeits-, krediet- en ander risiko's in ag. Veranderinge in hierdie ramings kan die billike waarde van die finansiële instrumente beïnvloed.

**3.5 Voorsiening vir slegte skulde**

'n Besluitnemingsraamwerk is geïmplementeer soos omskryf in paragraaf 2.14.

**3.6 Voorsiening vir stadig bewegende voorraad**

Voorraad word gewaardeer teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde. Voorsienings word gemaak teen handelsvoorrade volgens die ouderdom en realiseerbaarheid van voorraad.

**3.7 Inkomstebelasting en uitgestelde belastingvoorsienings**

Uitgestelde belastingbates word erken vir alle ongebruikte belastingverliese tot die mate wat die waarskynlikheid bestaan dat belasbare winste daarteen verreken kan word.

**3.8 Voorsiening vir nie-nakoming van voorseisoen graankontrakte**

Berekenings met die volgende vernaamste aannames:

- Wanbetalingskoers ten opsigte van huidige leweringsgeëkstrapoleer uit die totale blootstelling;
- 'n Vaste verhalingskoers ten opsigte van wanbetalings; en
- Kompenserende finansiële instrumente.

# KORPORATIEWE BEHEER- VERSLAG

**D**ie Direksie van Senwes is verbind tot die beste beginsels van effektiewe en gesonde beheer en ag dit as 'n noodsaaklike basis om 'n suksesvolle en florerende besigheid in stand te hou. Op alle vlakke van die besigheid word goeie korporatiewe beheer en etiese gedrag onderskryf, wat deurlopende beleggersvertroue tot gevolg het. Die geloofwaardigheid as resultaat van nakoming van korporatiewe beheer- en regulatoriese vereistes is integraal tot die oorlewing van entiteite in die huidige ekonomiese besigheidsomgewing.

Die Direksie is tevrede dat Senwes alle praktiese moontlike pogings aanwend ten einde aan alle beste korporatiewe praktyke ten opsigte van alle wesenlike en praktiese aspekte te voldoen soos vervat in onder andere King II. Die Direksie beoog ook om nakoming en toepassing van die King III aanbevelings te verseker.

## DIREKTEURE EN DIREKSIKOMITEES

Die Direksie is verantwoordelik vir die totale en effektiewe beheer van die groep. Dit bestaan uit 'n totaal van 14 lede wat saamgestel is uit nie-uitvoerende, onafhanklike nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure. Die voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur en word jaarliks deur die Direksie verkies. Die rolle van die voorsitter en besturende direkteur is geskei.

Direksieveranderinge gedurende die jaar:

- Die uittrede van mnre. Bertus Mostert en Oupa Magashula op 21 Augustus 2008; en
- Die aanstelling van mnre. Nico Liebenberg en Rudolf Pretorius op 21 Augustus 2008 as nie-uitvoerende direkteure.

Ingevolge die Statute van die Maatskappy is die ampstermyn van nie-uitvoerende direkteure drie jaar, waarna vereis word dat hulle by wyse van rotasie elke drie jaar uittree. Uittredende direkteure kan herkies word.

## MAGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die samestelling van die Direksie maak voorsiening vir toepaslike en effektiewe besluitneming, wat verseker dat geen individu buitengewone invloed kan uitoefen nie. Die Direksie se primêre verantwoordelikhede, gebaseer op ooreengekome wesenlikheidsvlakke, sluit in die aandui van strategiese rigting, identifisering van sleutelrisiko-areas, monitering van besluite en prestasie van uitvoerende direkteure, sowel as die oorweging van belangrike finansiële en nie-finansiële aspekte.

Die verantwoordelikhede van die Direksie is vasgestel in die Direksiehandves, wat deur die Direksie goedgekeur is en wat gereeld hersien en verbeter word. Die Handves maak ook voorsiening dat direkteure op die maatskappy se koste onafhanklike professionele advies kan inwin, ten opsigte van alle sake in verband met die maatskappy.

Die magte van die Direksie word ooreenkomstig die Statute toegeken en die Direksie het derhalwe spesifieke magte vir homself gereserveer soos uiteengesit in 'n gewysigde weergawe van die "Reservering van magte". Die Direksie neem oorhoofs verantwoordelikheid vir die nakoming van alle toepaslike wetgewing en regulatoriese vereistes.

## LOPENDE SAAK

Die Direksie het die feite en aannames waarop hy steun ten einde te bepaal of die besigheid as lopende saak sal voortgaan vir die volgende finansiële jaar, oorweeg en geboekstaaf. Die belangrikste faktore en aannames waarop die Direksie sy gevolgtrekking baseer, is behoorlik gedokumenteer en sluit onder andere die winsgewendheid van die groep, kapitaalstruktuur, voldoende finansieringsfasiliteite, geografiese verspreiding, weer-vooruitsigte, oesvooruitsigte, oordragvoorraad, markte, verskaffers, klante, kredietver-skaffing, litigasie, datasekureiteit en ander sosiale verantwoordelikhedsfaktore in.

## Bywoning van direksie- en komiteevergaderings

Die Direksie vergader gereeld, behou volle en effektiewe beheer oor die groep en monitor deurlopend die prestasie. Addisionele direksievergaderings word belê indien omstandighede dit vereis.

Gedurende die jaar onder oorsig is agt direksievergaderings gehou, waarvan die meeste ten volle bygewoon is. Die besonderhede is soos volg:

NAAM VAN DIREKTEUR	SPESIALE			MENSLIKE		
	DIREKSIE	RAADS- KOMITEE	ODUIT- KOMITEE	RISIKO- KOMITEE	HULPBRONNE- KOMITEE	STANDAARDE- KOMITEE
<b>GETAL VERGADERINGS</b>	8	1	3	4	4	2
<b>NIE-UITVOEREND</b>						
JE Grobler (Voorsitter)	8/8	1/1				2/2
JDM Minnaar (Ondervoorsitter)	8/8	1/1	3/3		4/4	2/2
JPL Alberts	7/8	1/1	3/3			
JA ELS	8/8				4/4	
AJ Kruger	8/8		3/3			
NDP Liebenberg (verkies 21/08/2008)*	7/7			3/3		
GNV Magashula (uitgetree 21/08/2008)*	1/1				1/1	
J Mashike	7/8	1/1		4/4		
JA Mostert (uitgetree 21/08/2008)*	1/1			1/1		
JA Boggenpoel	8/8	1/1	2/3	3/3		
M Poee	6/8				4/4	
PR Pretorius (verkies 21/08/2008)*	6/7		1/2			1/1
WH van Zyl	7/8			4/4		2/2
<b>UITVOEREND</b>						
JJ Dique	8/8	1/1		3/4	4/4	2/2
SH Alberts	7/8	1/1		4/4		
F Strydom	8/8	1/1		4/4		

In alle gevalle van afwesigheid is verskoning vooraf aangebied.  
(\* Nie 'n lid van die Direksie of 'n komitee vir 'n volle jaar nie)

### ONAFHANKLIKHEID VAN DIE DIREKTEURE

Die Direksie verwag van al sy lede onafhanklike optrede. Die nie-uitvoerende direkteure toon totale onafhanklikheid van karakter, oordeel en aksie in die uitvoering van hulle pligte.

'n Aantal nie-uitvoerende direkteure het direkte en indirekte belange in die maatskappy, waarvan die besonderhede in die tabel op bladsy 88 geopenbaar word. Die Direksie is bedag hierop, sowel as op enige potensiële botsing van belange wat mag ontstaan, hoe gering ook al. 'n Beleid van gereelde openbaarmaking van belange en uitsluiting van besprekings waarby 'n direkteur 'n belang het, word gevolg ten einde enige sodanige botsings te voorkom.

Die Direksie het ook 'n gedragskode ten opsigte van die verhandeling van aandele in die groep, wat die verhandeling van aandele deur direksielede en senior bestuur streng reguleer. Sekere geslote en oop periodes vir verhandeling is gedurende die jaar soos volg toegepas:

DATUM	STATUS	REDE
1 April 2008	Gesluit	Voorbereiding van finansiële jaareinde
26 Junie 2008	Oop	Publikasie van die jaarresultate
1 Oktober 2008	Gesluit	Voorbereiding van die interim finansiële resultate
3 Desember 2008	Oop	Publikasie van die interim finansiële resultate
2 Maart 2009	Gesluit	Oorweging van aanbeveling van 'n spesiale interim dividend
12 Maart 2009	Oop	Publikasie van kennisgewing van spesiale interim dividend
1 April 2009	Gesluit	Voorbereiding van finansiële jaarverslag

**Die Direksie is verantwoordelik vir die totale en effektiewe beheer van die groep**

Besonderhede van direkteursbelange in die maatskappy soos op jaareinde is soos volg:

NAAM	2009				2008			
	DIREK		INDIREK *		DIREK		INDIREK *	
NIE-UITVOEREND	AANDELE	%	AANDELE	%	AANDELE	%	AANDELE	%
JPL Alberts	-	-	130 683	0,07%	-	0,00%	42 600	0,02%
JA E Els	1 345	0,00%	877 354	0,49%	1 345	0,00%	766 400	0,42%
JE Grobler	-	0,00%	3 803 382	2,10%	-	0,00%	3 012 062	1,67%
AJ Kruger	132 386	0,07%	387 492	0,21%	112 386	0,06%	324 627	0,18%
NDP Liebenberg	-	0,00%	454 506	0,25%	-	0,00%	-	0,00%
PR Pretorius	-	0,00%	1 327 580	0,73%	-	0,00%	-	0,00%
J Mashike	-	0,00%	903 027	0,50%	-	0,00%	170 899	0,10%
JDM Minnaar	-	0,00%	3 682 620	2,04%	-	0,00%	3 285 551	1,82%
WH van Zyl	500 000	0,28%	3 777 374	2,09%	500 000	0,28%	3 344 045	1,85%
<b>UITVOEREND</b>								
JJ Dique	-	0,00%	25 652	0,01%	-	0,00%	23 977	0,01%
F Strydom	295 731	0,16%	224 914	0,12%	295 731	0,16%	47 955	0,03%
SH Alberts	100 926	0,06%	-	0,00%	110 926	0,06%	23 977	0,01%
<b>UITGETREE</b>								
Subtotaal van direkteure	1 030 388	0,57%	15 594 584	8,63%	1 020 388	0,56%	11 042 093	6,12%
Ander aandeelhouders	179 758 920	99,43%			179 768 920	99,44%		
<b>TOTAAL</b>	<b>180 789 308</b>	<b>100,00%</b>			<b>180 789 308</b>	<b>100,00%</b>		

\* Indirekte belang gebaseer op die persentasie van entiteit se aandeelhouding in Senwes vermenigvuldig met die persentasie belang gehou deur die individu.

Sekere direksielede doen ook op 'n armlengtegrondslag besigheid met die maatskappy as deel van Senwes se normale besigheidsaktiwiteite. *Senwes Credit* het ook krediet aan sekere nie-uitvoerende direkteure verleen, ooreenkomstig die maatskappy se normale sakebedrywighede.

Sodanige transaksies word deurlopend geëvalueer en nagegaan ten einde te verseker dat daar op bedryfsvlak aan die maatskappy se beleide voldoen word.

#### Prestasie-evaluering van die Direksie

Die Direksie het vanjaar vir die eerste maal 'n onafhanklike formele en deursigtige prestasie-evalueringproses ten opsigte van homself en die sub-komitees onderneem. Daar is van die direkteure verwag om 'n vraelys, saamgestel deur 'n onafhanklike konsultant in samewerking met die voorsitter en die maatskappysekretaris, te voltooi. Die volgende aspekte is onder andere oorweeg:

- Strategie en kennis van die besigheid asook die sektor;
- Houding en verhoudinge;
- Uitvoering en prestasie;
- Direksievergaderingsadministrasie;
- Komiteestrukture;
- Rolle en verantwoordelikhede;
- Kommunikasie;
- Beheer; en
- Vergoeding.

Die proses was nog nie voltooi teen jaareinde nie, maar gereelde herhaling van die proses word in die vooruitsig gestel.

#### KOMITEES FUNKSIES EN MANDATE

Die Direksie het 'n aantal komitees gevestig wat effektiewe besluitneming fasiliteer en wat die Direksie ondersteun in die uitvoering van sy pligte, magte en gesag. Die komitees funksioneer op 'n deursigtige basis en die voorsitters van die komitees rapporteer gereeld aan die Direksie. Elke komitee se magte en die uitvoering van sy verantwoordelikhede word in terme van spesifieke, geskrewe mandate deur die Direksie beheer.

**Die Direksie het 'n  
aantal komitees  
gevestig wat effek-  
tiewe besluitneming  
fasiliteer en wat die  
Direksie ondersteun in  
die uitvoering van  
sy pligte, magte  
en gesag**

Die Direksie bevestig dat hy oorhoofs verantwoordelik is teenoor die aandeelhouders vir die prestasie van die besigheid en dat die uitvoering van die gedelegeerde magte aan direksiekomitees, nie die Direksie op enige wyse van sy pligte en verantwoordelikhede kwytsteld nie.

### **Ouditkomitee**

Verslag voorberei deur die voorsitter, Johan Alberts

#### **Samestelling**

Die Ouditkomitee bestaan uit vyf nie-uitvoerende direkteure, waarvan twee onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is, wat die voorsitter insluit. Vir individuele lede sien bladsye 6 - 8.

#### **Mandaat en verantwoordelikhede**

In terme van sy mandaat, word die volgende inter alia van die komitee vereis:

- Om aanbevelings oor die aanstelling van eksterne ouditeure en hul fooie te maak;
- Die onafhanklikheid en effektiwiteit van die eksterne ouditeure te oorweeg en enige nie-uditwerk deur sodanige ouditeure te oorweeg en te bepaal of die lewering van sodanige dienste hul onafhanklikheid wesenlik sal beïnvloed;
- Om die tussentydse en jaarlikse finansiële state van die maatskappy en sy filiale te beoordeel;
- Om te verseker dat die finansiële state in ooreenstemming met toepaslike rekeningkundige beleide en internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde opgestel word;
- Die rekeningkundige beleide en prosedures wat deur Senwes aanvaar is en enige wysigings daaraan te oorweeg;
- Die jaarlikse auditplan te aanvaar;
- Die effektiwiteit van bestuursinligting, die jaarlikse audit, die interne auditprogram en die interne kontrolestelsel te beoordeel;
- Te verseker dat die rolle van interne en eksterne audit op 'n gepaste wyse gedefinieer en geskei is; en
- Voldoening aan toepaslike wetgewing en regulatoriese aspekte te monitor.

Die komitee het alle pligte soos hierbo uitgespel, uitgevoer.

Die interne en eksterne ouditeure en die Groep Risikobestuurder het onbepaalde toegang tot die voorsitter van die komitee en lewer ook verslag oor die dag-tot-dag-aangeleenthede aan die Direkteur Finansies en die Besturende Direkteur onderskeidelik.

Die voorsitter van die komitee en die eksterne ouditeure woon die algemene jaarvergadering by om enige vrae oor die maatskappy se finansiële sake en jaarstate te beantwoord.

Die komitee is tevrede dat die 2009 audit wat deur die eksterne ouditeure gedoen is, onafhanklik was en stem saam met die auditverslag.



JPL Alberts

**Voorsitter: Ouditkomitee**

### **Menslike Hulpbronnekomitee**

Verslag voorberei deur die voorsitter, Danie Minnaar

#### **Samestelling**

Die Menslike Hulpbronnekomitee bestaan uit vyf lede, naamlik vier nie-uitvoerende direkteure en een uitvoerende direkteur, naamlik die Besturende Direkteur. Vir individuele lede sien bladsye 6 - 8.



**JOHAN ALBERTS**



**DANIE MINNAAR**

### Mandaat en verantwoordelikhede

Die komitee is verantwoordelik vir die volgende:

- Goedkeuring en handhawing van toepaslike menslike hulpbronne- en vergoedingsbeleide;
- Opvolgbeplanning van uitvoerende bestuur;
- Monitering van die implementering van relevante arbeidswetgewing;
- Monitering van transformasiebeleide in terme van gelyke geleentheid en rapportering aan die Departement van Arbeid;
- Aanbevelings met betrekking tot die vergoeding van nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure aan die Direksie; en
- Ontwerp en aanbeveling van markverwante kort- en langtermyn aansporingskemas en die monitering van die reëls van die skemas.

Senwes se benadering is om vergoedingsvlakke daar te stel wat die toepaslike kaliber direkteure en personeel aantrek, behou en motiveer.

### Uitvoerende direkteure

Die dienskontrak van die Besturende Direkteur is vir 'n vaste termyn. Die dienskontrak van die Besturende Direkteur is hernu en verstryk op 31 Julie 2011, terwyl dié van die ander uitvoerende direkteure ook hernu is vir 'n verdere periode van drie jaar, tot 2011.

### Direkteursvergoeding

Die komitee doen ook aanbevelings aan die Direksie met betrekking tot die vlak van nie-uitvoerende direkteursvergoeding. Nie-uitvoerende direkteure word vergoed vir lidmaatskap van die Direksie en aangewese komitees.

Die vergoedingsvlakke reflekteer die grootte en kompleksiteit van die maatskappy, sowel as die tyd bestee aan die besigheid van die maatskappy. Markpraktyke en vergoedingsopnames word in ag geneem tydens die bepaling van direkteursvergoeding. Die elemente van nie-uitvoerende direkteursvergoeding is:

- 'n Basiese fooi;
- 'n Fooi as lid van 'n direksiekomitee; en
- Reis- en ander toepaslike uitgawes.

Vergoeding vir die jaar onder oorsig was soos volg:

	REIS & ANDER			
	TOTAAL R	VERGOEDING R	UITGAWES R	KOMITEES R
<b>NIE-UITVOEREND</b>				
JE Grobler (Voorsitter)	398 529	283 750	47 619	67 160
JDM Minnaar (Ondervoorsitter)	332 669	198 958	55 171	78 540
JPL Alberts	190 895	123 200	29 995	37 700
JA Boggenpoel	186 748	123 200	29 988	33 560
JA EIs	178 976	123 200	32 936	22 840
AJ Kruger	167 157	123 200	24 177	19 780
NDP Liebenberg (verkies 21/08/2008)	111 161	83 300	11 081	16 780
GNV Magashula (uitgetree 21/08/2008)	50 882	39 900	5 482	5 500
J Mashike	155 636	123 200	15 376	17 060
JA Mostert (uitgetree 21/08/2008)	56 602	39 900	5 702	11 000
M Pooe	148 609	113 421	19 530	15 658
PR Pretorius (verkies 21/08/2008)	106 846	86 631	8 655	11 560
WH van Zyl	194 393	123 200	21 333	49 860

UITVOEREND	TOTAAL	VERGOEDING EN REISKOSTE	KORTTERMYN-	AANDELE
			AANSPO-RINGSKEMA	APPRESIASIE-SKEMA
JJ Dique	9 217 294	3 048 340	6 090 000	78 954
SH Alberts	5 577 048	1 884 393	2 157 216	1 535 439
F Strydom	5 897 757	2 038 054	2 314 789	1 544 914

Uitvoerende direkteure, met uitsondering van die Besturende Direkteur, word op 'n soortgelyke wyse vergoed, met addisionele kort- en langtermyn aansporingsbonusse, gebaseer op die behaling van streng, voorafbepaalde jaarlikse doelwitte wat deur die Direksie oorweeg en goedgekeur is.

Die voorsitter van die komitee woon die algemene jaarvergadering by om enige vrae wat verband hou met die sake waarvoor die komitee besluit, te beantwoord.



JDM Minnaar

**Voorsitter: Menslike Hulpbronnekomitee**

**Risikokomitee**

Verlag voorberei deur voorsitter van die komitee, WH van Zyl

**Samestelling**

Die Risikokomitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure en drie uitvoerende direkteure. Vier vergaderings is gedurende die jaar gehou. Die uitvoerende spanne op bedryfsvlak, die Groep Risikobestuurder en die divisionele risikobestuurders woon ook die komiteevergaderings by en neem ten volle deel in die kritiese risikobestuurbenadering ten einde die voortgesette volhoubaarheid van die besigheid te verseker. Vir individuele lede sien bladsye 6 - 8.

**Mandaat en verantwoordelikhede**

Die komitee staan die Direksie by met die identifisering, beoordeling, evaluering, verlaging en monitering van werklike en potensiële risiko's soos op die maatskappy van toepassing. Hierdie risiko's sluit kort-, medium- en langtermynrisiko's in.




**WH VAN ZYL**



## Direkteure word verkies op grond van hul kundigheid en ondervinding, toepaslik tot die strategiese rigting van die maatskappy

Die komitee vervul 'n belangrike funksie deur te verseker dat die Direksie effektief aanspreeklikheid aanvaar vir risikobestuur. Dit speel 'n strategiese rol in die identifisering en bestuur van risiko's en aksieplanne om die risiko's wat die groep in die gesig staar, pro-aktief aan te spreek. Onafhanklike versekering word verkry ten opsigte van alle sleutel-risiko-areas en verwante interne kontroles is deur die Risikobestuurder en nakomingstrukture binne die maatskappy gevestig.

Die voorsitter van die komitee woon die algemene jaarvergadering by om enige vrae wat verband hou met die maatskappy se risikobestuursproses, te beantwoord.



WH van Zyl

**Voorsitter: Risikokomitee**

### Standaardekomitee

Verslag voorberei deur die voorsitter, JE Grobler

#### Samestelling

Die Standaardekomitee bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure en die Besturende Direkteur. Die komitee het drie keer gedurende die jaar onder oorsig vergader. Vir individuele lede sien bladsye 6 - 8.

#### Mandaat en verantwoordelikhede

Die komitee funksioneer op 'n soortgelyke wyse as 'n nominasiekomitee en is verantwoordelik vir:

- Aanbevelings met betrekking tot die grootte, struktuur, samestelling en kundigheid van die Direksie en direksiekomitees te maak. Die komitees het nie die magtiging om direkteure aan te stel nie, maar is beperk tot die maak van aanbevelings vir oorweging deur die Direksie en aandeelhouers;
- Opvolgbeplanning van die Direksie, voorsitter en ondervoorsitter; en
- Aanbevelings te maak met betrekking tot die toepaslike samestelling van direksiekomitees.

Die komitee staan ook die voorsitter by in sy taak om die prestasie van die Direksie as geheel, asook dié van individuele direksielede, te evalueer.

#### Nominasie van direkteure

Direkteure word verkies op grond van hul kundigheid en ondervinding, toepaslik tot die strategiese rigting van die maatskappy en wat noodsaaklik is om die goeie prestasie daarvan te verseker.

Formele en deursigtige prosedures bestaan vir die nominasie van onafhanklike nie-uitvoerende direksielede. Die Direksie het hierdie verantwoordelikheid na die Standaardekomitee gedelegeer, wat die nodige aanbevelings aan die Direksie maak.

Die voorsitter van die komitee woon die algemene jaarvergadering by om enige vrae wat verband hou met direksiesamestelling en lidmaatskap, te beantwoord.



JE Grobler

**Voorsitter: Standaardekomitee**



**JAPIE GROBLER**

## MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Direksie word in die nakoming van sy voortgesette verantwoordelikhede en verpligtinge deur die Maatskappysekretaris bygestaan. Nuut aangestelde direkteure gaan deur 'n toepaslike induksieproses, aangebied deur die Maatskappysekretaris, wat voorligting oor hul pligte en verantwoordelikhede en die oorhandiging van 'n "Korporatiewe beheer-lêer" insluit. Die lêer bevat die Direksiehandves, gedragskode, mandate van komitees, gereserveerde magtigingsvlakke en die Statute van die Maatskappy.

'n Formele oriënterings- en opleidingsprogram, met huidige en relevante onderwerpe wat wissel van belastingaspekte tot verbruikersbeskerming, is vir ses opeenvolgende jare aangebied en direksielede woon hierdie sessies minstens kwartaalliks by.

Alle direkteure het onbeperkte toegang tot die advies en dienste van die Maatskappysekretaris, Uitvoerende Bestuur en maatskappy-inligting.

Die Maatskappysekretaris hou ook toesig oor voldoening aan toepaslike wetgewing regdeur die groep. Die nakomingstruktuur is gedurende die jaar uitgebrei en 'n Nakomingskomitee is gestig, wat uit senior bestuurslede vanuit die totale maatskappy bestaan. 'n Formele nakomingsbeleid is deur die Nakomingskomitee aanvaar. Die nodige geruststelling word op dié wyse gegee dat regulatoriese nakoming die aandag geniet wat dit in die hoogs gereguleerde Suid-Afrikaanse besigheidsomgewing verdien.

## TOEGANG TOT INLIGTING

Die maatskappy voldoen aan die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2000 en die handleiding in die verband is op die maatskappy se webwerf beskikbaar.

Lede het ook toegang tot die aandeleregister, notules van ledevergaderings en inligting oor botte en aanbiedings, soos op die webwerf gepubliseer. Enige navrae oor die maatskappy kan aan die Maatskappysekretaris as Hoof Inligtingsbeampte gerig word.

## UITVOERENDE KOMITEE

### SAMESTELLING EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die komitee bestaan uit die Besturende Direkteur en die hoofde van die onderskeie afdelings. Die komitee is primêr verantwoordelik vir die bedryfsaktiwiteite van die maatskappy en vir die ontwikkeling van strategie- en beleidsvoorstelle vir oorweging deur die Direksie. Die komitee is ook verantwoordelik vir die implementering van direksiebesluite.

Die komitee, bestaande uit die uitvoerende direkteure, vergader wekeliks op strategiese- en bedryfsvlak en maandeliks met senior bestuur.



*Die uitvoerende bestuurspan.*

*Voor: Gerrit van Zyl, Elmarie Joynt, Johan Dique en Joe Maswanganyi. Agter, van links: Steven Alberts, Frans du Plessis, Francois Strydom en Pieter Esterhuysen.*

# VOLHOU- BAARHEIDS- VERSLAG



JOE MASWANGANYI

Or die afgelope 100 jaar is hierdie organisasie op 'n stewige en volhoubare platform gevestig. Senwes bou steeds voort op hierdie platform terwyl ons die volgende 100 jaar tegemoetgaan. Senwes vertrou dat die pad wat gekies is die groei van die besigheid sal verseker en 'n positiewe impak op beide huidige en toekomstige geslagte sal hê in terme van vooruitgang.

Die doel van hierdie verslag is om alle belanghebbendes, vanaf aandeelhouders, gemeenskappe, werknemers en hul verteenwoordigers, die regering en ander belangstellende partye, in te lig oor Senwes se impak op en sy verpligting teenoor sy werknemers, die omgewing, die plaaslike gemeenskappe en ekonomieë waarbinne hy sake bedryf. Dit beklemtoon die belangrikheid van beleide, strategieë, programme en prestasie van die groep met betrekking tot ekonomiese, sosiale en omgewingsaktiwiteite en beklemtoon 'n aantal merkwaardige prestasies in die meeste van die areas waarop daar strategies gefokus is. Dit lig egter ook sekere areas uit waar die verlangde prestasie nie behaal is nie en wat gefokusde aandag verg.

Die visie van Senwes is om die mees geadmireerde agri-besigheid in Suider Afrika te wees. Hierdie visie is op ons sleutel belanghebbendes gefokus en word derhalwe in terme van die groep se prestasie en verwagtinge van die belanghebbendes geëvalueer. Senwes se doelwit is om waarde vir alle belanghebbendes te skep en voortdurend te verhoog, ooreenkomstig hul behoeftes en verwagtinge. In die strewe na volhoubaarheid word duidelik kennis daarvan geneem dat Senwes se sukses onlosmaaklik verbind is aan die sukses van sy belanghebbendes.

BELANGHEBBENDE	GETEIKENDE STRATEGIESE DOELWIT
Aandeelhouders	Volhoubare hoë opbrengste en waarde geskep in ooreenstemming met risikoprofiel van die belegging.
Klante	As voorkeurverskaffer wat die behoeftes van klante bevredig in terme van produkte, diens, kwaliteit, verhoudings en leweringsmeganisme.
Werknemers	Voorkeurwerkgewer wat 'n bemagtigende, ondersteunende werksomgewing bied, waar diversiteit nagestreef word en werknemers nie net ontwikkel en effektief aangewend word nie, maar ook dienooreenkomstig erkenning ontvang en vergoed word.
Verskaffers	Voorkeurvennoot vir toegang tot geselekteerde markte.
Gemeenskap	'n Besorgde, korporatiewe burger wat 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van die gemeenskap.
Reguleerders en regering	'n Wetsgehoorsame, lojale en verantwoordelike korporatiewe burger wat 'n bydrae lewer tot die groei en transformasie van die landbousektor, plaaslike, provinsiale en nasionale ekonomie.

## PRESTASIEHOOGTEPUNTE GEDURENDE DIE JAAR VIR ONS AANDEELHOUDERS

- Volhoubare hoë opbrengste gelewer op vlakke wat die industrie- en risikoprofiel oortref.

## VIR ONS KLANTE EN VERSKAFFERS

- Verhoogde profiel as voorkeurverskaffer soos gedemonstreer deur verhoogde markaandeel regoor die spektrum van ons geïntegreerde besigheidspartefeuje.
- Volhoubare hoë voedselveiligheidsstandaarde ooreenkomstige die HACCP-vereistes.

## VIR ONS WERKNEMERS

- Beduidende verbetering in die werksomgewing ooreenkomstig die doelwit om 'n bemagtigende werksomgewing daar te stel.
- Aansienlik verbeterde arbeidsbetrekkings, met geen gerapporteerde verlore werksdae weens industriële aksies nie.

- Verhoogde bewustheid van menseregte en sterker afdwinging daarvan in die werksplek, en gevolglik verlagings van die aantal insidente wat sodanige skending van menseregte behels.
- Verhoogde belegging in vaardigheidsontwikkeling en leerlingskappe.

**VIR DIE OMGEWING EN DIE GEMEENSAP**

- Beduidende verlagings in die verbruik van energie en water weens inisiatiewe wat gedurende die jaar geïmplementeer is.

**VOLHOUBAARHEIDSDOELWITTE VIR 2010**

Daar word voorsien dat die volgende doelwitte volhoubaarheid verder sal verhoog:

- Om alle aspekte van volhoubare bestuur te integreer in die strategiese en korporatiewe bestuursprosesse van die organisasie;
- Om volhoubaarheidsbeplanning, -uitvoering en -monitering regdeur die groep te versterk;
- Om die nakomingstruktuur en die belyning daarvan met die groep se risikobestuursproses, te versterk;
- Om die groep se etiese kodes te hersien en by alle prestasie-, nakomingsmoniterings- en evaluasieprosesse te inkorporeer;
- Om die groep se strategieë en moniteringsprosesse ten opsigte van veiligheid- en gesondheidsbestuur te belyn; en
- Om transformasiestrategieë en die uitvoering daarvan te hersien ten einde te verseker dat daar vordering gemaak word met die behalings van doelwitte in dié verband.

**EKONOMIESE IMPAK**

**STAAT VAN TOEGEVOEGDE WAARDE**

	2009		2008	
	R'm	%	R'm	%
<b>WAARDE GESKEP/TOEGEVOEG</b>				
Inkomste	11 157		7 640	
Beleggingsaktiwiteite (Rente en dividende ontvang)	4		26	
Bedrae betaalbaar aan verskaffers van goedere en dienste	(10 010)		(6 844)	
	1 151		822	
<b>WAARDE VERDEEL/BENUT</b>				
Salarisse, lone en voordele van werknemers en direkteure	376	33	308	38
Salarisse, lone en voordele	291	25	254	31
Aansporingskemas	85	7	54	7
Owerhede en belasting	168	15	85	10
Rente betaal	126	11	126	15
Beskikbaar vir aandeelhouers	481	41	303	37
Behou vir uitbreiding en groei	368	32	175	21
Dividende betaal	83	6	103	13
Voorsiening vir vervanging van bates	30	3	25	3
	1 151	100	822	100


**SOSIALE IMPAK**

**PRODUKVERANTWOORDELIKHED**

Senwes het 70 graanbergingsfasiliteite, waarvan almal HACCP (“Hazard Analysis and Critical Control Points”)-gesertifiseer is. Die silo’s deurloop gereelde oudits volgens ’n driejaarsiklus en gereelde onderhoud word gedoen ten einde besmetting te voorkom. PPECB (“Perishable Products Export Control Board”)-oudits is uitgevoer en alle silo’s is deur die Departement van Landbou as Voedselbesigheidsoperateurs gesertifiseer.


**VERDELING VAN WAARDE GESKEP**

**WAARDE DISTRIBUSIE 2009: R1 155 miljoen**



- Aandeelhouers 41%
- Personeel 33%
- Owerhede en belasting 15%
- Eksterne kapitaalverskaffers 11%

**WAARDE DISTRIBUSIE 2008: R822 miljoen**



- Aandeelhouers 37%
- Personeel 38%
- Owerhede en belasting 10%
- Eksterne kapitaalverskaffers 15%

### ARBEIDSPRAKTYKE EN ARBEIDSBETREKINGE

Alle Senwes werknemers geniet die reg van vryheid van assosiasie en is derhalwe vry om by enige vakbond van hul keuse aan te sluit. Daar is tans drie erkende vakbonde wat binne die maatskappy opereer, naamlik FAWU, Solidariteit en NUFBWSAW. 31% van alle permanente werknemers is geaffilieer by genoemde organisasies.

Geen arbeidsonrus of stakings is gedurende die finansiële jaar gerapporteer nie en geen handels- of werksdae is weens industriële aksies verloor nie. Kollektiewe bedingingsprosesse is suksesvol gebruik om die gladde verloop en spoedige afhandeling van loonverhogingsooreenkomste te verseker. Konstruktiewe verhoudings met vakbonde word in stand gehou en klem word daarop geplaas om proaktief op te tree ten einde risiko's te voorkom eerder as om dit te elimineer. Senwes is een van die grootste werkgewers in die graanbedryf en het die laagste dispuutkoers in die Bedingingsraad.

### MENSEREGTE

Menseregte binne Senwes word ondersteun deur die waardes van die organisasie, naamlik integriteit, aanspreeklikheid, innovering, besigheidsoriëntering, self-motivering en lojaliteit. Menseregte word deurlopend gemonitor en die skending daarvan word by wyse van die maatskappy se dissiplinêre prosesse hanteer. Slegs twee potensiële insidente van die skending van menseregte is gedurende die finansiële jaar gerapporteer en is op gepaste wyse hanteer.

Senwes het 'n beleid van nie-indiensneming van kinderarbeid, wat streng toegepas word regdeur die groep. Geen insidente van kinderarbeid of seksuele teistering is gedurende jaar gerapporteer nie.



### IMPAK OP WERKNEMERS

Senwes het 'n span van hoogs bekwame mense. Ons werknemers is ongetwyfeld die enkele mees belangrike bestanddeel in Senwes se suksesrekord tot op datum en word daarom geag 'n sleutelbater te wees. Senwes betoon besorgdheid teenoor sy personeel op die volgende wyses: Gesondheids-, veiligheids- en omgewingsaspekte, vergoeding en erkenning, ontwikkelingsaspekte en die verskaffing van 'n bemagtigende omgewing.

### GESONDHEIDS-, VEILIGHEIDS- EN OMGEWINGSINSIDENTE (SHE)

Die hoofdoelwit van 'n bedryfsgesondheids- en veiligheidsprogram is om die gesondheid en veiligheid van werknemers by hul werkspunt te verseker waar dit deur prosesse en produksie-aktiwiteite geraak kan word. Die fokus van hierdie program is die vermindering van bedryfsblootstelling geassosieer met graanverwerking, wat hoofsaaklik stof en geraas behels.

Oudiometrieëse ondersoekes word jaarliks op werknemers uitgevoer wat in geraassones werk en werknemers word van toepaslike gehoorbeskermingsapparaat voorsien. Die monitering van nakoming is ook geïmplementeer. Geen insident van verlies van gehoor is gerapporteer nie. Persone wat in gebiede werk waar die stofkonsentrasie hoër is as die bedryfsblootstellingsperk, word van toepaslike persoonlike stofbeskermingsapparaat voorsien. Longfunksietoetse word gereeld op werknemers gedoen ten einde te verseker dat hulle voortdurende gemonitor word ten opsigte van moontlike stofblootstelling. Senwes se veiligheidsprestasie het effens verswak gedurende die jaar onder oorsig en die aantal beserings wat persone ongeskik maak vir werk en wat verlore tyd tot gevolg gehad het, het verhoog. Die gevolg was verhoogde verlore werksdae.

## VEILIGHEIDSPRESTASIE

PRESTASIE-AANWYSER	PRESTASIE-UITKOMS 2009	PRESTASIE-UITKOMS 2008
• Verlore tyd-beserings (beserings wat afwesigheid tot gevolg het)	36	18
• DIFR (beserings wat ongeskiktheid tot gevolg het)	1,55%	0,82%
• Verlore man-dae	319 dae	149 dae
• Beserings wat nie verlore tyd tot gevolg het nie	28	21
• Opleiding: aantal werknemers wat formele SHE en brandbestrydingsopleiding ondergaan het (insluitend SHE induksie-opleiding vir alle nuwe werknemers)	163	101

## VERGOEDING EN ERKENNING

### Vergoedingsfilosofie

Senwes se vergoedingsfilosofie en -strategie het ten doel om talentvolle en presterende personeel te werf, aan te stel, te motiveer en te behou ten einde die groep se doelwitte te behaal. Die Senwes filosofie is om volhoubare langtermynprestasie aan te moedig, wat deurlopend bely is met die strategiese rigting en doelwitte van die besigheid.

### Vergoedingsbeleid en -struktuur

Die groep se vergoedingstruktuur bestaan uit vier sleutelemente wat ontwerp is om korttermyn- en langtermyn doelwitte te balanseer:

#### **Gewaarborgde vaste vergoeding**

Senwes se gewaarborgde vergoeding is gebaseer op 'n totale-koste-vir-maatskappybenadering, wat alle voordele insluit, en word jaarliks hersien. Dit word met die nasionale en provinsiale mark en verskeie sektore vergelyk en neem kollektiewe bedingingsooreenkomste en die uitkoms van prestasie-evalueringsprosesse in ag.

#### **Prestasiegebaseerde veranderlike vergoeding**

Dit sluit in prestasievergoedingstrukture soos kommissie en 'n aansporingskema gebaseer op ooreengekome prestasiedoelwitte.

#### **Korttermyninsentiewe**

Dit is 'n prestasiegebaseerde aansporingskema vir alle werknemers, met uitsondering van werknemers wat aan ander prestasiegebaseerde veranderlike vergoedingskemas deelneem. Die skema is afhanklik van die behaling van finansiële en ander relevante nie-finansiële prestasiedoelwitte van die groep, relevante afdeling of individu. Die skema inkorporeer 'n winsdelingskomponent indien die groep se finansiële doelwitte oorskry sou word.

#### **Langtermyninsentiewe**

Die skema is gemik op topbestuur, wat vir die strategiese rigting van die organisasie verantwoordelik is en moet toesien tot die behaling van langtermyn doelwitte en volhoubare

Die Senwes filosofie is om volhoubare langtermynprestasie aan te moedig, wat deurlopend bely is met die strategiese rigting en doelwitte van die besigheid

## BELEGGING IN VAARDIGHEIDS- ONTWIKKELING



Nie-blank 41%

Blank 59%

waardeskepping vir alle belanghebbendes. Deelname aan die skema word jaarliks deur die Menslike Hulpbronnekomitee oorweeg, op aanbeveling van die Besturende Direkteur, en deur die Direksie goedgekeur.

Senwes se vergoedingstruktuur word op 'n jaarlikse basis deur die Menslike Hulpbronnekomitee hersien. Die dienste van onafhanklike vergoedingskonsultante word in die proses gebruik, soos en wanneer nodig geag.

### Erkenning aan werknemers verskaf

Senwes bied 'n jaarlikse funksie aan ten einde erkenning te verleen aan uitsonderlike prestasie van spanne en individue by wyse van toekennings en kontantinsentiewe.

### MENSLIKE HULPBRONNEVOORSIENING EN ONTWIKKELINGSASPEKTE

PRESTASIE-AANWYSER	PRESTASIE-UITKOMS 2009	PRESTASIE-UITKOMS 2008
• Gemiddelde aantal werknemers vir die jaar	2 092	2 014
• Werknemeromset	10,7%	11,4%
• Belegging in vaardigheidsontwikkeling	R3,75 m	R3,04 m
• Vaardigheidsontwikkeling as persentasie van belasbare salarisrol	1,4%	1,2%
• Totale aantal deelnemers aan vaardigheidsontwikkelingsprogramme	1 163	905

### LEIERSKAP- EN BESTUURSONTWIKKELING

PROGRAM	DEELNEMERS 2009	DEELNEMERS 2008
• Uitvoerende Bestuursontwikkeling – Gespesialiseerde programme (Harvard)	6	3
• Uitvoerende Bestuursontwikkeling (WBS & GIBS)	6	2
• Gevorderde Bestuursprogramme (NWU)	1	0
• Middel-bestuursprogramme (NWU)	9	7
• Bestuursontwikkelingsprogramme (UOFS)	1	0
• Fundamentele Bestuursprogramme (NWU)	4	5

### LEERLINGSKAP- EN GEAKKREDITEERDE PROGRAMME

PROGRAM	DEELNEMERS 2009	DEELNEMERS 2008
• Nasionale Sertifikaat in Agri-handelsprosesse	4	9
• Nasionale Sertifikaat in Agri-verkope en -diens	4	5
• Nasionale Sertifikaat in Graanhanteringsprosesse	9	14
• Nasionale Sertifikaat in Graanhanteringsbestuur	9	10

### BEMAGTIGENDE WERKSOMGEWING

Daar word onverpoosd daarna gestreef om die werksomgewing te verbeter en om 'n uitstaande waardeproposisie aan werknemers te bied. Daar word op die volgende gefokus:

- Die skep van 'n bemagtigende en ondersteunende werksomgewing;



Die Senwes Akademie bied verskeie geakkrediteerde leerlingskappe aan wat werknemers in staat stel om 'n formele, beroepsgerigte NQF-kwalifikasie te ontvang terwyl hul voltyds werk en ervaring in die werksrigting van hul keuse opdoen.

Altesaam 40 leerlinge het in 2009 sertifikate op NQF 2-vlak (agri-handelsprosesse/graan-hanteringsprosesse) en NQF 4-vlak (agrivarkope en -dienste) ontvang.

Hier is een van die groepe wat suksesvol was.

- Verskaffing van uitdagende werks- en groeieleenthede;
- Om die betrokkenheid van werknemers te verkry en hulle aan te moedig by wyse van deurlopende kommunikasie;
- Die ontwikkeling van 'n bekende en gerespekteerde handelsmerk; en
- Kompeterende vergoeding.

Senwes het vir die vierde agtereenvolgende jaar aan die Deloitte se *Best Company to Work For*-opname deelgeneem en 'n 18de plek uit 48 deelnemers in die kategorie vir medium-grootte maatskappye behaal.

## OMGEWINGSIMPAK

Senwes aanvaar sy rol as 'n verantwoordelike rentmeester van die omgewing waarin dit besigheid bedryf en sal te alle tye sy besigheid op so 'n wyse bedryf dat dit ekologies en sosiaal aanvaarbaar is. Die volgende aspekte word deurlopend gemonitor:

PRESTASIE-AANWYSER	PRESTASIE 2009	PRESTASIE 2008	%
Totale energieverbruik (kW/u)	<b>24,363,541 kW/u</b>	25,230,931 kW/u	- 3,44%
Totale energieverbruik (kVa)	<b>152,079 kVa</b>	157,633 kVa	- 3,52%
Waterverbruik	<b>99,972 kl</b>	111,442 kl	- 10,29%
Afvalpapier	<b>53,244 kg</b>	27,433 kg	+ 94%
Omgewingsverwante klagtes/insidente	<b>Geen</b>	Geen	Geen

Die verhoogde afvalpapiersyfer kan toegeskryf word aan 'n ontruimingsoefening ten opsigte van verouderde dokumentasie in een van die sleutelafdelings. Energieverbruik het met 3,44% (kW/u) en 3,52% (kVa) respektiewelik verlaag, weens die implementering van

energie-effektiewe stelsels en toerusting, terwyl waterverbruik met 10,29% verlaag het weens die vervreemding van industriële fasiliteite met 'n hoë waterverbruik sowel as waterbesparingsprogramme wat geloods is. 'n Nuwe lugreëlingstelsel is by Hoofkantoor geïnstalleer en sal na verwagting energieverbruik verder verlaag. Rugsteun energieverkaffing is beskikbaar by geselekteerde strategiese besigheidspunte, insluitend Hoofkantoor, geselekteerde silo's en handelswinkels, sowel as vulstasies ten einde kontinuïteit ten opsigte van dienste te verseker in die geval van beurtkragtoepassing, gegewe die probleme wat deur Eskom ondervind is.



## BEMAGTIGING

### BBSEB TELKAART SOOS OP EINDE APRIL 2009

PRESTASIE-AANWYSER	2009		2008	
	GEWEEGDE PUNTE	SENWES PRESTASIE	GEWEEGDE PUNTE	SENWES PRESTASIE
Eienaarskap	23	20,02	23	20,02
Bestuursbeheer	11	3,23	11	3,48
Gelyke geleentheid	15	0,00	15	2,18
Vaardigheidsontwikkeling	15	1,86	15	2,76
Voorkeurverkryging	20	6,97	20	12,47
Ondernemingsontwikkeling	15	12,90	15	7,52
Sosiale ontwikkeling	6	2,08	6	2,56
<b>Totale telling</b>	<b>106</b>	<b>47,06</b>	<b>106</b>	<b>50,90</b>
Bydraersvlak – status	6		6	

**Senwes aanvaarsy rol as 'n verantwoordelike rentmeester van die omgewing waarin dit besigheid bedryf**

Alhoewel die totale telling met 3,84 punte gedaal het, bly Senwes 'n vlak-6 bydraer. Die hoofbydraers tot die daling is Voorkeurverkryging, wat jaar-op-jaar met 5,5 punte gedaal het. Dit vloei voort in die verskil in die mengsel van aankope jaar-op-jaar. Betekenisvolle vordering is gemaak ten opsigte van ondernemingsontwikkeling en dit het met 5,38 punte verhoog. Senwes se strategiese fokus het na gelyke geleentheid en vaardigheidsontwikkeling geskuif. Dit bly 'n uitdaging, en strategieë is aanvaar en geïmplementeer om die gestelde doelwitte te behaal. Die junior- en middelbestuurskategorieë bied die grootste uitdaging ten opsigte van transformasie. Dit is die gebied waarin die effek van skaars vaardighede en die "talentoorlog" die meeste in die bedryf ervaar word.

**SAMESTELLING VAN WERKERSKORPS**

BEHEER EN BESTUUR	2009		2008	
	TOTAAL SWART	SWART VROUE	TOTAAL SWART	SWART VROUE
• Direksie	21%	7%	31%	8%
• Senior bestuur	13%	0%	19%	0%
• Middelbestuur	13%	1%	13%	2%
• Junior bestuur en spesialiste	11%	5%	10%	2%

**ONDERNEMINGSONTWIKKELING**

Ondernemingsontwikkelingspogings is op opkomende en ontwikkelende boerderybedrywe gefokus. 17 individuele opkomende boere het aan die program deelgeneem. 1 534 hektaar sonneblom en mielies is gedurende die 2008/09 produksiejaar beplant, wat 'n verhoging van 104% jaar-op-jaar verteenwoordig. R10 miljoen is op produksiefinansiering en ondersteuningsdienste vir opkomende boere bestee. Tegniese landboukundige ondersteuning in die vorm van landboukundige, grondwetenskaplike, landbouwetenskaplike en lewende hawespesialistiekennis is aan die boere gebied. Produksiefasiliteite en oes-versekering is verskaf en graanopbergings- en afnemoerooreenkomste is met die boere aangegaan ten einde marktoegang te verseker. Daarbenewens is ervare kommersiële boere aangewys as mentors. Opkomende boere is ook geborg om die 2008 Agri-Vooruitskouingskonferensie by te woon.



*'n Groep opkomende boere ontvang opleiding by Senwes. Johan du Toit, Bestuurder: Landboudienste is aan die woord.*

**SEKTORALE BORGSKAP**

Senwes het agt nasionale kongresse van landbouorganisasies in die landboubedryf, twaalf provinsiale kongresse en 170 distriks- en plaaslike boereverenigings gedurende die jaar onder oorsig geborg.

NASIONALE ORGANISASIES	PROVINSIALE ORGANISASIES
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Agri SA</li> <li>• National African Farmers Union</li> <li>• Agri Vooruitskouingskonferensie</li> <li>• Aartappels SA</li> <li>• Landbou Besigheidskamer</li> <li>• Nasionale Meulenaarskamer</li> <li>• Graanhanteringsorganisasie SA</li> <li>• Graan SA</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Agri Noordwes</li> <li>• Vrystaat Landbou-unie</li> <li>• Agri Noord-Kaap</li> <li>• Agri Noordwes Jongboerekongres</li> <li>• Vrystaat Landbou-unie Jongboerekongres</li> <li>• Nasionale Wolproducentevereniging (Vrystaat)</li> <li>• Rooivleis Producentevereniging (Noordwes)</li> <li>• Sensako</li> <li>• Noordwes Vroue Landbou-unie</li> <li>• Vrystaat Vroue Landbou-unie</li> <li>• Graan SA (streeksvergaderings)</li> <li>• Hebron Koringdag</li> </ul>

## VERNUWING VAN HANDELSMERK

Na deeglike navorsing en uitgebreide konsultasie, wat in September 2007 begin is, is die nuwe Senwes handelsmerk amptelik op 19 September 2008 geloods. Die loodsing het by Senwes Park, die provinsiale krieketstadion en "hoofkwartier" van die Noordwes Krieketvereniging plaasgevind.

Huidige marktendense en die maatskappy se doelwitte is nagevors in die soeke na 'n nuwe handelsmerk wat 'n onbeskroomde en beter Senwes sou illustreer. Die veranderinge in die maatskappy se korporatiewe identiteit sluit alle aspekte in vanaf die logo, kentekens, lettertipes en interne kommunikasie tot advertensies. Die duidelike en sterk nuwe logo is 'n uitstekende voorbeeld van ware eenvoud en inspirerende simboliek.

## TOEKENNINGS ONTVANG IN 2008/09

Toekennings gedurende die jaar wat prestasie binne die betrokke gemeenskap illustreer is onder andere:

- 'n Goue toekenning vanaf Agri Noordwes vir die beste verskaffer van landbou-insette en -dienste in die provinsie;
- 'n Toekenning vanaf Agri Gauteng vir die belangrike rol wat Senwes speel in die ontwikkeling van opkomende boere in die Gauteng provinsie;
- Die Beste Krieketontwikkelingsprojek toekenning vanaf Noordwes Krieket vir die rol wat Senwes met die Spinners-projek speel in die ontwikkeling van krieket in landelike skole in die Noordwes en Vrystaat;
- Senwes het 'n toekenning ontvang vir die "North West PMR Gold Arrow 1st Overall leader and achiever in agricultural (crop) sector"-kategorie en die "Tractor and implement farming dealers"-kategorie;
- Senwes het ook die "Free State PMR Gold Arrow 1st Overall Award for Supplier of agricultural equipment and products" ontvang; en
- Die "Free State PMR Gold Arrow 2nd Overall Award for tractor and implement farming dealer's category" is ook deur Senwes ingepalm.

## KORPORATIEWE SOSIALE BELEGGING

As verantwoordelike korporatiewe burger glo Senwes daaraan om terug te gee aan die gemeenskap waarin dit besigheid bedryf en dit is in die vorm van 'n aantal projekte gedoen. Die volgende suksesvolle borgskappe, gesamentlike borgskappe en ontwikkelingsprojekte is van toepassing:

### SPORTPROGRAMME

Senwes Spinners Krieketontwikkelingsprogram; Wêreldbeker "Six a Side"; Ottosdal Nagmarathon; Studiebeurse – Spinners projek; Plattelandse Skole-atletiek; Plattelandse Skolekrieket.

### BESIGHEIDSONTWIKKELINGSPROGRAMME

Senwes Entrepreneurskapontwikkeling; Senwes Jongboer Toekomsfokus; Wetenskap-, Ingenieurswese- en Tegnologiekamp; Entrepreneurskapontwikkeling; Royal Bafokeng SMME ontwikkeling;

Entrepreneursontwikkeling vir ontwikkelende boere deur ITO Focus en Agri SETA.

### GEMEENSKAPSPROGRAMME

Rethabile Tehuis; Village Geldinsamelings-gholfdag vir KLOPP, Olympia Primêre Skool en Zephyros Provinsiale Blaasorkes.



Joe Maswanganyi

**Hoofbestuurder: Korporatiewe Dienste**

# AANDEELHOERSVERSLAG

## VERDELING VAN AANDELE

PORTEFEULJEGROOTTE	2009				2008			
	AANDEEL- HOERS	%	GETAL AANDELE	%	AANDEEL- HOERS	%	GETAL AANDELE	%
1 - 1000	1 027	31,0	369 078	0,2	1 079	31,0	385 653	0,2
1001 - 5000	727	21,9	1 844 161	1,0	762	21,9	1 929 785	1,1
5001 - 30 000	1 150	34,7	16 108 254	8,9	1 210	34,8	16 957 601	9,4
30 001 - 100 000	348	10,5	16 897 005	9,3	365	10,5	17 610 613	9,7
100 001 en meer	63	1,9	145 570 810	80,5	66	1,9	143 905 656	79,6
<b>TOTAAL</b>	<b>3 315</b>	<b>100</b>	<b>180 789 308</b>	<b>100</b>	<b>3 482</b>	<b>100</b>	<b>180 789 308</b>	<b>100</b>


### VYF GROOTSTE AANDEELHOERS

Senwesbel Beperk	68 604 679	37,9%	Bafokeng Konsortium
Royal Bafokeng Agri Investments (Pty) Ltd	31 896 503	17,6%	
Treacle Nominees (Pty) Ltd	27 118 718	15,0%	
Industrial Development Corporation of SA (Treacle)*	3 700 087	2,0%	
Gardenview Nominees (Pty) Ltd	1 711 717	0,9%	


\*Aandele privaat besit buite Konsortium ooreenkoms.

## PRESTASIE VAN AANDEELPRYS

AANDEELPRYS: VERHANDELINGSWAARDE VS NETTO BATEWAARDE (SENT PER AANDEEL)



WAARDESKEPPING EN WAARDE-ONTSLUITING VIR AANDEELHOERS DEUR KAPITAAL EN DIVIDENDE SEDERT 2004 (SENT PER AANDEEL)



### AANDEELHOERSDAGBOEK

Finansiële jaareinde	30 April 2009
Aankondiging van resultate	1 Julie 2009
Inligtingsvergaderings	Gedurende Julie en Augustus (datums sal gekommunikeer word)
Algemene Jaarvergadering	27 Augustus 2009
Betaling van finale dividende	10 September 2009

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

## SENWES BEPERK

(REGISTRASIENOMMER 1997/005336/06)

("DIE MAATSKAPPY")

**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat die dertiende Algemene Jaarvergadering van lede van die Maatskappy op Donderdag, 27 Augustus 2009 om 11:00 in **Kamer A, Konferensiesentrum, Senwes Hoofkantoor, Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp** gehou sal word om die onderstaande aangeleenthede af te handel:

### A. VOORLEGGING VAN FINANSIËLE STATE

Om die finansiële state van die Maatskappy vir die tydperk geëindig 30 April 2009, soos goedgekeur deur die direksie, aan die vergadering voor te lê vir kennisname.

### B. GEWONE BESLUIE

1. Om die heraanstelling van die ouditeure, Ernst & Young Ing., tot die volgende algemene jaarvergadering, te oorweeg en goed te keur.
2. Om die vergoeding van die ouditeure soos in die finansiële state (bladsy 61) uiteengesit, te oorweeg en goed te keur.
3. Om in terme van artikel 28.5 van die Maatskappy se statute die voorgestelde vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure vanaf 1 Oktober 2009, soos vervat in die verduidelikende aantekeninge, hieronder in D uiteengesit, te oorweeg en goed te keur.
4. Om die gemagtigde maar onuitgereikte aandele in die Maatskappy onder die beheer van die direksie te plaas met bevoegdheid om die aandele of 'n gedeelte daarvan, na hulle goeddunke, maar onderhewig aan die bepalinge van artikel 221 van die Maatskappywet, 1973, ("die Wet") soos gewysig, uit te reik en toe te ken.
5. Om die aanbeveling van die Direksie dat 'n dividend van 30 sent per aandeel in ooreenstemming met artikel 38.1 van die Maatskappy se statute verklaar word, te aanvaar (In terme van artikel 38.7 van die Maatskappy se statute mag die Algemene Vergadering nie 'n groter dividend as wat die direksie aanbeveel het, verklaar nie) (Sien verduidelikende aantekeninge asook belangrike datums in E hieronder).

### 6. VERKIESING VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

Om direkteure te verkies in die plek van die nie-uitvoerende direkteure, wat in terme van die rotasiebepalinge van die Statute uittree.

In terme van die Statute, moet Mnre. JAE (Jannie) Els, AJ (Dries) Kruger, J (Jacob) Mashike en JDM (Danie) Minnaar by wyse van rotasie uittree.

Al hierdie direkteure was beskikbaar vir herverkiesing vir 'n verdere ampstermyn en is as uittreedende direkteure outomaties genomineer vir die bestaande vier vakatures op die Direksie.

Die besonderhede van die kandidate is as volg:

#### 6.1 Besluit 6.1: Besluit dat mnr JAE Els herverkies word as nie-uitvoerende direkteur.

##### Verkorte curriculum vitae:

<b>Volle name en van:</b>	Jan Adriaan Ebersohn Els (Jannie)
<b>Adres:</b>	Bloemhof, Posbus 127, Heilbron, 9650
<b>Geboortedatum en ouderdom:</b>	21 Februarie 1946, 63 jaar
<b>Diensjare:</b>	9 jaar, sedert Oktober 2009
<b>Kwalifikasies:</b>	Landboudiploma

<b>Ervaring en vorige posisies:</b>	Jannie was direkteur van Sentraalwes Koöperasie vanaf Mei 1984 tot Maart 1998 en is direkteur van Senwes Beperk sedert Oktober 2000. Hy het ook op die direksies van Vetsak en Sensako gedien. Jannie was ook vir etlike jare lid van die dagbestuur van die Vrystaatse Landbou-unie asook Voorsitter van die Veiligheidskomitee.
<b>Huidige direkteurskappe en ander posisies:</b>	Direkteur van Senwes en Senwesbel Beperk, Direkteur van Vegkop Slagveld Terrein 10-2005.
<b>Senwes direksiekomitees:</b>	Lid van Menslike Hulpbronnekomitee.
<b>Addisionele inligting:</b>	Jannie boer voltyds in die Heilbron en Bothaville distrikte.
<b>Kontakbesonderhede:</b>	Tel nr: (058) 853 0464 Sel nr: 082 820 5151 E-pos: jalida@gmail.com

**6.2 Besluit 6.2:** Besluit dat mnr AJ Kruger herverkies word as nie-uitvoerende direkteur.

**Verkorte curriculum vitae:**

<b>Volle name en van:</b>	Andries Jacobus Kruger (Dries)
<b>Adres:</b>	Presidentstraat 41, Posbus 206, Kroonstad, 9500
<b>Geboortedatum en ouderdom:</b>	1 Junie 1951, 57 jaar
<b>Diensjare:</b>	2 jaar
<b>Kwalifikasies:</b>	B Compt (Hons), GR(SA), Professionele Waardeerder
<b>Ervaring en vorige posisies:</b>	Geregistreerde ouditeur en rekenmeester, wat sedert 1976 praktiseer te Kroonstad. Dries spesialiseer in boerderybedrywe en boedelbeplanning. Stadsraadslid van die Kroonstad Munisipaliteit van 1988 tot 2000. Gedurende die termyn dien as Burgermeester, Voorsitter van die Uitvoerende Komitee, Trustee van die Vrystaatse Munisipale Pensioenfonds en die Vrystaatse Munisipale Voorsorgfonds. Hy was ook Bestuurslid van die Nasionale Munisipale Werkgewersorganisasie.
<b>Huidige direkteurskappe en ander posisies:</b>	Direkteur van Senwesbel Beperk; Trustee van die Gereformeerde Kerke van SA Pensioenfonds. Direkteur van Maatskappye en Trustee van verskeie Trusts.
<b>Senwes direksiekomitee:</b>	Senwes Ouditkomitee
<b>Addisionele inligting:</b>	Dries boer deelyds saam met sy seun.
<b>Kontakbesonderhede:</b>	Tel nr: (056) 212 3184 Sel nr: 083 443 8053 E-pos: dries@smitkruger.co.za

**6.3 Besluit 6.3:** Besluit dat mnr J Mashike herverkies word as nie-uitvoerende direkteur.

**Verkorte curriculum vitae:**

<b>Volle name en van:</b>	Jacob Mashike
<b>Adres:</b>	Suite 5, Gleneagles Kantoorpark, Grosvenorweg 52, Bryanston, 2191
<b>Geboortedatum en ouderdom:</b>	20 Maart 1967, 42 jaar
<b>Diensjare:</b>	3 jaar

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

<b>Kwalifikasies:</b>	B.Sc (Eng) Chem, MBL
<b>Ervaring en vorige posisies:</b>	Jacob het sy loopbaan in finansies in 1993 begin by die Industriële Ontwikkelingskorporasie waar hy grootliks betrokke was in krediet en finansiering met aandeelkapitaal. In besonder het hy omvangryke ervaring in kredietrisiko-evaluasie opgedoen, asook in die strukturering van skuld en aandeelkapitaalbeleggings. In 2000 het hy by CDC Capital Partners aangesluit, 'n staatsbeheerde private aandeelkapitaalfirma in die Verenigde Koninkryk, wat gefokus het op beleggings in ontwikkelende markte. Hy verlaat CDC Capital Partners in 2001 om sy eie besigheidsbelange na te streef.
<b>Huidige direksieskappe en ander posisies:</b>	Jacob het op verskeie direksies van ongenoteerde maatskappye in die finansiële-, mediese sorg- en dienstesektore gedien, voordat hy by Treacle aangesluit het in April 2005. Jacob dien tans ook as nie-uitvoerende direkteur op die direksie van Robertson & Caine (Edms) Beperk.
<b>Senwes direksiekomitee:</b>	Risikokomitee
<b>Kontakbesonderhede:</b>	Tel nr: (011) 463 7476 Sel nr: 082 605 1397 E-pos: <a href="mailto:jacob@treacle.co.za">jacob@treacle.co.za</a>

#### 6.4. Besluit 6.4: Besluit dat mnr JDM Minnaar herverkies word as nie-uitvoerende direkteur.

##### Verkorte curriculum vitae:

<b>Volle name en van:</b>	Jan Daniël Marquard Minnaar (Danie)
<b>Adres:</b>	Springboklaagte, Posbus 7165, Kroonpark, 9502
<b>Geboortedatum en ouderdom:</b>	30 Januarie 1965, 44 jaar
<b>Diensjare:</b>	10 Jaar
<b>Kwalifikasies:</b>	B Com
<b>Ervaring / vorige posisies:</b>	As voormalige Voorsitter van die VLU Jongboerkomitee was Danie betrokke by die bekendstelling en promovering van graanbemarking op SAFEX. Hy is tans lid van GSA en Vrystaat Landbou.  Danie is jare lank deel van die landbousektor en verteenwoordig onder andere produsente wat witmielies produseer, op die Mielie Trust. Danie is tans die Voorsitter van Senwesbel Beperk.
<b>Huidige direksieskappe en ander posisies:</b>	Senwes Beperk, Senwesbel Beperk, Graan Silo Industrie en Trustee van die Mielie Trust.
<b>Senwes direksiekomitees:</b>	Oudit- en Standaardekomitee, asook Voorsitter van die Menslike Hulpbronnekomitee
<b>Kontakbesonderhede:</b>	Tel nr: (056) 212 4007 Sel nr: 082 411 9979 E-pos: <a href="mailto:danie@compuking.co.za">danie@compuking.co.za</a>

##### **BELANGRIKE INLIGTING:**

Geen ander persoon, behalwe die uittredende direkteur, kan as direkteur verkies word nie, tensy sodanige persoon vooraf ingevolge artikel 30.7 van die statuut genomineer is. Nominasies van persone wat ingevolge die

Maatskappywet en die statute van die Maatskappy bevoeg is om as direkteure te dien, kan gedoen word op die voorgeskrewe vorm wat by die Maatskappysekretaris verkrygbaar is.

Voltooid nominasievorms moet minstens 30 dae voor die vergaderingdatum by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy (vir aandag: Die Maatskappysekretaris) ingedien word.

## C. SPESIALE BESLUIE

### 1. ALGEMENE MAGTIGING VIR DIE TERUGKOOP VAN AANDELE

“Spesiale besluit nr. 1

DAT die maatskappy gemagtig word, by wyse van ‘n algemene magtiging soos bedoel in artikels 85(2) en 85(3) van die Maatskappywet, 1973 soos gewysig (“die Wet”), om –

- uitgereikte aandele in die kapitaal van die maatskappy terug te koop;
- aandele in die maatskappy se houermaatskappy (indien enige) te koop; en
- die koop van aandele in die maatskappy deur ‘n filiaal van die maatskappy toe te laat,

soos en wanneer nodig geag, en op sodanige terme en voorwaardes en in sodanige bedrae, as wat die direkteure van die maatskappy van tyd tot tyd mag bepaal, maar onderworpe aan die statute van die maatskappy en die bepalings van die Wet.”

*Die rede vir en effek van spesiale besluit nommer 1 is om ‘n hernubare algemene magtiging aan die maatskappy te verleen om uitgereikte aandele van die maatskappy terug te koop, om die koop van aandele in die maatskappy deur ‘n filiaal van die maatskappy toe te laat en om toe te laat dat die maatskappy aandele koop in ‘n houermaatskappy van die maatskappy.*

## D. VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE RAKENDE GEWONE BESLUIE:

### GEWONE BESLUIT 3: DIREKTEURVERGOEDING AAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

Lede word versoek om die voorgestelde vergoeding betaalbaar aan nie-uitvoerende direkteure met ingang van 1 Oktober 2009, soos hieronder uiteengesit, te oorweeg en goed te keur. Die jaarlikse vergoeding behels ‘n verhoging van 8% vir die Voorsitter en Ondervoorsitter, en 10% vir die ander direkteure, teenoor die vorige jaar se vergoeding.

Ingevolge artikel 28.5 van die statute is die nie-uitvoerende direkteure geregtig op direkteursvergoeding, soos wat lede mag bepaal. Die besonderhede van die vergoeding betaal in 2008 is beskikbaar in die finansiële state.

Hierdie vergoeding word deur die Raad van Direkteure bepaal na deeglike marknavorsing deur die Menslike Hulpbronnekomitee, waarna dit aanbeveel word vir goedkeuring deur lede:

KATEGORIE	VOORGESTELDE VERGOEDING 2009 R
Voorsitter (per jaar)	312 660
Ondervoorsitter (per jaar)	219 240
Direkteure (per jaar)	138 270
Direksiekomitees (per vergadering bygewoon)	10 000
Spesiale projekte	2 600
Voorsitter (per vergadering bygewoon):	
Ouditkomitee	15 000
Ander direksiekomitees	12 000
Reiskoste (heersende AA tarief gebaseer op die waarde van ‘n voertuig bo R400 000 met ‘n enjinkapasiteit van 2501 tot 3000cc en 45 000 km of meer per jaar afgelê)	Ongeveer R4,40 per km
Reis en Verblyf	Werklike uitgawes

## E. GEWONE BESLUIT 5: FINALE DIVIDEND AANBEVEEL

Lede word versoek om 'n aanbeveling van 'n finale dividend van 30 sent per aandeel goed te keur.

Belangrike datums vir houers van gewone aandele

	DATUM 2009
Bekragtiging van dividend	Donderdag, 27 Augustus
Rekorddatum vir dividend	Donderdag, 27 Augustus om 8:00
Betaaldatum dividend	Donderdag, 10 September

### BELANGRIKE ALGEMENE NOTAS:

- Alle lede is geregtig om die vergadering by te woon en daarop te stem. Vir doeleindes van die vergadering sal die lederegister van die Maatskappy soos op Dinsdag, 25 Augustus 2009 bepaal wie lede is.
- 'n Lid wat nie in staat is om die vergadering by te woon nie, mag 'n gevolmagtigde aanstel om hom/haar op die vergadering te verteenwoordig en namens hom/haar daarop te praat en te stem.
- 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die Maatskappy te wees nie.
- **'n Volmagvorm word hierby ingesluit. Volmagvorms kan ook na keuse van die lid elektronies ingedien word.**
- Lede wat verkies om by wyse van volmag teenwoordig te wees en te stem –
  - i) moet die volmagvorm ooreenkomstig die instruksies op die keersy van die dokument voltooi en voor of op Dinsdag, **25 Augustus 2009 om 11:00** inhandig by of terugstuur aan die Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 by wyse van faks of per pos, vir aandag die Maatskappysekretaris. Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570. Faks nrs. 086 680 3124 of (018) 464 2228.

### OF

- ii) kan die volmagte elektronies indien via die Internet. Vir hierdie doel kan die volgende webtuiste gebruik word: **[www.senwes.co.za/agm](http://www.senwes.co.za/agm)**. Die notas op die keersy van die ingeslote volmagvorm rakende die voltooiing van volmag is mutatis mutandis van toepassing op die elektroniese volmagvorms.
- Nominasievorms vir die verkiesing van direkteure sal by die Maatskappysekretaris op aanvraag beskikbaar wees vanaf 31 Julie 2009.

In opdrag van die Direksie van die Maatskappy.



EM Joynt (mev)  
Maatskappysekretaris

Tel nr. (018) 464 7104

26 Junie 2009  
Klerksdorp

# ALGEMENE JAARVERGADERING: 27 AUGUSTUS 2009

## VOLMAG

**SENWES BEPERK (REGISTRASIENOMMER 1997/005336/06)**  
**("DIE MAATSKAPPY")**

Ek/ons (drukskrif) \_\_\_\_\_  
 (naam van aandeelhouer)

Aandeelhouders en/of Senwes klant nr: \_\_\_\_\_ Tel en/of Sel nr: \_\_\_\_\_  
 van \_\_\_\_\_  
 (adres)

synde 'n lid/lede van die Maatskappy, stel hierby:

\_\_\_\_\_ (naam van gevolmagtigde)  
 van \_\_\_\_\_  
 (adres)

of indien nie hy nie \_\_\_\_\_ (naam van gevolmagtigde)

van \_\_\_\_\_ (adres)

of indien nie hy nie, die voorsitter van die vergadering as my/ons gevolmagtigde aan om op die Algemene Jaarvergadering van die maatskappy wat gehou staan te word op 27 Augustus 2009 en enige verdagting daarvan, soos volg namens en ten behoeve van my/ons te stem:

	TEN GUNSTE VAN	TEEN	BUIE STEMMING
1. Gewone besluit nr 1 (aanstelling ouditeure)			
2. Gewone besluit nr 2 (ouditeursvergoeding)			
3. Gewone besluit nr 3 (direkteursvergoeding)			
4. Gewone besluit nr 4 (onuitgereikte aandele onder beheer van direksie)			
5. Gewone besluit nr 5 (goedkeuring van aanbevole dividend)			
6.1 Gewone besluit 6.1 (herverkiesing van JAE Els)			
6.2 Gewone besluit 6.2 (herverkiesing van AJ Kruger)			
6.3 Gewone besluit 6.3 (herverkiesing van J Mashike)			
6.4 Gewone besluit 6.4 (herverkiesing van JDM Minnaar)			
7. Spesiale besluit nr 1 (algemene terugkoop van aandele)			

(Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruis in die toepaslike ruimte hierbo voorsien)

Tensy anders opgedra, kan my/ons gevolmagtigde stem soos hy goeddink. Hierdie volmag sal tydens die vergadering ook as stembrief dien.

GETEKEN te \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 2009.

\_\_\_\_\_  
**Bygestaan deur** (waar toepaslik)

\_\_\_\_\_  
**Handtekening**

Indien volmag namens 'n regs persoon onderteken word, dui hoedanigheid aan, bv. Direkteur, Lid van BK, Trustee van 'n Trust

**NOTAS:**

1. 'n Lid is geregtig om die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die lid se keuse in die toepaslike ruimte op die keersy in te vul, met of sonder skrapping van "die voorsitter van die vergadering", maar enige sodanige skrapping moet deur die lid geparafeer word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm staan, en wat by die algemene vergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree tot die uitsluiting van diegene waarvan die name daarop volg. Indien die naam van geen gevolmagtigde in die blanko ruimtes ingevul word nie, sal geag word dat die voorsitter van die vergadering gevolmagtig is om namens die lid op te tree.
2. Na die mate waarin geen stemopdrag deur die lid in die toepaslike ruimte(s) aangedui word nie, sal geag word dat die gevolmagtigde, wat dus ook die voorsitter kan wees, na eie goeddunke mag optree.
3. Enige wysiging of toevoeging tot die volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.
4. Dokumentêre bewys van die magtiging van 'n persoon wat die volmagvorm in verteenwoordigende hoedanigheid teken, kan vereis word.
5. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die betrokke dokumentêre bewyse vir sy/haar bevoegdheid aan die maatskappy voorgelê is of word.
6. Boedels wat op die stemlys voorkom, mag slegs deur middel van die betrokke eksekuteur / likwidaatour / kurator stem by voorlegging van bewys van aanstelling deur die Meester van die Hoërhof. Indien deur middel van 'n volmag gestem word, moet bogenoemde bewys die volmag vergesel.
7. In die geval van gesamentlike houers van aandele:
  - 7.1 mag enige een van die gesamentlike houers die volmagvorm teken; en
  - 7.2 sal die stem van die senior gesamentlike houer (vir hierdie doeleindes sal senioriteit bepaal word deur die volgorde waarin die name van die gesamentlike houers in die maatskappy se lederegister aangeteken is) wat 'n stem aanbied (hetsy in persoon of by wyse van volmag) aanvaar word tot die uitsluiting van die ander gesamentlike houer(s).
8. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm verhoed nie die betrokke lid om die algemene vergadering by te woon, daarop te praat en persoonlik daarop te stem nie tot die uitsluiting van enige gevolmagtigde hieringevolge aangestel, indien sodanige lid aldus verkies is.
9. **Volmagvorms moet aan die Maatskappysekretaris van die maatskappy, mev EM Joynt, by die geregistreerde kantoor van die maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 (Posbus 31, Klerksdorp, 2570), besorg word om haar te bereik nie later nie as 11:00 op Dinsdag, 25 Augustus 2009. Volmagvorms kan ook aan die Maatskappysekretaris per faks gestuur word by faks nrs. 086 680 3124 of (018) 464 2228 voor of op bogemelde datum.**

# KORPORATIEWE INLIGTING

SENWES BPK  
Reg nr: 1997/005336/06

**POSADRES**

Posbus 31, KLERKSDORP, 2570

**GEREGISTREERDE KANTOOR**

Charel de Klerkstraat 1  
KLERKSDORP, 2571  
Telefoon: (018) 464-7800  
Telefaks: (018) 464-2228

**AUDITEURE**

Ernst & Young Ingelyf  
Posbus 2322  
JOHANNESBURG  
2000

**AANDELEVERHANDELINGSKAMER**

Aandag: Die Maatskappysekretaris  
Senwes Bpk  
Posbus 31  
KLERKSDORP, 2570  
Telefoon: (018) 464-7105

**OORDRAGSEKRETARIS**

Aandag: Die Maatskappysekretaris  
Senwes Bpk  
Posbus 31  
KLERKSDORP, 2570  
Telefoon: (018) 464-7121

**FINANSIER-VENNOTE**

ABSA Bank Bpk (ABSA)  
Standard Bank Bpk (SBSA)  
Wesbank

WEBWERF:  
Elektroniese weergawe by  
[www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)

TOLVRYE NOMMER  
080 941 4011

